Die vervulling van die Bloedrivier Gelofte.

Is die Bloedrivier Gelofte vervul met die bou van die eerste Voortrekkerkerk?

Deur P.R. Swanepoel

2/10/2012

Inhoud: **Bladsy**

1. Inleidend. 2
1.1 Outentieke Gelofte in *De Zuid-Afrikaan 15 Feb.1839* 2
1.2 Outentieke Gelofte in *De Zuid-Afrikaan 14 Juny 1839* 3
1.3 Verkeerde Gelofte 3
1.4 Probleemstelling 3
2. Huidige status 4
3. Ondersoek 5
A. Onderhouding van die Gelofte 5
B. Vanselfsprekende kerklike betrokkenheid 6
i. Bou en stig 6
ii. Plek van aanbidding 7
iii. Kerkstaat 8
C. Geloftekerk of Gereformeerde kerk 9
D. Ander Getuienis – Paardekraal gelofterede 11
E. Gereformeerde kerk, Pastorie kerk en verkoopte kerk 13
F. Ander betekenis van die Stigting van ‘n Huis 15
4. Die ontleding van die Gelofte 17
A. Die Inleiding 17
B. Die Voorwaarde 17
C. Die Gelofte 17
1) Die Stigting van ‘n Huis, Teokrasie of Kerkgebou? 18
2) Tot nagedagtenis van Sy Groot Naam waar dit Hom behaag 19
3) Om Sy hulp en bystand af te smeek 23
D. Die ondernemings 24
1. in een boek zullen aantekenen 24
2. om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laaste nageslachten, 24
3. op dat het ter eer van God gevierd mag worden. 24
5. Skriftuurlike Verantwoordbaarheid 25
6. Finale gevolgtrekking en aanbevelings 25
7. Bylae 1- Die outentieke Gelofte van Bloedrivier 27
8. Bylae 2 - Gelofterede, Paul Kruger, Paardekraal 2009 80

1. Inleidend

Die meerderheid volksgenote is onder die indruk dat die Gelofte van Bloedrivier [9-16 Des. 1838] vervul is met die bou van die sogenaamde Geloftekerk in Pietermaritzburg.

Of dié Gelofte wel vervul is met die bou van dié kerk wat ook as die Voortrekkerkerk bekend staan, is 'n ope vraag. Weens verskeie redes, wat binne hierdie ondersoek aan die lig kom, is daar rede tot kommer m.b.t. welke mate dié Gelofte wel vervul is.

Wat hierdie saak verder bemoeilik is die feit dat daar meer as een weergawe van dié Gelofte bestaan, waarvan min volksgenote bewus is.

Met betrekking tot hierdie aangeleentheid is twee argivale studies, onderskeidelik deur ds. C.W.I. Pistorius, en professore H.B. Thom en S.P. Engelbrecht gedoen. Hierdie ondersoeke, gedurende die 1940's, het weersprekende resultate opgelewer soos later in hierdie ondersoek aangedui word.

Hierdie studie het ten doel om vas te stel wat bedoel word met die bewoording van die Bloedrivier Gelofte en of die standpunt, dat die bou van die Geloftekerk, wat tans 'n museum is, die vervulling van dié Gelofte is.

Omdat die vervulling van die Gelofte ter sprake is, is die bewoording daarvan van deurslaggewende belang. Ten einde te kan bepaal of die Geloftekerk die vervulling van dié Gelofte is, moet daar eers uitsluitsel verkry word welke weergawe van die 1838 Gelofte as die mees outentieke beskou moet word. 'n Wetenskaplike studie[1] wat hieroor gedoen is kom tot die volgende slotsom:

> *"Mijne Broeders en mede-landgenoten, hier staan wij thans, op eene Ogenblik voor een Heilige God, van Hemel en aarde, om een belofte aan Hem te beloven, dat, "zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen"— en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden."*

Hierdie weergawe is saamgestel uit die **inleidende gedeelte** van Sarel Cilliers se weergawe, wat byna 33 jaar ná die gebeure opgeteken is en gepubliseer is in: *Sarel Cilliers, Die Vader van Dingaansdag deur G.B.A. Gerdener*, en die **oorspronklike teks** wat Jan G. Bantjes op 9 Desember 1838 in sy joernaal opgeneem het en wat in die Kaapse koerant, *De Zuid-Afrikaan, Vrydag den 14 Juny 1839,* gepubliseer is.

In *De Zuid-Afrikaan, Vrydag den 15 Februari 1839,* verskyn 'n weergawe van die Gelofte van Andries W.J. Pretorius, wat hy in sy verslag aan hul Volksraad een week ná die Slag, geboekstaaf het. Beide weergawes is Pretorius sin, maar die een staan as die Bantjes weergawe bekend, aangesien dit in sy joernaal opgeneem is. Hy was Pretorius se amptelike sekretaris.

1.1 A.W.J. Pretorius *[De Zuid-Afrikaan 15 Februari 1839]*

> *"Verder wens ik UE. Ook ter kennis te brengen, dat wy alhier onder elkander besloten hebben, om den dag onzer overwinning , zynde Zondag den 16 dezer maand December, onder ons gansche geslacht te doen bekend worden, en dat wy het aan den Heer willen toewyden, en vieren met Dankzeggingen, zoo als wy, voor dat wy tegen den vyand streden, in het openbare gebed beloofd hebben, zoo ook, dat zoo wy de overwinning verkrygen mogen, wy den Heere tot zyns naams*

[1] Die outentieke weergawe van die Bloedrivier Gelofte (1838) deur P.R. Swanepoel en P.C. Groenenstein, Bylae 1. bl.27.

gedachtenis, een huis stichten zullen, alwaar Hy ons zulks aanwyzen zal; welke geloften wy nu ook hopen te betalen, met de hulp des Heeren, nu hy [sic] ons gezeggend, en onze gebeden verhoord heeft."

1.2 J.G. Bantjes *[De Zuid-Afrikaan 14 Juny 1839]*

"dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde (indien allen wel wilden),—"om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen"— en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden."

1.3 Verkeerde gelofte

Huidiglik word die outentieke Gelofte nie deur ons as Volk eerbiedig nie, en is die meerderheid volksgenote nie eers bewus van die bestaan daarvan nie. Ons huldig 'n veranderde weergawe van wat Sarel Cilliers bykans 33 jaar daarna op sy sterfbed verhaal het. G.B.A. Gerdener het die Cilliers weergawe aangepas en dit is uiteindelik deur W.E.G. Louw vertaal. Die *stigting van 'n tempel* is deur Gerdener [teoloog en hoogleraar in sendingwetenskap] in die Cilliers weergawe ingebring en is uiteindelik verander na *die oprig van 'n huis*. Verder is 'n sabbatsklousule deur Cilliers bygevoeg, wat nooit deel was van die oorspronklike bewoording nie – sien die studie: *Die outentieke weergawe van die Bloedrivier Gelofte* – Bylae 1.

Hiermee die huidige weergawe:

W.E.G.Louw

"My broeders en mede- landgenote, hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag, soos 'n sabbat sal deurbring; en dat ons 'n huis tot Sy eer sal oprig waar dit Hom behaag; en dat ons ook aan ons kinders sal se dat hul met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte; want die eer van Sy Naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van die oorwinning aan Hom te gee."

1.4 Probleemstelling

Die oprigting van 'n huis tot Sy eer waar dit Hom behaag, vorm die kern van hierdie ondersoek. In Louw se vertaling, asook al die ander weergawes, is die volgende klousule weggelaat: *"en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen."* [Bantjes].

Die weglating van hierdie klousule uit die latere weergawes van die Gelofte is 'n ernstige saak, en die feit dat dit nie ter sprake kom in die argumente ten gunste van die huidige standpunt nie, wek kommer.

Die vervulling van die Gelofte, nl.

"een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen"— en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen,

kan nie ter sprake kom alvorens AL DIE BEPALINGS DAARVAN NIE TEN UITVOERE GEBRING IS NIE.

Ten einde tot die kern van die Geloftevolk se verantwoordelikheid m.b.t. die vervulling van die Gelofte van Bloedrivier deur te dring, neem hierdie studie die ontstaan van die huidige persepsie m.b.t. die vervulling daarvan, deeglik in oënskou.

2. Huidige status

Die algemeen aanvaarde opvatting is dat die bou van die eerste Geloftekerk die vervulling van die Gelofte is. Hierdie opvatting is geboekstaaf in: DIE GELOFTEKERK en Ander Studies oor die Groot Trek, H.B. Thom M.A. D.Phil, Nasionale Pers, Kaapstad 1949.
Sy boek begin as volg, bl.1:

> *"Op 'n vergadering van die Sentrale Volksmonumentekomitee in Kaapstad op 20 Januarie 1947 is daar melding gemaak van die opspraakwekkende bevindinge in verband met die geskiedenis van die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg.*
>
> > *Mnr. C.M. Booysen verwys na argivale ondersoek deur ds. C.W.I. Pistorius wat aan die lig gebring het **dat die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg nooit as die werklike Geloftekerk bedoel en beskou is nie**. Hy deel mee dat vertoë tot die Pietermaritzburgse stadsraad gerig is om die oorspronklike stuk grond vir so 'n groot Geloftekerk te gee. Hy hoop die S.V.K. sal besluit dat so 'n Geloftekerk wat opgerig sal word, as die kleiner Voortrekkermonument in Natal beskou sal word*. [eie aksent]
>
> *Die S.V.K. het gevoel dat hier 'n uiters belangrike saak aangeroer word wat met groot versigtigheid en kalme raad behandel moet word, en daarom het die S.V.K. dit raadsaam geag om eers nader ondersoek te laat instel:*
>
> > *Die S.V.K. besluit om drs. H.B. Thom en S.P. Engelbrecht op te dra om op S.V.K. koste ondersoek te gaan instel na die geskiedkundige juistheid van ds. Pistorius se bevindinge en dat hulle versoek word om 'n verslag van hulle ondersoek binne die verloop van een jaar by die S.V.K. in te dien*[2].

Hiermee die aanvang van dr. Thom se verslag op bl. 2 van sy boek.

> *"Die standpunt van ds. Pistorius, dr. A.J. Du Plessis en die Kerkraad van die moedergemeente in Pietermaritzburg is dat die Voortrekkerkerkie (of -museum) deur die Voortrekkers destyds nie as hulle eintlike Geloftekerk gebou is nie, maar dat hulle dit as tydelike geboutjie bedoel het wat later, wanneer die nodige fondse voorhande sou wees om die werklike Geloftekerk op te rig, in 'n pastorie omskep moes word. Vanweë die Engelse anneksasie en die gevolglike vertrek van die meerderheid van die Voortrekkers uit Natal, sou hierdie plan egter nooit werklikheid geword het nie en sou die eintlike Geloftekerk dus vandag nog nie bestaan nie. **Die Kerkraad het getrag om 'n sekere stuk grond in Pietermaritzburg, Langmarkstraat 33, wat die Volksraad oorspronklik vir die ware Geloftekerk opsy gesit het, terug te kry ten einde dié gebou dan nou daarop te bou.** Hierdie standpunt het ds. Pistorius en dr. Du Plessis met aanvoering van historiese getuienisse gesteun*[3]. [eie aksent]
>
> *Hulle mening is egter deur verskeie persone bestry wat verklaar het dat die Gelofte reeds na behore nagekom is; dat die huidige Voortrekkermuseum in werklikheid geen tydelike kerkgebou was nie;*

[2] Notule S.V.K., 20 Jan.1947. bl.3.

[3] Vgl. bv. Pistorius, "Is die Gelofte al nagekom?" (Die Taalgenoot, Des.1946); Du Plassis, "Is die Geloftekerk al Gebou?" (Die Natalse Afrikaner, 26 Junie 1947); en Du Plessis, "Die Geloftekerk" (Die Huisgenoot, 4 Junie 1947).

dat die Voortrekkers dit wel as hulle Geloftekerk beskou het en dat dit ook vandag nog so beskou moet word."

Op bladsye 3 en 4 van dr. Thom se boek word die geloftes van Bantjes en Pretorius aangehaal en Cilliers sin bespreek en vermeld dat hy nie melding van die kerkgebou gemaak het nie. Die volgende afleiding word dan gemaak:

> *"Uit wat Bantjes en Pretorius so nadruklik getuig, en uit wat deur mondelinge oorlewering tot ons gekom het, is dit in elk geval volkome duidelik dat die voorneme om 'n kerk te bou, 'n onafskeidelike deel van die plegtige Gelofte was."*

Die Geloftes wat ter sprake is noem nie die bou van 'n kerk by die naam nie, maar maak melding van die stigting van 'n Huis ter nagedagtenis aan Sy Groot Naam waar dit Hom behaag. Die bou van 'n kerk kan egter daarvan afgelei word soos later aangedui word, maar die deel wat meld dat die stigting gepaard moet gaan ter nagedagtenis aan Sy Groot Naam waar dit Hom behaag, en die voortdurende smeekgebede ter vervulling van die Gelofte, word nêrens vermeld binne die argumente ter motivering van die bou van 'n kerk, nie. Die mondelingse oorvertellings van meer as 100 jaar later, kan nie dieselfde waarde hê nie as die eietydse stawend getuienis nl. die gepubliseerde weergawes van die Gelofte [hierbo aangehaal], asook ander historiese opgetekende feite. [Later meer hieroor.]

Professor dr. Thom se bovermelde stelling, nl.

> *"is dit in elk geval volkome duidelik dat die voorneme om 'n kerk te bou, 'n onafskeidelike deel van die plegtige Gelofte was."*

kan nie regstreeks van die dokumentêre bewysplase afgelei word nie, en word hiermee betwyfel en verder ondersoek.

3. Ondersoek:

A. Onderhouding van die Gelofte

Alana Bailey se navorsingstuk: *DIE GELOFTE VAN 16 DESEMBER 1838: DIE HERDENKING EN BETEKENIS DAARVAN, 1838 TOT 1910, bl. vii*, wys daarop dat die Gelofte aanvanklik baie swak onderhou is, en eintlik eers in 1864 onder leiding van di. D.P.M. Huet en F.L. Cachet amptelik binne kerkverband herdenk moes word en het die ZAR gedurende 1865 bepaal dat dit voortaan 'n openbare vakansiedag sal wees. Die eerste statutêre herdenking vind plaas gedurende die Wonderfontein volksvergadering van 1879, **een-en-veertig jaar ná die Slag.**

As persepsie dat die nakoming van die Gelofte die dryfveer was agter die bou van die sogenaamde Geloftekerk, laat die volgende vrae onstaan:

- Waarom is die Gelofte dan aanvanklik so swak herdenk?
- Waar is die geskiedkundige bewys **dat dit die Almagtige behaag het** dat die kerk gebou moes word ter vervulling van die Gelofte? Die Gelofte vereis dat die Hom moet behaag.
- Waar is getuienis dat hul volgehou het om Hom te smeek totdat die Gelofte volbring is – die kerk gebou is?

Die volbrenging van die Gelofte moet voldoen aan: "*een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, **alwaar het Hem zal behagen**"— en dat zy ook moesten **afsmeken**, de hulp en bystand van God, **om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen***" [eie aksent]

Hierdie vrae plaas ‘n groot vraagteken oor doktore Thom en Engelbrecht se bevindinge dat die Geloftekerk die vervulling van die Gelofte is, asook oor ds. Pistorius se ondersoek dat ‘n latere kerk die vervulling van die Gelofte sou wees.

Die aanvanklike swak herdenking van die Gelofte strek die bou van ‘n kerk as vervulling daarvan, tot nadeel.

B. Vanselfsprekende kerklike betrokkenheid

Die Voortrekkers het voortdurend gemeentelike byeenkomste gehad. Hulle was immers voor hul vertrek uit die Kolonie lidmate van die Gereformeerde Kerk aan die Oosgrens. Tydens hul Trek is hulle onder kerklike sensuur geplaas, maar dit het hul nie daarvan weerhou om met hul kerklike gebruike voort te gaan nie. By Kerkenberg het hulle onder ‘n oorhangende rots eredienste gehou. Verder het hulle in tente bymekaar gekom en die Strafkommando was in drie gemeentes georganiseer. Hulle het deurenduit hul Sabbat getrou onderhou. Sedert hul vertrek uit die Kolonie was daar egter nooit ‘n eiendomlike grondgebied waarop hul ‘n permanente kerkgebou kon oprig nie. Na die slag van Bloedrivier was dit hul eerste geleentheid. Hulle sou logies hul Christelike tradisie voortsit, soos na vore kom in die bewoording van hul kollektelyste vir die kerklike boufonds wat as volg lees:

> *“Daar de Raad des Volks besloten heeft op de Plaats genaamd Pieter Mouritz Burg eene Gereformeerde Kerk te stichten, zoo is het dat dezelve by deze een iegelyk goedgunstiglyk uitnoodigt daartoe te willen bydragen.* ***Veel over dit gewigtig punt te zeggen zou noodeloos wezen. Ider weldenkende Christen zal het noodzaakelyke daarvan inzien.”***[4] [eie aksent]

Bogenoemde aanhaling maak dit duidelik dat die kollektelys geen melding maak van die bou van die Geloftekerk nie, maar wel die stigting van ‘n **Gereformeerde Kerk**. Hier staan stig in verband met bou, wat die moontlikheid dat die bewoording van die Gelofte die bou van ‘n kerk geïmpliseer het, na vore bring.

Belangrik om daarop te let dat hulle dit nie nodig geag het om die doel van die fondsinsameling op die kollektelys verder te beklemtoon nie, **aangesien elke weldenkende Christen die noodsaaklikheid van die bou van ‘n Kerk sou insien** – dit waarvoor die insameling moes gaan. Dit beteken dat die bou van ‘n kerk ‘n logiese stap was. Indien die kollekte lys daarop sou wys dat dit die vervulling van die Gelofte was, sou daar geen twyfel bestaan het nie, maar nou wys die kollekte lys daarop dat dit logika vir **enige regdenkende Christen** is dat ‘n kerkgebou ‘n noodsaaklike item was ter wille van die Christen se Godsdienstige behoeftes. Enige kollektelys spesifiseer waarvoor die geld of goedere aangewend gaan word. In hierdie geval word geen melding van die bou van die Geloftekerk gemaak nie, maar die bou van die **Gereformeerde Kerk,** synde Christelike logika. Die vervulling van die Gelofte deur die bou van ‘n kerk voldoen geensins aan die motivering van hierdie kollektelys nie. Watter weldenkende Christen sou dit noodsaaklik ag dat die bou van die kerk die vervulling van die Gelofte impliseer?

Dit is dus voor die hand liggend dat die bou van die kerk die vervulling van ‘n Christelike behoefte was.

[4] Bl. 6 en 7. DIE GELOFTEKERK en Ander Studies oor die Groot Trek, H.B. Thom M.A., D.Phil, Nasionale Pers, Kaapstad 1949; voetnota 12: Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg Lêer No. 1. 1839. N.A.

i. Bou en stig

Benewens bovermelde aanhaling [sien voetnota 4] waar die begrip "stig" dui op die oprigting van 'n kerkgebou, kom die begrip "bou" in die volgende twee aanhalings na vore ter oprigting van die kerk:

Ten eerste, in antwoord op 'n brief van J Burger, J.S. Maritz en A Pretorius aan verskeie Kaapse predikante m.b.t. fondsinsameling en die beroep van 'n predikant, maak ds. J.H. Holtman melding van 'n som welsyns-geld wat op aanvraag beskikbaar gemaak kon word ter opbouing van 'n kerkgebou:

> - *"... dat mogelyk door aanvraag ons zoude geschonken worden tot opbouing van een kerkgebouw onder ons."*[5]
> - *"Ik heb eene inteekening lyst alhier geopend tot bydragen van den opbouwen des tempels,*[6]

Dit is dus duidelik dat beide die begrippe stig en bou vir die oprigting van die betrokke kerkgebou gebruik is. Dit is dus nie moontlik om op grond daarvan 'n beslissing te maak of die begrip stig uitsluitlik, enersyds na 'n fisiese struktuur, of andersyds na 'n menslike tempel / gemeente / volkshuishouding verwys nie, [*Gelofterede – Paul Kruger Paardekraal, 2009, Bylae 2.* Later meer hieroor.]

ii. Plek van aanbidding

Toe hul begin vestig in Pietermaritzburg, het hul soos tydens die Trek van die mees geskikte plek gebruik gemaak vir hul eredienste en het hulle aanvanklik aan't huis van tante Lenie Retief bymekaar gekom in Pietermaritzburg.

> *"Pietermaritzburg het toe maar nog uit 'n klompie hartbees huisies bestaan en 'n mens kan verwag dat die Voortrekkers voorlopig in een van die geskikstes hiervan sou byeengekom het. J.H. Steenkamp, 'n seun van een van die Voortrekkers wat destyds in Pietermaritzburg was, skryf in 1910 dat sy vader vertel het:*
>
> *De Plaats waar zy aan baden (voor het bouwen van de Kerkje) was de woning van weduwee Piet Retief...".*
>
> *"... Spoedig het die Voortrekkers egter ander voorsiening gemaak, want mev. Erasmus Smit ('n suster van Gert Maritz) vertel dat haar man gepreek het in "zijne arme van riete kerk gebouw"*[7]*, maar dit was blykbaar 'n baie primitiewe, tydelike vergaderplek wat nodig sou geword het omdat die getalle vir die huis van wed. Retief weldra te groot sou gewees het."* [8]

Soos wat die getalle gegroei het, moes daar aanpassings gemaak word, en soos reeds na verwys, het hul gou besef dat hul aanvanklike beplanning van die sogenaamde Geloftekerk nie voorsiening gemaak het vir hul voorgenome beroep van 'n predikant nie, waarvoor 'n pastorie nodig sou wees. Hulle het toe besluit dat die kerk mettertyd in 'n pastorie omskep moes word

[5] Bl. 7. DIE GELOFTEKERK en Ander Studies oor die Groot Trek, H.B. Thom M.A., D.Phil, Nasionale Pers, Kaapstad 1949.

[6] C.J. Brand se brief aan Pretorius, 13 Junie 1839. - Bl.9, DIE GELOFTEKERK en Ander Studies oor die Groot Trek, H.B. Thom M.A., D.Phil, Nasionale Pers, Kaapstad 1949.

[7] Accessions 65: Dagboeke van mev. E Smit, No. 4, p. 25. N.A.

[8] Bl. 5. DIE GELOFTEKERK en Ander Studies oor die Groot Trek, H.B. Thom M.A. D.Phil, Nasionale Pers, Kaapstad 1949.

sodra ‘n ander kerk voltooi sou wees, wat weens die anneksasie en die daaropvolgende Trek uit Natal, nooit gerealiseer het nie.[9]

Op bl. 9 van dr. Thom se boek word in ‘n brief van C.J.Brand, redakteur van *De Zuid-Afrikaan, 13 Juny 1839,* aan A.W.J. Pretorius o.a. melding gemaak van die bou van die sogenaamde Geloftekerk:

> *“Ik heb eene inteekening lyst alhier geopend tot bydragen van den opbouwen des tempels, welke gy den HEERE hebt beloofd, en ik hoop met de volgende gelegenheid te kunnen mededeeling doen van des goeden uitslagen”*

Die bewering word gemaak dat die “*opbouwen des tempels”,* soos Brand dit stel, af te lei is vanuit Bantjes se joernaal, synde dit die stigting van die huis impliseer. Die opening van ‘n kollektelys deur Brand rym egter eerder met die “onlangse” brief van Jacobus Burger, Johannes S. Maritz en Andries Pretorius aan verskeie Kaapse predikante gedateer 13 Mei 1839:

> *“zo hebben wy geen ogenblik laaten verbygaan maar zyn dadelik bezig geweest **om lysten te voormeeren tot inteekening** voor den God alle Goden voor wiens wonderlike bescherming een yder moet verstommen ...”*[10] [eie aksent]

Op 29 Oktober 1839 het die “opsienders van den gemynte van P.M. Burg” ook ‘n oproep uitgestuur aan mense wat ver verwyders van Pietermaritzburg gewoon het...

> *Seer geliefde broeders, susters en vrienden in den heren, als meden alle amps personen soo welkerkelyk als andersins. Daar wy voornemens zyn op boven gemelde dorp **een ware gerifformeerde Kerk ofte ware gerifformeerde godsdienstig huys op te bouwen..**”*

Die “opsieners” versoek derhalwe “een aalmoes” vir die kerk. Hulle is verplig om van goedgesinde persone hulp te vra:

> *... hulp en bystand te vragen aan alle weldenkende personen die trachten sal dat ons ware **gereformeerde kerken hier in ons land opgebout sal worden**, en dat den dierbare evangelium den gehele wêreld door sal verkondig worden. ...”*[11]

Soos hierbo duidelik blyk was die Voortrekkers ywerig in die insameling van fondse vir die bou van ‘n ware Gereformeerde Kerk of ‘n ware Gereformeerde godsdienstige huis. Die doel van die ware Gereformeerde kerk was dus nie om die Gelofte na te kom nie, maar om die evangelie te verkondig, wat uit ter aard die eintlike doel van ‘n kerklike standplaas is. Soos reeds hierbo uitgewys het die kollektelys dit duidelik uitgespel: *“Veel over dit gewigtig punt te zeggen zou noodeloos wezen. Ider weldenkende Christen zal het noodzaakelyke daarvan inzien.”* Hulle wou ‘n plek van aanbidding oprig!

iii. Kerkstaat

Belangrik om daarop te let dat die Volksraad sekere kerklike funksies uitgeoefen het, nl. die beroep van ‘n predikant en die verhoging van Erasmus Smit se traktement.[12]

Dit dui daarop dat hulle regeerstelsel basies neergekom het op ’n Kerkstaat, soos wat die latere president van die ZAR ook verklaar het: *“Dikwels gebruik die Heer ‘n klein volkie om sy*

[9] Bl.2. DIE GELOFTEKERK en Ander Studies oor die Groot Trek, H.B. Thom M.A., D.Phil, Nasionale Pers, Kaapstad 1949.

[10] bl.6. Ibid.; voetnota 11 - De Konsschapper, Sept. 1910. pp. 343-345

[11] Bl. 9. Ibid.

[12] bl.11 en 12. Ibid.

*"mirakelen" te toon en wel tot "voorbeeld voor de gehele Christenheid". Wie op die slagveld sterf, is "geoffer" vir die "**heerlijken Kerkstaat**" wat hy sien kom het."*[13] [eie aksent]

Kruger het as kind die Trek meegemaak en het opgegroei binne 'n sekere miliue, waarin dit blyk dat 'n Kerkstaatlike bestel die norm was. Daarom dat die Volksraad ook by magte was om belangrike kerklike besluite te neem.

Die Voortrekkers was kerkmense. Kerkbywoning was 'n baie belangrike deel van hul alledaagse bestaan, en hul sou logies gesproke 'n kerkgebou oprig ten einde hul byeenkomste sinvol te huisves.

C. Geloftekerk of Gereformeerde kerk?

Wat die Voortrekkers se benaming van die kerk aanbetref, kon tot dusver geen getuienis opgespoor word dat húlle daarna as die Geloftekerk verwys het nie. Een van die bouers, J.H. Steenkamp het verklaar dat die kerk hul Bethel was, en dit tydens die inwyding[14]. Bethel beteken Huis van God. Selfs dr. Thom stel dit as volg:

> *"Op die vraag of die Voortrekkers ná afloop van die Wenkommando se vervulling van hulle Gelofte 'n kerkgebou opgerig het, het ons nou heelwat lig gekry.* ***Dit is opmerklik dat hul self nooit die term Geloftekerk gebruik het nie, en ook dat hulle, toe hulle fondse en goedere ingesamel het, nooit self pertinent verklaar het dat hulle in vervulling van hulle Gelofte die gebou gaan oprig nie****."*[15] *[eie aksent]*

Dr. Thom gaan voort en meld dat dit nie nodig is om na sulke direkte getuienis te soek nie, aangesien die Voortrekkers volgens hom dadelik na afloop van die Wenkommando *"toe hulle nog sterk in die gees van die Gelofte geleef het, met die insameling begin; en die bydraes wat hulle gegee het, was* ***klaarblyklik*** *vir die gebou* ***waarvan almal geweet het en wat almal verwag het,*** *die gebou waarvoor C.J. Brand in Kaapstad ook fondse ingesamel het en wat – soos hy middel 1839 geskryf het – "gy den Heere hebt beloofd"*[16]

Dit is egter opmerklik dat dr. Thom maak asof dit nie belangrik is om van stawende getuienis gebruik te maak nie, maar laat nie na om Brand, wat 'n buitestander was, se afleiding [hierbo]- wat hy moontlik van Bantjes se joernaal gemaak het, aan te haal nie. Brand se brief verwys eerder na J Burger, J.S. Maritz en A Pretorius se brief aan die Kaapse predikante, soos reeds na verwys. Dr. Thom maak by gebrek aan stawende getuienis, duidelik van spekulasie gebruik om sy doel te bereik. Hy gaan voort en by gebrek aan verdere stawende getuies, skryf hy hul optrede toe aan die gees van die Gelofte waarin hul kort na die optrede van die Wenkommando sou verkeer, en wat aanleiding sou gee tot die insamelings.

Die algemeen aanvaarde opvatting, nl. dat die Geloftekerkie die vervulling van die Gelofte is, het geen stawende geskiedkundige getuienis op te staan nie. <u>Indien mens oorweging sou skenk aan die moontlikheid dat die bou van die kerkie eerder die vervulling was van hul behoefte om 'n plek van aanbidding tot stand te bring, is daar meer as voldoende stawende getuienis, soos reeds aangehaal.</u>

---

[13] Lewende Verlede, F.A.Van Jaarsveld, hoofstuk XVII, DIE GESKIEDENISBESKOUING VAN PAUL KRUGER, bl. 206.

[14] Bl.23. DIE GELOFTEKERK en Ander Studies oor die Groot Trek, H.B. Thom M.A., D.Phil, Nasionale Pers, Kaapstad 1949.

[15] Ibid.

[16] Ibid.

Die opdrag van die S.V.K., naamlik om die geskiedkundige juistheid van ds. C.W.I. Pistorius se bevindinge te bepaal, het volgens Dr. Thom aan die lig gebring dat dit geen juistheid bevat nie, maar nie aan die lig gebring dat die algemeen aanvaarde opvatting, wat as grondslag daarvan gedien het, ook geen geskiedkundige juistheid bevat nie - soos wat ruiterlik erken word[17]. Dr. Thom grond sy bevindinge op 'n afleiding van C.J. Brand, en ignoreer meer as genoeg bewyse dat hul 'n plek van aanbidding gebou het en daarvoor gekollekteer het, soos wat onder andere die aangehaalde kollektelys, waarvan daar verskeie was, bewys.

Indien die ondersoek anders geformuleer was, nl. om ondersoek in te stel na wat die grondslag was waarvoor die Voortrekkers 'n kerk gebou het, sou die bevinding voor die hand liggend gewees het:

> *Op 29 Oktober 1839 het die "opsienders van den gemynte van P.M. Burg" ook 'n oproep uitgestuur aan mense wat ver verwyders van Pietermaritzburg gewoon het...*
>
> > *Seer geliefde broeders, susters en vrienden in den heren, als meden alle amps personen soo welkerkelyk als andersins. Daar wy voornemens zyn op boven gemelde dorp **een ware gerifformeerde Kerk ofte ware gerifformeerde godsdienstig huys op te bouwen...**"*
>
> *Die "opsieners" versoek derhalwe "een aalmoes" vir die kerk. Hulle is verplig om van goedgesinde persone hulp te vra:*
>
> > *... hulp en bystand te vragen aan alle weldenkende personen die trachten sal dat ons ware **gereformeerde kerken hier in ons land opgebout sal worden**, en dat den dierbare evangelium den gehele wêreld door sal verkondig worden. ..."*[18]

Hulle wou logies hul Christelike tradisie voortsit, soos na vore kom in die bewoording van hul kollektelyste vir die kerklike boufonds wat as volg lees:

> *"Daar de Raad des Volks besloten heeft op de Plaats genaamd Pieter Mouritz Burg **eene Gereformeerde Kerk te stichten,** zoo is het dat dezelve by deze een iegelyk goedgunstiglyk uitnoodigt daartoe te willen bydragen. **Veel over dit gewigtig punt te zeggen zou noodeloos wezen. Ider weldenkende Christen zal het noodzaakelyke daarvan inzien**[19]"* [eie aksent]

Deur hierdie bewysplase, waarvan almal nie aangehaal is nie, ter verduideliking van hul aksies om 'n plek van aanbidding op te rig, op te weeg teen die bewysplase dat die kerk opgerig is ter vervulling van die Gelofte, is dit voor die hand liggend dat hul 'n kerk en 'n pastorie wou bou ten einde 'n predikant te kon beroep.

Pretorius het voor sy vertrek uit die kolonie al voorbrand gemaak vir die beroep van 'n leraar, soos voorkom in sy briewe aan ds. G.W.A. van der Lingen, gedateer onderskeidelik 8 en 23 Juny 1838[20]. Hy het dit voorsien, lank voor die gedagte van die aflegging van die Gelofte ontstaan het.

Dit is dus 'n uitgemaakte saak dat die Voortrekkerkerk, as beweerde vervulling van die Gelofte, nie opweeg teen die blote bou van 'n kerk ten behoewe van hul Godsdienstige behoeftes, nie. Soos Paul

---

[17] Bl.23, par.3. DIE GELOFTEKERK en Ander Studies oor die Groot Trek, H.B. Thom M.A., D.Phil, Nasionale Pers, Kaapstad 1949.

[18] Bl. 9. Ibid.

[19] Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg Lêer No. 1. 1839. N.A.

[20] Bl. 26 en 27. Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849, deur Dr. H.S. Pretorius, D.W. Kruger en Dr. C Beyers, Staatsargief Pretoria, 1937.

Kruger tereg opgemerk het tydens sy Paardekraal toespraak van 2009: "*Dat daar hoegenaamd so 'n plek sou moes wees - Gelofte of nie - is duidelik: die mense sou iewers tog kerk-byeenkomste moes bywoon.*"

Dr. Thom diskwalifiseer ds. C.W.I. Pistorius se bevinding op grond daarvan dat daar geen sprake in die kollektelyste was van die bou van 'n tydelike kerk of pastorie nie[21]. Dieselfde geld egter ook vir die beweerde vervulling van die Gelofte met die bou van die Voortrekkerkerk – geen geskiedkundige bewyse[22]. Dr. Thom se eie maatstaf kelder die aanname dat die bou van die Voortrekkerkerk die vervuling van die Gelofte is. Feit van die saak is dat hulle 'n Gereformeerde kerk wou bou en dat ***"Ider weldenkende Christen zal het noodzaakelyke daarvan inzien" [23]***

D. Ander getuienis

Paardekraal Gelofterede [sien Bylae 2 vir volledige toespreek]

Paul Kruger, nie S.J.P. Kruger nie, het tydens die 2009 herdenking van Geloftedag te Paardekraal ook melding gemaak van die S.V.K. ondersoek soos hierbo na verwys. Hy maak spesifiek melding daarvan dat beide professore, Thom en Engelbrecht, tot die gevolgtrekking kom dat die Geloftekerkie die vervulling van die Gelofte was:

> *Prof. Thom het tot die volgende gevolgtrekking gekom: "Alles in aanmerking geneem, **moet** ons dus tot die gevolgtrekking kom dat die **ou kerkie**, die huidige Voortrekkermuseum, die ware Geloftekerk van die Voortrekkers was; dat hulle dit so beskou het en dat ons dit vandag ook nog in die lig moet sien." [eie aksent]*
>
> *Prof. Engelbrecht het sy verslag met hierdie woorde afgesluit: "My vaste oortuiging is dat die Voortrekkers **die Gelofte uitgevoer het en die Geloftekerk gebou het**, sodat daar dus geen blaam of klad op hul nagedagtenis rus nie." [eie aksent]*

Volgens Paul Kruger ontstaan die vraag dan nou waarom die Voortrekker-Volksraad Lange Markstraat 33 vir die kerkraad opsy gesit het om later daar 'n kerkgebou op te rig? Hy noem die volgende:

> *"Deur ongelukkige versuim is dit egter nooit op naam van die Kerkraad getransporteer nie, en toe dit by die Briste [sic] besetting van 1842, volgens vereiste, nie 'n voorafgaande jaar bewoon was nie, is dit verbeurd verklaar."*

Kruger gaan voort:

> *"Ek vra u vandag, liewe Volksgenoot: as die Huis van die Gelofte wel die Geloftekerkie in Pietermaritzburg is, hoe verklaar ons die volgende notules van die Volksraad van Natal? (soos gepubliseer in "Voortrekker Wetgewing": Notule van die Natalse Volksraad 1839-1845, J.L. Van Schaik Bpk., Pretoria, 1924)*
>
> *29 September 1840: " - Door de Commissaarissen gevraagd aan den Raad om van het kerke fonds onder hunne toeversigt in leen te hebben **om de begonne pastorie er mede te voltooijen, dat voor het eerst tot een Godsdienstig gestig** zal gebruikt worden het welk door den Raad is toegestaan; de Commissarissen die gevraagd hebben zyn de heeren*

[21] Bl.10 en 11. DIE GELOFTEKERK en Ander Studies oor die Groot Trek, H.B. Thom M.A., D.Phil, Nasionale Pers, Kaapstad 1949.
[22] Bl.23. Ibid.
[23] Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg Lêer No. 1. 1839. N.A.

A.W.J Pretorius, J.J. Burger, H.P.N. Pretorius en Sarel A. de Cilliers.”....[my aksent]

7 Januarie 1842: “Besloten dat het huis alwaar tans de publieke godsdienst ingehouden word met het erf No. 34, Lange Mark Straat, alhier in eigendom is afgestaan aan de Kerk en is verder besloten dat intekenings gelde dat reeds is ingekomen ***tot opbouwing van een nieuwe kerk,*** *zal in handen gesteld worden van den Kerkeraad oor de commissarissen als by vorige gelegendheid daar toe door den Raad aangesteld* ***tot verdere voltooiing van dat gebouw*** *alsmede de lysten van intekeningen om verder uitstaande gelden te kunnen invorderen, tot gebruik aan dat gebouw, waar onder het gebouw en erf zal verbonden blijven wanneer dat geld in vervolg mag worden opgeischt.” [eie aksent]*

8 Januarie 1842: “Gelezen een rekwest, gedateer 23 Decembr. 1.1. ondertekend door W.J. Pretorius en nog 71 andere burgers, versoekende om de daar in aangehaalde reden, dat geen publiek grond aan dit dorp toebehorende, zo verre als de dorpslynen weivelden etc. zich uitstrekken, meer zal worden vergund aan eenig persoon, nog verkogt verhuurd of op enige andere wijze over gedisponeerd, maar zal worden geschonken en afgestaan in een erfgrondbrief, als het wettig eigendom van de landeigenaren binnen gemelde grond woonagtig of land bezittende, en zulks voor hun gezamentlyk gebruik en voor algemeen en publieke einde.
Is besloten het gem. Versoek toetestaan, met uitzondering van de Gouvernements erven No.17 en in Pieter Mauritzstraat, benevens alle de andere in de reeds geformeerde plan van dit dorp afgemerkte erven, straten, waarover het Gouvernement exclusievelyk zal mogen disponeren eksept die erven tans het plein uitmakende, zynde van No.26 tot 35 Lange Markstraat, die mede zullen begrepen zyn in de gemelde erfgrondbrief; en verder onder voorwaarde, dat wanneer eenig gedeelte van dat vergund grond tot publieke einde zal benodigd zyn, of wanneer het gemeen belang zal vorderen dat eenig gedeelte daar van zal worden verkogt verhuurd vergund of op eenig andere wijze gedisponeerd zulks zal moeten geschieden met toestemming van twee derde deel der landeigenaren als voormeld in eene publieke byeenkomst door hun te worden gehouden.

Gevolgtrekking:

Eerstens: Die geboutjie wat later as die “Geloftekerk” bekend geraak het, was deur die Natalse Volksraad self ‘n ***“begonne pastorie”*** *genoem en ‘n plek wat “vireers tot ‘n* ***Godsdienstige gestig****” gebruik sou word.* [eie aksent]

(Dat daar hoegenaamd so ‘n plek sou moes wees - Gelofte of nie - is duidelik: die mense sou iewers tog kerk-byeenkomste moes bywoon).

Tweedens: Nêrens verwys die Natalse Volksraad na daardie gebou of enige ander beplande een as die Huis van die Gelofte nie.

Derdens: Terwyl sommige navorsers, soos aangehaal hierbo, wel toegee dat die “Geloftekerk” nie die beloofde Huis is nie maar dat laasgenoemde kwansuis later op Erf 33, Lange Markstraat opgerig sou word, is dit duidelik dat Erf 33 (as deel van Erf 26-35) nooit deur die Volksraad van Natal beplan was as die plek waar ‘n uiteindelike Geloftekerk tot stand sou kom nie want op 8 Januarie 1842, 4 jaar na

die Gelofte, verklaar die Volksraad dit tot deel van grond wat bloot vir algemene publieke doeleindes opsy gesit word.

Daarbenewens: Andries Pretorius is 16 jaar na Bloedrivier eers oorlede en Celliers nog later; en nêrens verwys enigeen van hulle na die "Geloftekerkie" in Pietermaritzburg as die Huis van die Gelofte nie."

Ek vra weer: Waar is die Huis wat ons as tweede verpligting - naas die hou van 'n feesdag - per kontrak aan die God van Hemel en Aarde getender het? Was die deelnemers aan die Slag werklik so skokkend troueloos deur uiteindelik nooit daarby uit te gekom het om 'n fisiese "huis" te bou nie – ***of was die bedoeling dalk nooit om 'n fisiese gebou te bou nie maar dat ons 'n volkshuishouding vir God sou wees?*** *Handelinge 7: "Maar die Allerhoogste woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie, soos die profeet sê: Die Hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Watter soort huis sal julle vir my bou, sê die Here, of hoedanig die plek van my rus?"* [eie aksent]

Aldus Paul Kruger – Gelofterede 2009, Paardekraal. – Bylae 2.

E. Gereformeerde kerk, Pastorie kerk en verkoopte kerk

Nadat die aanvanklike status van die sogenaamde Geloftekerk gewysig is om net tydelik as kerk gebruik te word en eintlik as pastorie bestem word, en daarna weer gewysig is om as kerk aangewend te word, is mettertyd besluit dat 'n Nuwe Geloftekerk gebou moes word as vervulling van die Gelofte, soos deur ds. Pistorius beweer. Daar is van die "Pastoriekerk" afskeid geneem en is dit uiteindelik verkoop[24]. Die rede vir die bou van die nuwe kerk was die bouvallige aard van die oue, en as volg gestel deur ds. Faure in 'n brief van 18 Julie 1855: *"as the one at present in use is aaltogether in a state of dilapidation."* [25])

Dr. Thom skryf verder as volg: [26]

> *"Na voltooiing van die nuwe kerk het die vraag ontstaan, wat met* ***die ou gebou*** *gedoen moes word. Dit was vir kerkraad en gemeente 'n moeilike vraag; hulle was geheg aan* ***die ou gebou****, en ofskoon hulle op Saterdagoggend 6 April 1861,* ***plegtig afskeid daarvan geneem het****,[27]) het hulle nog nie gevoel* ***of hulle daarmee klaar was nie****. Ds. P. Huet, wat toe predikant van die gemeente was, het in 'n "Afscheidslied" aan* ***die ou gebou*** *o.a. geskryf:*
>
> *'t Was* ***een neederige Woning***
> *Maar toch d'eerste in dezen Staat.[28] [eie aksent]*

Let weereens op dat hulle nie daarna as die Geloftekerk verwys het nie, maar as *"die ou gebou"* en *"een neederige Woning".*

---

[24] Bl.38. DIE GELOFTEKERK en Ander Studies oor die Groot Trek, H.B. Thom M.A., D.Phil, Nasionale Pers, Kaapstad 1949.
[25] Bl.37. Ibid

[26] Bl.37. DIE GELOFTEKERK en Ander Studies oor die Groot Trek, H.B. Thom M.A., D.Phil, Nasionale Pers, Kaapstad 1949.
[27] Ned. Geref. Kerk, Pietermaritzburg, I/3: Notule van Kerkraads- en Gemeentevergaderings, 1853-1874, p. 38.
[28] De Kondschapper, Des.1908, p. 38.

Dr. Thom motiveer dat die nuwe kerk se aanspraak op Geloftekerk-status nie haalbaar is nie, aangesien daar nie genoegsaam bewyse daarvoor bestaan nie. Hy kon geen stawende bewyse voorlê dat die Voortrekkerkerkie – of te wel die Geloftekerk sodanige status verdien nie, en diskwalifiseer die nuwe kerk as die Geloftekerk op grond van onvoldoende dokumentêre bewyse. Hy pas dus dubbele maatstawwe toe. Wat moet geld vir die een, moet geld vir die ander. Hiermee sy redenasie:

> *"Op grond van wat in daardie afdeling aangetoon is,* ***het dit vir ons voorgekom of daar geen twyfel oor kan bestaan*** *dat die ou Voortrekkerkerkie die Geloftekerk van die Voortrekkers was nie. Voordat 'n definitiewe uitspraak gegee kon word, moes daar eers nog ondersoek word of die Voortrekkers nie beoog het om later 'n ander kerk te bou nie, en of so 'n latere kerk nie miskien hulle ware Geloftekerk sou wees nie.*
>
> *Ons het nou gesien dat hulle wel 'n baie geskikte terrein vir kerklike doeleindes opsygesit en dat hulle ook definitief beoog het om later daar 'n beter en geskikter kerk te bou, maar ons het geen bewyse teegekom dat so 'n kerk vir hulle die eintlike vervulling van hulle Gelofte sou gewees het nie. Zietsman sê in sy verklaring wel dat hulle op die betrokke grond "a propper church" wou oprig, maar hiervan durf 'n mens nie sommer aflei dat hy daarmee die eintlike Geloftekerk bedoel het nie. En die nuwe kerk wat toe gebou is, kan ook geensins as Geloftekerk beskou word nie, want in die onderhandelinge oor die grond, die verkryging van kompensasiegrond,* ***die insameling van fondse****, en die werklike bou en inwyding van die nuwe kerk,* ***is daar nooit die minste sprake*** *van dat dit in vervulling van die Gelofte gebou is nie.*
>
> *Hierteenoor het ons in die voorgeskiedenis van die* ***ou gebou*** *– soos ons dit in die eerste afdeling gevolg het – en die gehegtheid van die mense daaraan. Ons het ook die mondelinge tradisie, wat in hierdie geval betreklik jonk en werklik oorweldigend is. Ongeveer 1880 het dit selfs tot 'n Engelse skrywer soos Moodie met soveel oortuigingskrag gespreek, dat hy in verband met Sarel Cilliers o.a. kon skryf:*
>
> > *"Chaarl Cilliers was for many years an elder of the Dutch Reformed Church at Pietermaritzburg, which he and others of the primitive Boers erected as a memorial of the gracoius Providence which crowned their arms with victory on the occasion of the battle with Dingaan in 1838.*[29]*)"* [30]

Dr. Thom kom glad nie oortuigend voor nie. Sy stelling hierbo - ***"het dit vir ons <u>voorgekom</u> of daar geen twyfel oor kan bestaan*** *dat die ou Voortrekkerkerkie die Geloftekerk van die Voortrekkers was nie"* is glad nie oortuigend nie. By gebrek aan eerstehandse getuienis is dit net logies dat hy sodanige woorde moes gebruik – "***voorgekom****".*

Die redes wat hy aanvoer dat die *"propper Church"* van Zietsman nie op die eintlike Geloftekerk van toepassing gemaak kan word nie – verstom. Die maatstaf wat hy stel waaraan die sogenaamde *"propper church"* moet voldoen om as Geloftekerk te kwalifiseer, diskwalifiseer die Voortrekkerkerkie as Geloftekerk. Gemeet aan dr. Thom se vereistes, kwalifiseer nie een van die twee kerke om as Geloftekerk bekend te staan nie: "***die insameling van fondse****, en die werklike bou en inwyding van die nuwe kerk,* ***is daar nooit die minste sprake*** *van dat dit in vervulling van die Gelofte gebou is nie.*"

Hierdeur diskwalifiseer dr. Thom beide kerke as Geloftekerk. Brand en Moodie se afleidings kan nie meer gewig dra as die aangehaalde geskiedenis nie. <u>Die getuienis dat hulle 'n plek van aanbidding wou oprig is</u>

[29] Moodie, History of the Battles in Southern Africa, I, p. 436 (Kaapse uitgawe, 1888)

[30] Bl.39 en 40. DIE GELOFTEKERK en Ander Studies oor die Groot Trek, H.B. Thom M.A., D.Phil, Nasionale Pers, Kaapstad 1949.

oorweldigend en die direkte betrokkenes maak nêrens melding dat daardie kerkgebou die vervulling van die Gelofte moes wees nie.

Dat so 'n benadering oor die jare daaraan toegedig kon word, en huidiglik vas geglo word, is nie te betwyfel nie. Dit kan egter nie terugwerkend op die geskiedenis van toepassing gemaak word nie, waardeur woorde en veronderstellings in die monde en handelinge van die Voortrekkers gelê word. Daardeur kan ander moontlike vertolkings uitgekanseleer word, soos die siening van Paul Kruger:

> "*Ek vra weer: Waar is die Huis wat ons as tweede verpligting - naas die hou van 'n feesdag - per kontrak aan die God van Hemel en Aarde getender het? Was die deelnemers aan die Slag werklik so skokkend troueloos deur uiteindelik nooit daarby uit te gekom het om 'n fisiese "huis" te bou nie* – ***of was die bedoeling dalk nooit om 'n fisiese gebou te bou nie maar dat ons 'n volkshuishouding vir God sou wees?*** *Handelinge 7: "Maar die Allerhoogste woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie, soos die profeet sê: Die Hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Watter soort huis sal julle vir my bou, sê die Here, of hoedanig die plek van my rus?" [eie aksent]*"

Verkoop van die Geloftekerk

Hierdie vraag van Kruger trek die aanname dat die Voortrekkerkerkie die vervulling van die Gelofte is, verder in twyfel. As die kerkie vir hulle van sodanige belang was, waarom het hulle dit dan verkoop?

Professore Thom en Engelbrecht is baie seker daarvan dat die ou kerkie/ museum, verseker die gebou is wat die Voortrekkers in gedagte gehad het m.b.t. die vervulling van die Gelofte. As dit dan so was, waarom sou hulle hul gelofte herinnering verkoop? Dit kom daarop neer dat hulle daarmee afstand gedoen het van die kontrak tussen hulle en hul God, en die nagedagtenis van Sy Naam vergeet. Dit is prakties ondenkbaar. Dit kom neer op verwerping van hul geskiedenis. Hulle sou NOOIT tot so 'n stap oorgaan as dit hul oortuiging was dat dié kerkie die vervulling van hul Gelofte en daarmee saam die getuienis verteenwoordig dat hulle hul lewens en voortbestaan aan Hom te danke het, nie.

Daarom is hul optrede in die verkoop van die kerkie strydig met die gevolg van so 'n daad, waardeur hul daardeur hul Gelofte sou verkwansel en met die opbrengs daarvan hul finansiële posisie sou verbeter – Esau en die lensie sop.

Hulle het dus met die verkoop van die kerkie geensins hul Gelofte aangetas nie, aangesien daar vir hul geen verband was in die bou van die kerk en die vervulling van die Gelofte, nie.

F. Ander betekenis van die stigting van 'n huis

Gesien in die lig van dr. Thom- en Engelbrecht se S.V.K. ondersteunde argivale ondersoeke, wat ds. C.W.I. Pistorius se bevindinge, wat ook op 'n argivale ondersoek gegrond was, "verkeerd bewys". Gesien in die lig van hul ondersoek, wat "bewys" dat die vervulling van die Gelofte die bou van 'n kerk beteken, en wat geen eerstehandse geskiedkundige substansie opgelewer het nie, maar meer as voldoende bewyse opgelewer het dat die Voortrekkers maar net 'n vaste plek van aanbidding wou oprig, nl. 'n kerkgebou. Gesien in die lig van Paul Kruger [jr] se ondersoek dat die betekenis van die Gelofte eintlik neerkom op die totstandkoming van 'n volkshuishouding – 'n gemeente; lê die swaartepunt van hierdie geskiedkundige vraagstuk, nl; wat bedoel word met die stigting van die huis ter nagedagtenis van Sy Groot Naam waar dit Hom **behaag**, nie in die bou van 'n fisiese huis nie, maar is die swaartepunt geleë in die totstandkoming van 'n volkshuishouding.

Koning Dawid wou ook vir JHWH [die HERE] 'n huis [tempel] bou, maar dit het JHWH [die HERE] nie **behaag** dat hy dit moes doen nie weens al die oorloë waardeur hy omring was – 1Kon.5:3. Daar moes eers rustigheid kom in die geledere van die Volk Israel. Tog het JHWH [die HERE] vir Dawid 'n bestendige **huis gestig** – 1Sa.25:28, 2 Sa.7:8-17 en 1Kron.17:10.

Die Voortrekkers wou vir die HERE [JHWH] tot volk word, soos wat Pretorius aan ds. Van der Lingen geskryf het kort voor sy vertrek uit die kolonie – 23 Julie 1838:

> *"Maar soos dese van den Almagtige is, soo het syne wyse wil en **welbehaagen** is soo sullen wy daar **tot een volk worden en ter syner ere leven**."*[31] [eie aksent]

Pretorius verklaar hiermee dat hulle binne die wel**behae** van die Almagtige vir Hom 'n volk wil word **en tot Sy eer wil lewe**.

Hierdie sienswyse van Andries Pretorius vind wondebaarlik weerklank in die opgetekende weergawes van die Gelofte:

> "*wy den Heere tot zyns naams gedachtenis, een huis stichten zullen, alwaar Hy ons zulks aanwyzen zal"*
> en
> *een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen"*

Die volk wat Pretorius en die ander Voortrekkers vir die HERE [JHWH] wou word, en wat tot eer van Hom wou leef, het uiteindelik afgehang van die voorwaarde tot die Gelofte, nl. die oorwinning oor die vyand, waarna die Gelofte tot stand kon kom.

Deur die aanvaarding van die Gelofte deur die Almagtige God van hemel en aarde, het die Voortrekkers vir Hom tot volk geword, soos wat Pretorius dit aan ds. Van der Lingen in die vooruitsig gestel het. Daardeur het Hy ook vir hulle tot Verbondsgod geword, daarin dat Hy die verbond met hulle bekragtig het – die oorwinning aan hulle besorg het. Die huis wat gestig moes word het dus betrekking op die totstandkoming van 'n Volkshuishouding, soos wat President Paul Kruger dit gestel het – Kerkstaat, en Pretorius - "*sullen wy daar **tot een volk worden en ter syner ere leven."***

Hierdie gedagterigting is ook Skriftuurlik verantwoordbaar, soos later breedvoerig bespreek word.

Sarel Cilliers was ook van mening dat die huis die kerk is, en dat beide kerk en huis na die volk/gemeente verwys, soos hy in 'n brief van 11 Oktober skryf: *"De Heere zegt, dat zijn oordeel een aanvang nemen zal van zijn huis, dat is zijne Kerk."*[32]

Hierdie oordeel kan nie teen hout en klip gerig wees nie, maar teen die kerk- of huis as volk, wat volgens Cilliers se brief, die sonde van hoogmoed pleeg.

---

[31] Bl.27. Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849, deur Dr. H.S. Pretorius, D.W. Kruger en Dr. C Beyers, Staatsargief Pretoria, 1937.

[32] Sarel Cilliers, Die Vader van Dingaansdag, Lewensskets van die groot Voortrekker deur GBA Gerdener, Aanhangsel II, Briewe en stukke – H.

Hiermee is voldoende bewys gelewer dat waar die Gelofte na die stigting van ‘n huis verwys, dit na die totstandkoming van ‘n Volksgemeente of ‘n Volkshuishouding verwys. Laasgenoemde kom neer op die totstandkoming van ‘n Teokrasie soos opgeteken in:

> **1Kon.11:38** En as jy luister na alles wat Ek jou beveel en wandel in my weë en doen wat reg is in my oë **deur my insettinge en my gebooie te hou, soos my kneg Dawid gedoen het**, dan sal Ek met jou wees en vir jou **‘n bestendige huis stig, soos Ek vir Dawid gestig het**, en Israel aan jou gee.

Later meer hieroor.

Gevolgtrekking.
Dit alles in ag genome, was daar mense wat gemeen het dat die Geloftekerkie die vervulling van die Gelofte is, en so is daar mense wat dit vandag nog glo. Dit is ‘n gegewe wat nie weg gewens kan word nie. Mens kan ook nie volhard in ‘n ongegronde tradisie nie.

As jy ‘n berekeningsfout maak, is die resultaat foutief. As jy verdere berekenings maak waarin die foutiewe resultaat gebruik word, sal al jou verdere resultate foutief wees. So is dit ook met die aanname dat die kerkie, die vervulling van die Gelofte is. Dit ontneem die volk al vir baie jare van hul verpligtinge m.b.t. die onderhouding van die Gelofte. Dit beteken dat die werklike betekenis van die Gelofte van voor af ontleed moet word.

4. Die Ontleding van die Gelofte

Om te weet wat met die bewoording van die Gelofte bedoel word, moet die Gelofte ontleed word.
Die Gelofte bestaan uit:

a. ’n Inleiding,
b. ’n Voorwaarde,
c. die Gelofte,
d. en ’n paar Ondernemings.

A. Die Inleiding:

“Mijne Broeders en mede-landgenoten, hier staan wij thans, op eene Ogenblik voor een Heilige God, van Hemel en aarde, om een belofte aan Hem te beloven,

Hierdie afdeling dui hulle aan wie deel van die Gelofte/kontrak is. Die *broeders* dui op die kommandolede; die *mede-landgenoten* dui op die mense in die laers en die ander Voortrekkers in die binneland. Die Voortrekker gemeenskap het geskeur tydens die slag van Italeni, en het die Potgieter Trek die Transvaalse binneland verkies, terwyl die Retief en Maritz Trekke Natal toe is.

B. Die Voorwaarde:

dat, “zoo de Heere ons de overwinning geven mogt,

Hiermee word bedoel dat die Gelofte en die ondernemings daarvan afhang of die HERE [JHWH] hulle die oorwinning sou besorg al dan nie. Sou dit Hom nie behaag nie, sou hulle uitgewis gewees het, en sou die geskiedenis van Suider Afrika baie anders daaruit gesien het. Feit van die saak is dat die Beskikker van die lotgevalle van alle volke met die Voortrekkers ’n ooreenkoms aangegaan het, en wat volgens die Skriftuurlike voorwaardes in stand gehou moet word. Die

Gelofte en die daarmee gepaardgaande ondernemings tree in werking na die oorwinning oor die vyand.

C. Die Gelofte:

Pretorius se verslag-weergawe stel die Gelofte as volg:
"wy den Heere tot zyns naams gedachtenis, een huis stichten zullen, alwaar Hy ons zulks aanwyzen zal; welke geloften wy nu ook hopen te betalen, met de hulp des Heeren,"

en sy Bantjes weergawe lees:

"een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen"— en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, "

Beide weergawes van die "gelofte gedeelte" is betekenisvol ooreenstemmend.
Dit gaan oor:

i. die stigting van 'n huis
ii. tot gedagtenis van Sy Groot Naam waar dit Hom behaag of waar Hy ons sal aanwys
iii. en die afsmeking van Sy hulp en bystand.

1) Die Stigting van 'n Huis, Teokrasie of Kerkgebou?

Die Voortrekkers was uitsonderlik gelowig gewees. Professor A.W.G Raath[33] wys daarop dat hul onder invloed was van veral Wilhelmus A Brakel, en Bullinger, wie se volgelinge as Puriteine[34] bestempel is. Vanuit hul uitgebreid kennis van die Skrif het hul die waarde van 'n gelofte geken en na onderlinge oorlegpleging daarop besluit.

Die bewoording kon nie anders as om ook Skriftuurlik geïnspireerd te wees nie. Die stigting van 'n huis kom volgens 1Kon.11:38 neer op die totstandkoming van 'n volksregering onder Bybelse Wette. Dit kan ook neerkom op die bou van 'n kerk, soos wat algemeen geglo word, en afgelei kan word van 1Kron.17:12. Onderstaande ontleding wys telkens op die Hebreeuse woorde en hul definisies. Daardeur word alle opsies openbaar en niks vir niemand weggesteek kan word nie. Al die Skrifaanhalings is geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Vertaling.

1Kon.11:38 En as jy luister na alles wat Ek jou beveel en wandel in my weë en doen wat reg is in my oë **deur my insettinge en my gebooie te hou, soos my kneg Dawid gedoen het**, dan sal Ek met jou wees en vir jou **'n bestendige huis stig, soos Ek vir Dawid gestig het**, en Israel aan jou gee.

1Ki. 11:38 And it shall be,[H1961] if[H518] thou wilt hearken unto[H8085 (H853)] all[H3605] that[H834] I command[H6680] thee, and wilt walk[H1980] in my ways,[H1870] and do[H6213] *that is* right[H3477] in my sight,[H5869] to keep[H8104] my statutes[H2708] and my commandments,[H4687] as[H834] David[H1732] my servant[H5650] did;[H6213] that I will be[H1961] with[H5973] thee, and **build[H1129]** thee a **sure[H539] house,[H1004]** as[H834] I **built[H1129]** for David,[H1732] and will give[H5414 (H853)] Israel[H3478] unto thee.

[33] Die teologiese agtergronde van die Voortrekkergelofte (1838), A W G Raath & E Erlank
[34] Def van Puritein sien ook Raath se laaste boek

1Kron.17:10-12

10 naamlik van die dae af dat Ek Rigters oor my volk Israel aangestel het; en Ek sal al jou vyande verneder. Daarom gee ek jou te kenne **dat die HERE vir jou 'n huis sal stig**.
11 En as jou dae vol is om heen te gaan saam met jou vaders, sal Ek jou nakomeling wat uit jou seuns sal wees, laat optree en sy koningskap bevestig.
12 **Hy sal vir My 'n huis bou**, en Ek sal sy troon bevestig tot in ewigheid.

1Ch. 17:10-12

10 And since the time[H4480 H3117] that[H834] I commanded[H6680] judges[H8199] *to be* over[H5921] my people[H5971] Israel.[H3478] Moreover I will subdue[H3665 (H853)] all[H3605] thine enemies.[H341] Furthermore I tell[H5046] thee that the LORD[H3068] will **build**[**H1129**] thee an **house.**[**H1004**]
11 And it shall come to pass,[H1961] when[H3588] thy days[H3117] be expired[H4390] that thou must go[H1980] *to be* with[H5973] thy fathers,[H1] that I will raise up[H6965 (H853)] thy seed[H2233] after[H310] thee, which[H834] shall be[H1961] of thy sons;[H4480 H1121] and I will establish[H3559 (H853)] his kingdom.[H4438]
12 He[H1931] shall **build**[**H1129**] me an **house,**[**H1004**] and I will stablish[H3559 (H853)] his throne[H3678] for ever.[H5704 H5769]

Hiermee die tersaaklike definisies van die betrokke Hebreeuse woorde volgens James Strong se Konkordansie:

H1129

בנה - bânâh- *baw-naw'* - A primitive root; to *build* (literally and figuratively): - (begin to) build (-er), obtain children, make, repair, set (up), X surely.

H1004

בית – bayith - *bah'-yith* - Probably from H1129 abbreviated; a *house* (in the greatest variation of applications, especially *family*, etc.): - court, daughter, door, + dungeon, family, + forth of, X great as would contain, hangings. home[born], [winter]house (-hold), inside(-ward), palace, place, + prison, + steward, + tablet, temple, web, + within (-out).

H539

אמן - 'âman - *aw-man'* - A primitive root; properly to *build up* or *support*; to *foster* as a parent or nurse; figuratively to *render* (or *be*) *firm* or faithful, to *trust* or believe, to be *permanent* or quiet; morally to *be true* or certain; once (in Isa 30:21; by interchange for H541) to *go to the right hand:* - hence assurance, believe, bring up, establish, + fail, be faithful (of long continuance, stedfast, sure, surely, trusty, verified), nurse, (-ing father), (put), trust, turn to the right.

1Kronieke 17:10-12 tref duidelik onderskeid tussen beide moontlikhede, nl. die stigting van 'n huis en die bou van die tempel. Alhoewel dieselfde Hebreeuse woord vir stig en bou gebruik word, en die begrip huis op 'n regering of 'n tempel kan dui, kan daar nie vanuit woord konteks 'n beslissing gemaak word of die stigting van die tersaaklike huis van die 1838 Gelofte 'n Godsdienstige regering of 'n kerkgebou moet wees nie. Omdat

beide opsies ewekansig is, moet mens beide opsies akkommodeer. Daar word voorts na dié te stigte huis as die Huis van Bloedrivier verwys.

Of dit 'n kerkgebou of 'n Volkshuishouding moes wees, word verder in die dokument gevoer.

2) Tot nagedagtenis van Sy Groote Naam waar dit Hom behaag

"een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen"— - Bantjes

"wy den Heere tot zyns naams gedachtenis, een huis stichten zullen, alwaar Hy ons zulks aanwyzen zal; - Pretorius

Die stigting van die Huis moet Sy Groot Naam in gedagtenis bring waar dit Hom behaag. Die vraag is of: a) die Geloftekerk hieraan kan voldoen, en of b) 'n Teokratiese staatsbestel hieraan kan voldoen?

a. Kan die Geloftekerk hieraan voldoen?

Indien die Geloftekerk hieraan moes voldoen, moet dit voldoen aan dit wat in die Skrifte hieroor opgeteke is. Die naaste wat daaraan gekom kan word is die tempel wat Salomo gebou het. Dit het JHWH [die HERE] **nie behaag** dat Dawid vir Hom 'n Huis moes bou nie, maar Salomo moes dit namens hom doen:

2Kron.6:5-11

5 Van die dag af dat Ek my volk uit Egipteland uitgelei het, **het Ek geen stad verkies** uit al die stamme van Israel **om 'n huis te bou, dat my Naam daar sou wees nie**; en Ek het geen man verkies om vors oor my volk Israel te wees nie.

6 Maar Ek het **Jerusalem verkies**, **dat my Naam daar sou wees**, en Ek het Dawid verkies om oor my volk Israel te wees.

7 Toe dit dan in die hart van my vader Dawid was om 'n huis te bou vir die Naam van die HERE, die God van Israel,

8 het die HERE aan my vader Dawid gesê: Dat dit in jou hart was om vir my Naam 'n huis te bou—daarin het jy goed gehandel dat dit in jou hart was.

9 Alleen maar, jy sal die huis nie bou nie, maar jou seun wat uit jou lendene sal voortkom, **dié sal vir my Naam die huis bou.**

10 En die HERE het sy woord vervul wat Hy gespreek het; sodat ek opgestaan het in die plek van my vader Dawid, en ek sit op die troon van Israel soos die HERE gespreek het; **en ek het die huis gebou vir die Naam van die HERE, die God van Israel,**

11 en die ark waarin die verbond van die HERE is, wat Hy met die kinders van Israel gesluit het, daar neergesit.

Die enigste Huis wat ter ere van Sy Groot Naam gebou is, en waarvoor JHWH [die HERE] toestemming gegee het, was die tempel wat die verbondsark en die heilige voorwerpe gehuisves het. Die Geloftekerkie kan allermins daarmee in

verband gebring word. Die maatstaf is dat die stigting van die huis tot nagedagtenis van Sy Groot Naam moet wees en dat die plek Hom moet behaag; dat Hy die plek daarvan sal aanwys. In Dawid se geval het JHWH [die HERE] d.m.v. die profeet tussenbeide getree en Sy wil bekend gemaak, nl. dat Dawid nie die huis mag bou nie, maar dat een van sy kinders dit sou doen. JHWH [die HERE] het ook die plek aangewys waar Salomo dit moes doen.

Indien die bou van die Geloftekerk ten doel gehad het om die Gelofte te volbring, nl. dat dit die huis moes wees wat ter nagedagtenis aan Sy Groot Naam gestig moes word waar dit Hom behaag, voldoen dit nie aan dit wat in die Skrif daaroor opgeteken is nie. Verder moes die plek JHWH [die HERE] behaag het, wat sover bekend, nêrens in die geskiedenis vermeld word nie. Derhalwe kwalifiseer dit nie as die vervulling van die Gelofte nie, soos wat ons reeds d.m.v. argivale ondersoek te wete gekom het.

b. Die stigting van die Huis moet Sy Groot Naam in gedagtenis bring waar dit Hom behaag. – Kan ’n Teokratiese staatsbestel hieraan voldoen?

Hierdie vraag moet ook Skriftuurlik ondersoek word ten einde te bepaal of die stigting van ’n huis kan neerkom op ’n Teokratiese bestel.

- *“een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen”*— - Bantjes
- *“wy den Heere tot zyns naams gedachtenis, een huis stichten zullen, alwaar Hy ons zulks aanwyzen zal;* - Pretorius

Die Stigting van ’n Huis kan ook soos reeds in par. **C.1.** hierbo genoem, neerkom op die totstandkoming van ’n regering wat gegrond is op Bybelse wette:
1Kon.11:38 En as jy luister na alles wat Ek jou beveel en wandel in my weë en doen wat reg is in my oë **deur my insettinge en my gebooie te hou, soos my kneg Dawid gedoen het**, dan sal Ek met jou wees en vir jou **‘n bestendige huis stig, soos Ek vir Dawid gestig het**, en Israel aan jou gee.

<u>Die stigting van ’n bestendige huis kom dus neer op ’n volksregering waarvan die grondwet die Bybelse wette is.</u>

Die maatstaf vir dat die stigting van die Huis van Bloedrivier, is dat dit tot nagedagtenis van die HERE [JHWH] se Groot Naam moet wees en dat die plek Hom moet behaag; dat Hy die plek daarvan sal aanwys.

Per definisie was Israel ’n Teokrasie. Die definisie van ’n Teokrasie is volgens: VERKLARENDE AFRIKAANSE WOORDEBOEK, Sesde uitgebreide uitgawe bewerk deur M.S.B. KRITZINGER, F.J. LABUSCHAGNE en P.DE V. PIENAAR [J.L. VAN SCHAIK BEPERK PRETORIA], as volg:

> *teokrasie, godsregering; regering waarby God as die onmiddelike bestuurder beskou word; kerkheerskappy.*

In die lig hiervan het die Voortrekkers bedoel om ’n teokratiese regering tot stand gebring soos wat Pretorius se brief aan ds. Van der Lingen van getuig: - “*sullen wy daar* ***tot een volk worden en ter syner ere leven.”*** soos vroeër aangehaal.

‘n Volk wat tot Sy eer wil leef, moet volgens Sy wil hulself orden, en ‘n *Kerkstaat* tot stand bring soos wat pres. S.J.P. Kruger in gedagte gehad het en soos wat die aangehaalde definisie ook verklaar - *kerkheerskappy*.

Die bewoording van die Gelofte voldoen dus daaraan dat die bedoeling daarvan moet neerkom op die totstandkoming van ‘n regeringsvorm dienooreenkomstig Bybelse wette – waarby God as die onmiddelike bestuurder beskou word.

Hierdie bestuursfunksie kom in die Ou Testament tot sy reg d.m.v. profetiese inspraak en die werp van die lot. Belangrik om daarop te let dat Pretorius d.m.v. die lot aangewys is as bevelvoerder van die Wenkommando.

> *“De aanstelling van gem. Heer Pretorius, tot Hoofdofficier of Kommandant, over de op handen zynde kommando werd toen aan den Raad de volks opgedragen, dewelke zulks blymoedig instemde. Doch er werd eerst en vooraf geloot onder de ander kommandanten, toen het lot juist op hem viel.”*[35]

Spr.16:33 In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE.

Hiermee onteenseglike getuienis van die aanstelling van Andries Pretorius as Hoofkommandant van die komando volgens teokratiese beginsels – *“regering waarby God as die onmiddelike bestuurder beskou word;”* elke beslissing kom van die HERE [JHWH]

Volgens Sp.16:33 hierbo aangehaal het JHWH [die HERE] vir Pretorius aangestel as Hoofkommandant. Pretorius wat vroeër die jaar aan ds. Van der Lingen geskryf het dat hul ’n volk vir JHWH [die HERE] wil word en tot Sy eer wil leef. Deur tot eer van JHWH [die HERE] te leef beteken dat Sy Gebooie gerespekteer word, waarvan die eerste Gebod bepaal dat jy Sy Naam nie ydelik sal gebruik nie.

Hierdie regeervorm van die Voortrekker volk wat tot Sy eer wou leef, nie Sy Gebooie mog breek nie, en daardeur ’n lewenswyse sou voer ter nagedagtenis van Sy Groot Naam, en Hom volgens die definisie van teokrasie as hul onmiddelike bestuurder sou beskou, voldoen aan die Stigting van die Huis [volksordening] ter nagedagtenis van Sy Groot Naam.

> Sarel Cilliers maak ook melding van die gebruik van die lot ter verkiesing van lede van of die Volksraad of die kerkraad [dit blyk nie heeltemaal duidelik nie], en dat hulle onder koningskap van: *“een Almagtig Koning der Koninggen In Heer der Heren”* staan. Dit blyk dat hy die brief rig aan

[35] De Zuid-Afrikaan, Vrydag den 14 Juny 1838.

die Volksraad. Sy brief getuig van tot welke mate hul Teokraties gedink en gedoen het. [36]

Vir die hoogs gelowige Voortrekkers was die Bybel die rigsnoer van hul lewens en het hulle daarvolgens gelewe soos die joernaal van J.G. Bantjes vir ons duidelik uitwys. Hulle eerste regering was dus Teokraties van aard.

c. Waar dit Hom behaag of **waar Hy ons sal aanwys**

Die onbekende faktor is dat die stigting sal geskied waar dit Hom behaag. As die stigting van die huis volbring is in die bou van die Geloftekerkie [wat lank nie meer as kerk bestaan nie], moet die Almagtige God se behae daarin geopenbaar wees, wat egter nie van getuig kan word nie. Selfs al is Sy behae daarin dan oorgedra na die tweede weergawe van die Geloftekerk, moet daar van Sy behae daarin rekenskap gegee kan word, wat egter nie die geval is nie. Dit beteken dat die Gelofte nie volbring is in die bou van die Geloftekerk nie.

Gesien in die lig van hul swak onderhouding van die Gelofte, en die gevolglike verlies van die Republiek Natal vier jaar na die veldslag a.g.v. hul swak onderhouding daarvan – Skriftuurlik gesproke, is die betaal van die Gelofte van hulle geëis en die werk van hul hande verwoes. Hul trek die binneland in, het hul nie gevrywaar van hul verpligting nie, en word daardie Republieke ook geannekseer. President Paul Kruger het tot die besef gekom dat die rede waarom hul hul Republieke verloor het, toe te skryf is aan hul verontagsaming van die Gelofte. Die gevolg is dat die Gelofte sedert 1879 hernu is en vir die eerste keer statutêr herdenk is, en wel tydens die Wonderfontein Volksvergadering.

Die statutêre aard daarvan is daarin geleë dat Andries Pretorius as bevelvoerder van die Wenkommando, in sy verslag aan die Volksraad melding gemaak het van die Gelofte, en dat hy voornemens was om dit te betaal. Die verantwoordelikheid daarvan het daarmee oorgegaan na die Volksraad, wat Pretorius as bevelvoerder aangestel het. Hul nalatigheid om dit te betaal het hul hul Republieke gekos.

Die klosule “waar dit Hom behaag” of “waar Hy ons sal aanwys” is nie in ons hande nie, en vir sover ons weet nog nie afgehandel nie, aangesien ons, as so ’n aanwysing plaasgevind het, daarvan sou weet. Die volbrenging van die Gelofte, is soos die nakoming van die voorwaarde daarvan, gekoppel aan voortdurende smeekinge totdat die Gelofte volbring is: *“en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen”*

3) Om Sy hulp en bystand af te smeek

Sou die bou van die Geloftekerkie die vervulling van die Gelofte wees, weet ons nie of die voortdurend smekinge, soos die Gelofte bepaal, gebid is nie. Die feit dat hulle die Gelofte uiters swak herdenk het, is ’n aanduiding tot welke mate

[36] Sarel Cilliers, Die Vader van Dingaansdag, Lewensskets van die groot Voortrekker deur GBA Gerdener, Aanhangsel II, Briewe en stukke – C.

hul smeekgebede sou voortduur. Navorsing het aan die lig gebring dat hierdie Gelofte nie deur die makers daarvan onderhou is nie. Dit was basies net Sarel Cilliers en Erasmus Smit wat as gesinne en enkele vriende die gelofte gereeld onderhou het, en dan ook nie op dieselfde perseel nie – DIE GELOFTE VAN 16 DESEMBER 1838: DIE HERDENKING EN BETEKENIS DAARVAN 1838-1910, deur ALANA BAILEY.

Omdat die voortgesette smeekgebede ’n voorwaarde is vir die volbrening van die Gelofte, kan aanvaar word dat dit nog nie volbring is nie, en nie volbring sal word alvorens elke bepaling van die kontrak nagekom is nie. Volgens die ooreenkoms bly dit egter die HERE [JHWH] se voorreg om, wanneer ons as Geloftevolk, Hom smeek en dit Hom behaag, hierdie Huis te stig. Laat ons daarom nie ledig wees nie, en in ons daaglikse gebede Hom smeek vir die volbrenging van die Gelofte.

Die geloftemakers en hul nageslag moet in terme van die Gelofte bly smeek totdat die gelofte volbring is, en die volbrenging van die Gelofte sal manifesteer in die stigting van ‘n Huis, wat soos nou al by herhaling aangedui is, neerkom op die totstandkoming van ‘n Volkshuishouding / Teokrasie.

Die feit dat die Strafkommando die Gelofte vir 7 agtereenvolgende dae herhaal het, wys daarop dat dit ‘n daaglikse gebed was en moet wees. Die Gelofte is nie met die oorwinning volbring nie, maar slegs die voorwaarde tot die gelofte – *“zoo de Heere ons de overwinning geven mogt,”.* Hulle het nie geweet op watter dag die geveg sou plaasvind nie, en het dus volhard in daardie gebed. Hul het nie ’n keuse gehad nie, aangesien dit deel van die bewoording was, en nog steeds is.

Dit beteken dat ons as Geloftevolk verplig is om daagliks die Gelofte te herhaal. Die uiteinde daarvan is dat ’n Volksregering tot stand sal kom waar dit Hom behaag. Ons moet ons dus grondwetlik voorberei om onsself volgens Bybelse maatreëls te regeer en daagliks daarvoor te bid. Die inwerkingtreding van die Huis van Bloedrivier is in Sy Hand en sal volbring word waar en wanneer dit Hom behaag.

Die Gelofte, nl. dat *“een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen”— en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen,”* is dus nog relevant.

Ons Voortrekker voorsate was Teokrate. Ons sal dit ook moet word as ons daardie Gelofte vir sover dit vir ons menslik moontlik is, wil volbring. Die res is in Sy Hande. ONS MOET DIE HUIS STIG TER NAGEDAGTENIS VAN SY GROOT NAAM WAAR DIT HOM BEHAAG! DIT IS ONS VERPLIGTING!

D. Die ondernemings:

i. *en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aantekenen,*
ii. *om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten,*
iii. *op dat het ter Eere van God gevierd mag worden.”*

1. In een boek zullen aantekenen

Hierdie ondernemig is nagekom. Jan Bantjes het die dag van die oorwinning in sy joernaal aangeteken, Andries Pretorius het dit 7 dae na die Slag in sy verslag aan die Volksraad bekend gemaak en beide hierdie dokumente het onderskeidelik op 14 Juny 1839 en 8 Februari 1839 in De Zuid-Afrikaan verskyn

2. **om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten**
   Hierdie onderneming is vir baie jare nagekom, en word nog steeds nagekom met die vertelling van die geskiednis aan die opkomende geslagte. Wanneer die laaste nageslag sal wees, weet ons nie. Ons moet net volhard in die oorvertelling van die geskiedkundige gebeure en sorg dat ons kinders daarin opgroei en dit derhalwe sal voortsit.

3. **op dat het ter Eere van God gevierd mag worden."**
   Hierdie onderneming word ook jaarliks nagekom, daarin dat die HERE [JHWH] die roem en die eer van die oorwinning ontvang tydens die herdenkingsgeleenthede waar 'n erediens plaasvind en 'n geskiedkundige oorsig van die dag se gebeure vertel word.

5. Skriftuurlike Verantwoordbaarheid

'n Gelofte is 'n ooreenkoms tussen een of meer mense en God. Dit is 'n kontrak en daar moet by die bepalings daarvan gehou word. Feit van die saak is dat mens nie aan 'n kontrak mag verander nie, veral nie as dit aangegaan is met Vader JHWH [die HERE] nie. Hy het streng reëls hieroor opgestel wat nougeset nagekom moet word.

Deut.23:21-23

21 As jy aan die HERE jou God 'n gelofte doen, moet jy nie versuim om dit te betaal nie; want die HERE jou God sal dit sekerlik van jou eis, en dit sal sonde in jou word.
22 Maar as jy nalaat om te belowe, sal dit geen sonde in jou wees nie.
23 **Wat oor jou lippe gaan**, moet jy hou en doen soos jy aan die HERE jou God vrywillig beloof het—**wat jy met jou mond gespreek het.**

Die korrekte nakoming van 'n gelofte is dus van die uiterste belang. Uit bostaande gegewens is dit duidelik dat die oorspronklike Gelofte nie meer ter sprake is nie. Ons stel onsself bloot daaraan dat dit sonde in ons sal word en dat ons hemelse Vader dit van ons gaan eis – vers 21 hierbo. In terme van Prediker 5:3-5 sal Vader JHWH [die HERE] die werke van ons hande verwoes indien ons dit sou nalaat:

Pred.5:3-5

3 As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe.
4 Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie.
5 Laat jou mond nie toe om op jou liggaam 'n sondeskuld te laai nie, en sê nie voor die gesant van God: Dit was 'n vergissing nie. **Waarom moet God toornig word oor jou stem en die werk van jou hande verwoes?**

Die huidige toedrag van sake waarin die werke van ons hande verwoes word, kan direk daaraan toegeskryf word dat ons nie ons geloftes betaal nie. JHWH [die HERE] sal nie ’n voorwaarde stel, en dit nie uitvoer nie.

6. Finale gevolgtrekking en aanbevelings

Die bedoeling van hierdie studie was om vas te stel wat bedoel word met die bewoording van die Gelofte van Bloedrivier, en of die standpunt dat die Geloftekerkie, wat tans ’n museum is, die vervulling van die Gelofte, wat die stigting van ’n huis is, verteenwoordig.

Alles in ag genome verteenwoordig die Geloftekerkie nie die vervulling van die Gelofte nie en bly dit die nageslag se verantwoordelikheid om te bly smeek tot tyd en wyl die Gelofte volbring is, bedoelende die totstandkoming van ’n eie regering soos wat die Voortrekkers dit beskou het; ’n Volksregering gegrond op Bybelse beginsels – ’n Teokrasie waar en wanneer dit Hom behaag- waar JaHHoWShuAh [Jesus] ons koning sal wees en ons Hom d.m.v. die lot kan raadpleeg hoedanig Hy ons wil regeer. Dit sal ’n sigbare getuie wees van Sy Liggaam op aarde waarvan ons lede is –

Efe.2:19-22

19 So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God,
20 gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is,
21 in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot ‘n heilige tempel in die Here,
22 in wie julle ook saam opgebou word tot ‘n woning van God in die Gees.

Om hierdie Huis tot stand te bring word van elke Volksgenoot verwag om:

a. die Gelofte daagliks te bid in ’n smeekgebed,
b. die oorspronklike Gelofte onder die aandag van medevolksgenote se aandag te bring,
c. elke Kerkraad en elke Gelofte Feeskomitee hierop attent te maak
d. sprekers en predikante wat Geloftefeeste toespreek of kerkdienste hou, aan te moedig om hierdie boodskap uit te dra.

Vrede

Bylae 1.

Die outentieke weergawe van die Bloedrivier Gelofte (1838)

deur

P.R. Swanepoel

en

P.C. Groenenstein

(26 Augustus 2011)

Voorgelê ter vervulling van die versugting om vas te stel watter weergawe van die Bloedrivier Gelofte (1838) as mees outentiek beskou moet word.

Hul storm! hul storm! die swarte drom,
En skreeu en bokspring soos hul kom.
Maar in die Treklaer is dit stil,
Want elke Boer weet wat hy wil:
Sy oog hou wag; sy hart herhaal
Die vroom gelofte elke maal,
En naas hom staan sy sanna klaar,
Die kruit en koeëls lê bymekaar.[37]

Theo Wassenaar

[37] Nienaber, P.J., *Afrikaanse Verhalende Verse* (Elfde Druk), pp. 97-99.

Inhoud

Afkortings 33

Voorwoord 34

I. Inleiding 35

1. Probleemstelling 35
2. Metodiek 36
3. Woordomskrywings 37
   - 3.1. Gelofte 37
   - 3.2. Geloftevolk 37
   - 3.3. Gemeentes 37
   - 3.4. JHWH 38
   - 3.5. Mutatis mutandis 38
   - 3.6. Outentiek 38
   - 3.7. Verbatim kopie 38
   - 3.8. Volksgeloftes 38

II. Die verskillende weergawes van die Bloedrivier Gelofte: 39

1. W.E.G. Louw 39
2. G.B.A. Gerdener 39
3. H.J. Hofstede 40
4. S. A. Cilliers 40
5. A.W.J. Pretorius 40
6. J.G. Bantjes 41

III. Vraag 1: Wanneer is die dokument te voorskyn gebring? 42

1. W.E.G. Louw 42
2. G.B.A. Gerdener 42
3. H.J. Hofstede Jr 42
4. S. A. Cilliers 42
5. A.W.J. Pretorius 43
6. J.G. Bantjes 43
7. Gevolgtrekking 43

IV. Vraag 2: Waar is die dokument te voorskyn gebring? 45

1. W.E.G. Louw 45
2. G.B.A. Gerdener 45
3. H.J. Hofstede 45
4. S. A. Cilliers 46
5. A.W.J. Pretorius 46
6. J.G. Bantjes 46
7. Gevolgtrekking 47

V. Vraag 3: Deur wie is dit te voorskyn gebring? 48

1. W.E.G. Louw (1913-1980) 48
2. G.B.A. Gerdener (1881-1967) 48
3. H.J. Hofstede (1837-1881) 49
4. S. A. Cilliers (1801-1871) 49
5. A.W.J. Pretorius (1798-1853) 50
6. J.G. Bantjes (1817-1887) 51
7. Gevolgtrekking 52

VI. Vraag 4: Uit watter vooraf bestaande materiaal is dit te voorskyn gebring? 53

1. W.E.G. Louw 53
2. G.B.A. Gerdener 53
3. H.J. Hofstede 54
4. S. A. Cilliers 54
5. A.W.J. Pretorius 54
6. J.G. Bantjes 55
7. Gevolgtrekking 55
1. W.E.G. Louw 56
2. G.B.A. Gerdener 56
3. H.J. Hofstede 56
4. S. A. Cilliers 57
5. A.W.J. Pretorius 57
6. J.G. Bantjes 57
7. Gevolgtrekking 57

VIII. Vraag 6: Watter bewyswaarde het die inhoud? 59

1. W.E.G. Louw 59

2. G.B.A. Gerdener 59
3. H.J. Hofstede 62
4. S. A. Cilliers 63
5. A.W.J. Pretorius 64
6. J.G. Bantjes 65
7. Gevolgtrekking 66
IX. Samevattend. 67
1. Samevatting van die vrae. 67
1.1. Vraag 1. Wanneer is die dokument te voorskyn gebring? 67
1.2. Vraag 2. Waar is die dokument te voorskyn gebring? 68
1.3. Vraag 3. Deur wie is dit te voorskyn gebring? 68
1.4. Vraag 4. Uit watter vooraf bestaande materiaal is dit te voorskyn gebring? 69
1.5. Vraag 5. In watter oorspronklike vorm is dit te voorskyn gebring? 69
1.6. Vraag 6. Watter bewyswaarde het die inhoud? 69
1.7. Samevattende gevolgtrekking m.b.t. die vrae: 70
2. Invloed van die outeurs 70
2.1. W.E.G. Louw 70
2.2. G.B.A. Gerdener 71
2.3. H.J. Hofstede 72
2.4. S. A. Cilliers 72
2.5. A.W.J. Pretorius 72
2.6. J.G. Bantjes 73
2.7. Samevatting en gevolgtrekking m.b.t. die invloed van die outeurs: 73
X. Gevolgtrekking en verdere aanbevelings. 74
1. Finale Gevolgtrekking 74
2. Aanbeveling m.b.t. Outentiekheid. 74
3. Aanbeveling m.b.t. regstelling. 75
Die Gelofte van Bloedrivier, 9-16 Desember 1838 75
4. Aanbevelings m.b.t. implementering 76
XI. Aanhangsels. 77
Aanhangsel 1: Aanvaarde Nederlandse vorm van die Gelofte. 77
XII. Bronne. 78

Afkortings

CVO	Christelike Volkseie Onderrig
e.a.	en andere
FAK	Federasie van Afrikaans Kultuurvereniginge
INEG	Instituut vir Eietydse Geskiedenis
m.b.t.	met betrekking tot
o.a.	onder andere
UOVS	Universiteit van die Oranje Vrystaat
UNISA	Universiteit van Suid-Afrika
UP	Universiteit van Pretoria

Voorwoord

Hierdie werk handel oor die Gelofte van 9 tot 16 Desember 1838 wat in aanbod tot kontrak aan die HERE [JHWH] voorgelê is, deur Hom aanvaar is, bekragtig is en met die bloed van drie gewonde voortrekkers beseël is, waaronder die bevelvoerder en inisieerder van die Gelofte.

Die grootste erkenning m.b.t. hierdie werk gaan aan ons hemelse Vader wat Homself aan Abraham, Isak, Jakob en Moses bekend gestel het as JHWH [JaHWeH] , en deur die vertalers van die Bybels in Afrikaans onderskeidelik met *die HERE* en *die Here* vertaal is.

Verder word hierdie werk opgedra aan die mans, vroue en kinders wat oor die eeue die herdenking van hierdie dag getrou in stand gehou het.

Hiermee verleen ons ook erkenning aan Schalk W Jacobsz wat die joernaal van die Uitgewekene Boere, soos gepubliseer in *De Zuid-Afrikaan 14 Juny* [sic] *1839*, vertaal het, en in sy boek: *Die Verbond by Bloedrivier*, opgeneem het. Hierdie werk het ons tot die besef gebring dat die huidige toedrag van sake m.b.t. die jaarlikse herdenking en aflegging van die Gelofte nie in ooreenstemming is met die oorsprong daarvan nie.

Dit is ons hartsbegeerte dat die Geloftevolk hul hemelse Vader sal liefhê met hul hele hart, siel en verstand, dat hul hierdie werk ernstig sal opneem en alles in die stryd sal werp om hierdie Gelofte te betaal soos dit voorgeskryf is in die Skrifte [Bybel].

Vrede

I. Inleiding

Weens die verskeidenheid van beweerde outentieke weergawes van die Bloedrivier Gelofte (1838) bestaan daar al vir baie jare meningsverskille binne die volk oor welke weergawe van die Gelofte die mees outentieke is. Hierdie verslag het ten doel om vas te stel welke weergawe as die mees outentieke beskou moet word.

1. Probleemstelling

Die bestudering van geskiedenis behels dat die student daarvan hom/haar vergewis van al die beskikbare bronne rondom die onderwerp wat hy of sy ondersoek. Omdat nuwe bronne of feite van tyd tot tyd te voorskyn kom, moet die student hom of haar nie laat mislei deur die populêre of tradisionele weergawes daarvan nie, maar slegs deur die feite van die saak. Prof. P.S. de Jongh meld in sy biografie oor Sarel Cilliers: *Sarel Cilliers* (Perskor, 1987), dat tradisionele opvattings en menings nie altyd die toets van wetenskaplike navorsing deurstaan nie[38].

Dikwels sal die student dan gekonfronteer word met nuwe feite, wat nie strook met die algemeen aanvaarde opvatting nie. Waar historici en lekeskrywers in die verlede durf waag het om nuwe feite aan die lig te bring, het dit in meer as een geval daartoe gelei dat hulle hul die gramskap van vele op die hals gehaal het. Prof. C.J. Uys maak melding dat hy as't ware sy kop in 'n bynes gesteek het, toe hy durf waag het om die aanvaarde opvatting te bevraagteken[39]. Die berugte "teer en veer" voorval van prof. Floors van Jaarsveld op 28 Maart 1979 in die senaatsaal van die UNISA kampus, kort voordat hy 'n lesing oor die afdwingbaarheid van die Sondagklousule in die Gelofte sou lewer, kan ook in die verband gestel word[40]. Die teendeel is darem seker ook waar, waar nuwe feite dikwels met ope arms aanvaar word.

[38] De Jongh, P.S., *Sarel Cilliers*, Perskor, 1987, Voorwoord.

[39] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?* Historia 3(2), Junie 1958, p.100.

[40] Hoofstad, 1979-03-29 *Aanranding op Prof: Polisie tree op*, p.1; The Natal Witness (Redaksioneel), 1979-03-30 *Tar and Feathers*, p.12.

2. Metodiek

Ten einde hierdie probleem die hoof te bied gaan die verskillende bronne van die weergawes aan die hand van die 'histories kritiese metode' gemeet word. Die vrae waaraan elke dokument onderwerp sal word sal dan soos volg wees:

- Wanneer is dit te voorskyn gebring?
- Waar is dit te voorskyn gebring?
- Deur wie is dit te voorskyn gebring?
- Uit watter vooraf bestaande materiaal is dit te voorskyn gebring?
- In watter oorspronklike vorm is dit te voorskyn gebring?
- Watter bewyswaarde het die inhoud?

Aan die einde van elk van die ses vrae sal die antwoorde beoordeel word om te bepaal watter weergawe van die Bloedrivier Gelofte (1838) die beste voldoen aan die reëls van outentiekheid. Al die vrae se gevolgtrekkings sal dan ook samevattend beoordeel word ten einde vas te stel welke weergawe as die mees outentieke beskou moet word. Die outeurs se invloed op die Gelofte sal ook bespreek word.

Die volgorde waarvolgens die outeurs en hul bronne in die analise behandel word is gegrond op die datum waarop die werk ontstaan het, naamlik van die jongste tot die oudste.

Binne die konteks van die analise waaraan hoofsaaklik die verskillende weergawes van die Bloedrivier Gelofte onderwerp is, kon die res van die aangehaalde bronne nie buite rekening gelaat word nie. Let egter op dat daar voortdurend op die verskillende weergawes van die Gelofte gefokus is.

3. Woordomskrywings

3.1. Gelofte

Binne die raamwerk van hierdie verslag verwys Gelofte na die gelofte wat op die 9de Desember 1838 by die Blyrivier [latere Wasbankrivier] vir die eerste keer afgelê is. Die gedagte rondom die aflegging van geloftes het sy oorsprong binne die Bybel, wat die belangrikste geskrif was vir die Voortrekkers. Daarnaas was werke van verskeie "oude schrijvers" tot beskikking van die Voortrekkers, waarvan W.A. Brakel seker die bekendste was[41].

3.2. Geloftevolk

Die verwysing na Geloftevolk het betrekking op daardie Volk wat teen Desember 1838 deur die Gelofte van Van Riebeeck van 1654, asook deur die Gelofte van Bloedrivier aan die HERE [JHWH] verbonde was. Teen 1880 het die Gelofte van Paardekraal die geloftekarakter van hierdie Volk bevestig en na die Slag van Majuba is die band van die verbond tussen die Almagtige God en hierdie geringe Volkie internasionaal geïllustreer. Die Geloftes is die mees uitstaande kenmerk van hierdie volk, wat alhoewel in Afrika gebore, en as Boer die binneland getem, bewerk en benut; al vir 172 jaar die Gelofte eerbiedig en bo die sterk Afrikaner- en Boere identiteit, die naaste aan sy God kom in die benaming Geloftevolk.

Die bewoording van die 1838 Gelofte bevat 'n inherente Vryheidsmanifes wat met die bestudering daarvan voorsiening maak vir die soewereiniteit van hierdie Volk, en verdien om in diepte ondersoek te word.

3.3. Gemeentes

Die gemeentes waarna hier verwys word is die drie gemeentes wat tydens die Strafekspedisie tot stand gekom het en die Geestelike been van die opmars teen die vyand gevorm het. Hul was onder leiding van Cilliers, Landman en Joubert.

[41] Raath, A.W.G., Erlank, E., *Die teologiese agtergronde van die Voortrekkergelofte (1838)*, HTS 57(3&4) 2001, p.909.

3.4. JHWH

Volgens die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal [(HAT],* Perskor, Tweede hersiene uitgawe, eerste druk 1979; beteken JHWH die volgende: Jah-we(h)´ (uitspr. ja-w è). (Hebr.) Naam van die God van Israel, gewoonlik aangedui deur 'n woord met vier letters JHWH, waarvan die uitspraak onseker is omdat die Jode uit ontsag die heilige naam nie wou uitspreek nie.

3.5. Mutatis mutandis

Volgens die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal [(HAT],* Perskor, Tweede hersiene uitgawe, eerste druk 1979; beteken Mutatis mutandis die volgende: Met die nodige veranderinge.

3.6. Outentiek

Volgens die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek [VAWB]*, J.L. VAN SCHAIK PRETORIA, 1972; beteken outentiek die volgende: eg, oorspronklik, betroubaar, geloofwaardig.

3.7. Verbatim kopie

Woordelikse afskrif. Om 'n afskrif te maak van 'n dokument wat woord vir woord ooreenstem met die oorspronklike.

3.8. Volksgeloftes

Die Geloftevolk is deur drie geloftes aan die HERE [JHWH] verbonde, naamlik die Van Riebeeck Gelofte van 1654, die Bloedrivier Gelofte van 1838 en die Paardekraal Gelofte van 1880.

II. Die verskillende weergawes van die Bloedrivier Gelofte:

Daar is op die volgende weergawes besluit aangesien ander minder bekende weergawes nie in wese hiervan afwyk nie, en omdat dit die verskillende weergawes is waaraan historici en lekeskrywers die meeste outentiekheid verleen. W.E.G. Louw se weergawe, wat 'n verwerkte vertaling van die "*aanvaarde Nederlandse weergawe*" [42] is, is bygebring omdat dit die weergawe is wat tans algemeen in gebruik is. Dit pryk ook in goue letters op 'n muurpaneel in die Voortrekker-Gedenkkerk in Pietermaritzburg, omring deur honderde knopkieries en assegaaie in wit sementteëls[43].

1. W.E.G. Louw

"My broeders en mede- landgenote, hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag, soos 'n sabbat sal deurbring; en dat ons 'n huis tot Sy eer sal oprig waar dit Hom behaag; en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hul met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte; want die eer van Sy Naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van die oorwinning aan Hom te gee. "[44]

2. G.B.A. Gerdener

"Mijne broeders en medelandgenoten, hier staan wij tans op een ogenblik voor een heilige God van hemel en aarde om een belofte aan Hem te beloven, als Hij met Zijn bescherming met ons zal wezen, en onze vijand in onze handen zal geven dat wij hem overwinnen, dat wij die dag en datum elke jaar als een verjaarsdag en een dankdag zoals een Sabbat in Zijn eer zal doorbrengen, en dat wij een tempel tot Zijn eer stichten zal, waar het Hem zou behagen, en dat wij ook aan onzen kinderen zal zeggen, dat zij met ons erin moeten delen, tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten. Want de ere van Zijn Naam daardoor zal verheerlikt worden, dat de roem en eer van overwinning aan Hem zal worden gegeven."[45]

---

[42] INEG, Bloemfontein: PV 202 lêer 1/2/3/2/5: *Notule van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK*, 1962-02-07, p.9 (Verwys die Aanvaarde Nederlandse vorm); Aanhangsel 1.

[43] Le Roux, P.R. (argitek), *Simboliek van die Voortrekker-Gedenkkerk*, Die Kerkbode, 1965-12-15, p.1605.

[44] INEG, Bloemfontein: PV 202 lêer 1/2/3/2/5: *Notule van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK*, 1962-02-07, p.9 (Verwys die Afrikaanse verwerking).

[45] Gerdener, G.B.A., *Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag* (3de Uitgaaf), pp. 67-68.

3. H.J. Hofstede

"Dat allen biddende in geest en in waarheid van God zoude vragen om eene volkome overwinning op hunne vijand, en dat, als de overwinning op hun gebed geschonken werd, zij dien dag jaarlijks als een feestdag ter eere van God doorbrengen en een tempel ter zijne eer stichten zoude, waar het Hem zoude behagen, opdat het nageslacht nooit zoude vergeten, hoe de Heer hun Vaderen uit zoo grooten nood geholpen had"[46]

4. S. A. Cilliers

"Mijne Broeders en mede-landgenoten, hier staan wij thans, op eene Ogenblik voor een Heilige God, van Hemel en aarde, om een belofte aan hem te beloven, als hij met zijne bescherming, met ons zal wezen, en onze vijand in onze handen, zal geven dat wij hem overwinnen, dat wij die dag, en de datum, elk jaar als een verjaarsdag, en een dankdag, zoo als een Sabbath, en zijne eere, dienen zal, doorbrengen en dat wij het ook aan onzen kinderen zal zeggen, dat zij met ons er in moeten deelen, tot gedachtenis, ook voor ons opkomende geslagten, en als iemand is die er onder bezwaard bevind, dat die dan van deze plaats, weg moeten gaan, Want de eere van zijn naam, daardoor zal verheerlijk worden, dat de roem en eer van overwinning, aan hem zal worden gegeven, Ik zeide ook verder, dat wij in de gebed zamen moeten deelen, die tot den troon van Zijne Genade zal worden opgezonden, en zoo voor, en ik bereyde mijne handen, na de Hemel uit, in naam van ons allen"[47]

5. A.W.J. Pretorius

"Verder wens ik UE. Ook ter kennis te brengen, dat wy alhier onder elkander besloten hebben, om den dag onzer overwinning , zynde Zondag den 16 dezer maand December, onder ons gansche geslacht te doen bekend worden, en dat wy het aan den Heer willen toewyden, en vieren met Dankzeggingen, zoo als wy, voor dat wy tegen den vyand streden, in het openbare gebed beloofd hebben, zoo ook, dat zoo wy de overwinning verkrygen mogen, wy den Heere tot zyns naams gedachtenis, een huis stichten zullen, alwaar Hy ons zulks aanwyzen zal; welke geloften wy nu ook hopen te betalen, met de hulp des Heeren, nu hy [sic] ons gezeggend, en onze gebeden verhoord heeft." [48]

---

[46] Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, p.45.

[47] Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, p.58; Lion Cachet, F., *De Worstelstrijd der Transvalers (2de druk)*, p.196; Gerdener, G.B.A., *Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag* (3de Uitgaaf), pp. 121-122.

[48] *De Zuid-Afrikaan*, 15 Februari [sic] 1839.

6. J.G. Bantjes

"dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde (indien allen wel wilden),—"om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen"— en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden."[49]

[49] *De Zuid-Afrikaan*, 14 Juny [sic] 1839 (Byvoegsel Bantjes Joernaal).

III. Vraag 1: Wanneer is die dokument te voorskyn gebring?

1. W.E.G. Louw

In 1962[50] het W.E.G. Louw 'n Afrikaanse weergawe van die Gelofte aan die FAK voorgelê. Hy het van die "*aanvaarde Nederlandse*" weergawe gebruik gemaak as bron vir die vertaling. Sy verwerking verskyn 124 jaar na die Slag van Bloedrivier.

2. G.B.A. Gerdener

In 1919[51] verskyn Gerdener se biografie oor Sarel Cilliers, "*Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag*", waarin Gerdener sy rekonstruksie van die Gelofte opneem. Hierdie werk verskyn 81 jaar na die Slag van Bloedrivier.

3. H.J. Hofstede Jr

In 1876[52] publiseer Hofstede sy boek getiteld: '*Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*'. In sy Voorrede meld Hofstede dat hy in September 1872 met die werk aanvang geneem het[53]. In hierdie werk verskyn Hofstede se weergawe van die voorgestelde Gelofte aan die gemeentes. Hierdie publikasie verskyn 38 jaar na die Slag van Bloedrivier.

4. S. A. Cilliers

In ongeveer 1870/1871[54] is Cilliers se herinneringe kort voor sy dood opgeteken, wat as sy sogenaamde joernaal bekend staan. Hierdie werk bevat sy weergawe van die Gelofte, ruim 32/33 jaar na die slag van Bloedrivier.

---

[50] INEG, Bloemfontein: PV 202 lêer 1/2/3/2/5: *Notule van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK*, 1962-02-07, p.9.

[51] Gerdener, G.B.A., *Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag* (3de Uitgaaf), p. 4.

[52] Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, Inleidende titel blad.

[53] Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, Voorrede, p. VII.

[54] Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, pp. 50-66. Bird het in sy *Annals of Natal* (1888, pp. 238 - 252.) ook 'n Engelse weergawe daarvan opgeneem.

5. A.W.J. Pretorius

Pretorius doen verslag aan die Volksraad op 22 Desember 1838[55]. Hierdie verslag, met Pretorius se weergawe van die Gelofte daarin, verskyn in *'De Zuid-Afrikaan - 15 Februari* [sic] *1839'*[56]. Naas Bantjes se weergawe is dit die oudste weergawe van die Gelofte[57]. Sy weergawe word 6 dae na die slag op skrif gestel, en verskyn byna 7 weke daarna in die koerant.

6. J.G. Bantjes

Bantjes teken in sy dagboek[58] die daaglikse gebeure ten tye van die ekspedisie, aan. Hierdie joernaal is gepubliseer in *'De Zuid-Afrikaan - 14 Juny* [sic] *1839'*[59] en bevat sy weergawe van die Gelofte wat hy op 9 Desember 1838 aangeteken het - 7 dae voor die slag van Bloedrivier. Dit is voorwaar die eerste aantekening van die Gelofte waarvan ons bewus is[60].

7. Gevolgtrekking

[55] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?*, Historia 3(2), Junie 1958. p99. Uys meld in die artikel dat daar verwarring oor die datum van Pretorius se verslag bestaan (22 Desember 1838 teenoor 23 Desember 1838), en wys daarop dat dit waarskynlik te danke is aan 'n fout van die setter van *De Zuid-Afrikaan*.

[56] Die oorspronklike verslag het egter verlore geraak, maar dit is in die *De Zuid-Afrikaan, 15 Februari* [sic] *1839* opgeneem, en is die vroegste bron daarvan waaroor ons vandag beskik.

[57] Van Jaarsveld, F.A., *Die Afrikaners se Groot trek na die Stede en ander opstelle, p.301.*

[58] Bantjes se joernaal is, net soos Pretorius se verslag, vandag egter soek. 'n Gedeeltelike afskrif daarvan het in *De Zuid-Afrikaan, 14 Juny* [sic] *1839* verskyn.

[59] *De Zuid-Afrikaan*, 14 Juny [sic] 1839 (Byvoegsel Bantjes Joernaal).

[60] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?*, Historia 3(2), Junie 1958. p99.; Van Jaarsveld, F.A., *Die Afrikaners se Groot Trek na die Stede en ander opstelle*, p.300.; Jansen, E.G., *Die Voortrekkers in Natal, Opstelle deur E.G. Jansen., Is die Gelofte op Danskraal afgelê?* (Pretoria, 1938). Bailey, A., *Die Gelofte van 16 Desember 1838: Die Herdenking en Betekenis Daarvan, 1838 TOT 1910*, U.P., Oktober 2002, p.24.

Volgens die definisie van outentiekheid[61] dra Bantjes se weergawe die meeste gewig. Daarna volg Pretorius se weergawe wat minder as 2 weke na Bantjes s'n aangeteken is. Die ander weergawes kan nie naastenby dieselfde gewig dra nie aangesien hulle dekades daarna ontstaan het.

Bantjes en Pretorius se weergawes is die enigste tydgenootlike van al die weergawes van die Gelofte tot ons beskikking. Hiervolgens kwalifiseer Bantjes se weergawe as die mees outentieke weergawe van die Gelofte van Bloedrivier waarna Pretorius s'n volg.

[61] Van Jaarsveld, F.A., *Die Afrikaners se Groot trek na die Stede en ander opstelle*, p.300. Die reël bepaal dat hoe nader 'n bron aan die gebeurtenis waaroor dit handel is, hoe meer kan daarop vertrou word as 'n akkurate beskrywing van die gebeure. Verder bepaal die reël ook dat 'n primêre bron meer betroubaar is as 'n sekondêre bron, wat meer betroubaar is as 'n tersiêre bron (Olden-Jørgensen (1998) and Thurén (1997)).

IV. Vraag 2: Waar is die dokument te voorskyn gebring?

1. W.E.G. Louw

Op Woensdag 1 Februarie 1962 het Louw sy verwerkte vertaling aan die Uitvoerende Raad van die F.A.K. op 'n vergadering in Klub Here Sewentien in Kaapstad verskaf[62]. Louw was gedurende hierdie tyd werksaam as kunsredakteur van '*Die Burger*' in Kaapstad[63]. Hierdie vertaling is ook opgeneem op 'n muurpaneel van die Voortrekker-Gedenkkerk in Pietermaritzburg wat op 6 April 1962 ingewy is[64]. Die FAK het hierdie verwerking in 1966 as 'n muurkaart uitgegee en reg deur die land versprei[65].

2. G.B.A. Gerdener

In 1919 publiseer Gerdener sy biografie oor Sarel Cilliers: '*Sarel Cilliers Die Vader van Dingaansdag*'. In hierdie werk verskyn Gerdener se gerekonstruktueerde weergawe van die Gelofte. Die boek word uitgegee deur Van Schaik Uitgewers in Pretoria, Transvaal. Ten tye van sy publikasie was hy werksaam as voorsitter van die Christen-Studentevereniging (CSV) gesetel in Stellenbosch, Kaap Provinsie[66].

3. H.J. Hofstede

In 1876 publiseer Hofstede, 'n Vrystaatse vrederegter, sy boek getiteld: '*Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*', gedruk in 'S Gravenhage Nederland. Tydens die skryf van die boek se voorrede in Mei 1874[67] bevind hy hom in Bloemfontein. Hy meld ook dat hy wyd gereis het met sy navorsing en dat hy o.a. Natal en Zululand besoek

[62] INEG, Bloemfontein: PV 202 lêer 1/2/3/2/5: *Notule van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK*, 1962-02-07, p.1 en p.9.

[63] Die Burger, 1980-04-25 *(Redaksioneel)*, p.16; Die Burger, 1980-04-25 *W.E.G. Louw as koerantman*, p.14.

[64] Ferreira, O.J.O., *Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee*, U.P., Desember 1970, p.303.

[65] Bailey, A., *Die Gelofte van 16 Desember 1838: Die Herdenking en Betekenis Daarvan, 1838 TOT 1910*, U.P., Oktober 2002, p.26; INEG, Bloemfontein: PV 202 lêer 1/2/3/2/6: *Notule van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK*, 1966-02-11, p.6, par.18.

[66] Van der Watt, G., *G B A Gerdener - Koers-aanwyser in die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Sending en Ekumene*, UOVS, Julie 1990, p.6.; Greyling, P., *Overkruin Maandblad van die NG Gemeente Overkruin, "Welkom dierbaar woord van God"*, Augustus 2008; Gerdener, G.B.A., *Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag (3de Uitgaaf)*, p. 4.

[67] Hofstede, H.J., Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat, p.VIII.

het[68]. In sy boek verskyn 'n verbatim kopie van Cilliers se weergawe, sowel as Hofstede se weergawe van die voorgestelde Gelofte aan die gemeentes. Hy dra hierdie boek op aan sy Volksraad[69].

4. S. A. Cilliers

In ongeveer 1870/1871 word Sarel Cilliers se herinneringe aan die einde van sy dae op sy plaas Doornkloof in die Kroonstad distrik, aangeteken[70]. 'n Verbatim kopie van hierdie aantekeninge, wat as sy sogenaamde joernaal beskou word, is deur H.J. Hofstede in sy boek '*Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat'* gedurende 1876 gepubliseer[71].

5. A.W.J. Pretorius

Pretorius was die gelote[72] kommandant van die ekspedisie, en in daardie hoedanigheid doen hy verslag aan die Volksraad op 22 Desember 1838[73]. Hierdie verslag, met Pretorius se weergawe van die Gelofte daarin, verskyn in *'De Zuid-Afrikaan - 15 Februari* [sic] *1839'*.

6. J.G. Bantjes

Bantjes was die klerk van die Volksraad en amptelike sekretaris van die ekspedisie onder aanvoering van Pretorius gedurende November/Desember 1838. Hy hou daagliks boek van die gebeure, wat tans as sy joernaal

[68] Hofstede, H.J., Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat, Voorrede, p. VII.

[69] Hofstede, H.J., Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat, Inleidende titelblad.

[70] De Jongh, P.S., Sarel Cilliers, Perskor, 1987, p.278.; Gerdener, G.B.A., *Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag (3de Uitgaaf)*, p.68, voetnota.

[71] Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, pp. 50-66

[72] De Zuid-Afrikaan 14 Juny 1839: *"De aanstelling van gem. Heer Pretorius, tot Hoofd-Officier of Kommandant, over de op handen zynde kommando werd toen aan den Raad des volks opgedragen, dewelke zulks blymoedig instemde. Doch er werd eerst en vooraf geloot, onder de andere Kommandanten, toen het lot juist op hem viel. Hy werd dan, met de gelukwensching van een ieder die tegenwoordig was, onder wettige instructie, door vemelde Raad geformeerd, aangesteld; -toen hy, de Heer Pretorius, nu Hoofd-Kommandant, met gepastheid, synen dank betuigde, sprak: dat, hoe ongaarns ook, echter daar het lot op hem gevallen was, ..."*

[73] Die oorspronklike verslag het egter verlore geraak, maar dit is in die *De Zuid-Afrikaan, 15 Februari* [sic] *1839* opgeneem, en is die vroegste bron daarvan waaroor ons vandag beskik.

bekend staan. Hierdie joernaal is gepubliseer in *'De Zuid-Afrikaan - 14 June* [sic] *1839'*[74] en bevat sy weergawe van die Gelofte wat hy op 9 Desember 1838 aangeteken het.

7. Gevolgtrekking

Beide Bantjes en Pretorius se weergawes is ten tye van die strafekspedisie teen Dingaan in Natal aangeteken. Hulle dokument ontstaan dus geografies na aan die slagveld waar die Gelofte gesluit is. Cilliers se dokument ontstaan kort voor sy dood op sy plaas Doornkloof in die Republiek van die Oranje Vrystaat. Hofstede dra sy boek, wat in Nederland gedruk is, op aan die Volksraad van die Oranje Vrystaat, hy het egter die geografiese gebiede waar die gebeure in afgespeel het, persoonlik besoek. Toe Gerdener se boek gepubliseer is, was hy werksaam in Stellenbosch. Op sy beurt was Louw werksaam in Kaapstad.

Slegs Bantjes en Pretorius se dokumente ontstaan verseker in die direkte geografiese omgewing waaroor die ondersoek handel. Hofstede het wel die gebied besoek, maar sy besoek geskied eers meer as 34 jaar na die slag. Alhoewel Cilliers se dokumentering in die Oranje Vrystaat plaasvind, was hy die enigste van die oorblywende outeurs wat ook in die geografiese gebied teenwoordig was tydens die afloop van die gebeure.

Geografies gesproke ontstaan slegs Bantjes en Pretorius se dokumente binne die gebied waar die gebeure hul afspeel, wat aan hul dokumente die meeste outentiekheid in die verband verleen. Wat die inhoud van die Gelofte betref is die geografiese faset egter nie 'n beslissende nie.

[74] Bantjes se joernaal is, net soos Pretorius se verslag, vandag egter soek. 'n Gedeeltelike afskrif daarvan het in *De Zuid-Afrikaan, 14 Juny* [sic] *1839* verskyn. 'n Engelse weergawe daarvan is ook in Bird se *Annals of Natal* opgeneem wat in 1888 gepubliseer is.

V. Vraag 3: Deur wie is dit te voorskyn gebring?

1. W.E.G. Louw (1913-1980)

William Ewart Gladstone Louw skryf in 1931 in vir sy BA-graad aan die Universiteit van Kaapstad. In 1935 behaal hy sy MA-graad aan dieselfde instansie, waarna hy na Nederland vertrek en in 1939 sy doktorale eksamens in die Nederlandse taal en letterkunde voltooi aan die *Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam*. In 1942 verskyn Louw se tesis "*Die invloed van Gorter op Leopold: 'n bydrae tot die studie van die sensitivisme"*. Daarmee verwerf hy sy doktersgraad aan die Universiteit van Kaapstad. Vanaf September 1942 het hy vir die Reddingsdaadbond in Johannesburg gewerk. In 1944 word hy benoem tot hoogleraar in die Afrikaanse taal- en letterkunde aan die Rhodes Universiteitskollege in Grahamstad. In 1957 aanvaar hy die pos as kunsredakteur by '*Die Burger*'. 'n Pos wat hy met groot lof beklee het tot en met sy aanvaarding van die professoraat in die Afrikaanse-Nederlandse letterkunde, en meer spesifiek die Nederlandse letterkunde, aan die Universiteit van Stellenbosch in 1967. In 1978 tree hy af en sterf op 24 April 1980 onverwags aan 'n hartaanval op sy hoewe *'Sondraai'* net buite Stellenbosch. [75]

Sy deurgrondige kennis van beide Afrikaans en Nederlands maak hom by uitstek geskik vir die vertaling van die Gelofte. Tydens die verwerking van die Gelofte beklee hy die pos van kunsredakteur by '*Die Burger*' dagblad[76].

2. G.B.A. Gerdener (1881-1967)

Gustav Bernhard August Gerdener ontvang aan die Kweekskool op Stellenbosch sy teologiese opleiding. In 1904 ontvang hy 'n MA-graad in Filosofie aan die *University of Cape of Good Hope* en in 1905 word hy as proponent gelegitimeer. Van 1906 tot 1912 tree hy o.a. op as die redakteur van *'Die Christen Student'*. Vanaf sy vyftiende verjaardag, met die stigtingsvergadering van die Christen-Studente Vereniging (CSV) te Stellenbosch, is hy nou betrokke by die CSV, eers as reisende en algemene sekretaris en die laaste jare as voorsitter daarvan. In 1919 verlaat hy die beweging waarna hy na Duitsland vertrek vir verdere studies. In 1923 aanvaar hy die beroep na die gemeente te Wakkerstroom, Transvaal, waarna hy in 1933 dosent word aan die Sendinginstituut van die NG Kerk op Wellington. Vanaf 1937 tot 1955 beklee hy die pos van hoogleraar in Nuwe Testament, Sendingswetenskap, en sedert 1946 ook in Praktiese Teologie, aan die Kweekskool op Stellenbosch. In 1955 emeriteer hy na 19 jaar by die Kweekskool. Op 15 Augustus 1967 sterf hy op die ouderdom van ses-en-tagtig-jaar op Stellenbosch.

[75] Terblanche, E., *W.E.G. Louw (1913-1980)*, Litnet, www.litnet.co.za.

[76] Burger, 1980-04-25 *(Redaksioneel)*, p.16; Die Burger, 1980-04-25 *W.E.G Louw as koerantman*, p.14.

Gerdener was 'n vaardige skrywer en het talryke publikasies waaronder boeke en artikels in tydskrifte, die lig laat sien in sy lewe. Hy was die outeur van *'Katkisasieboek'* in 1927. Gerdener sal egter die meeste onthou word vir sy betrokkenheid by die sendingaksies. Reeds in 1910 verteenwoordig hy die N.G. Kerk op die Internasionale Sendingskonferensie in Edenburg, Skotland. Sedert 1938 dien hy op die Algemene Sinodale Sendingkommissie, meestal as voorsitter. Hy dien o.a. op die '*Naturelle-sakekommissie van die Federale Raad van Kerke'*, *'Die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse -aangeleenthede (SABRA)'.* In 1948 verteenwoordig hy die Kaapse en Transvaalse Kerke op die stigtingsvergadering van die *'Wêreldraad van Kerke'* in Amsterdam. Hy reis wyd en woon talle ander sendingverwante vergaderings regoor die wêreld by.[77]

Gedurende 1919 toe hy werksaam was by die CSV het hy sy biografie oor Sarel Cilliers die lig laat sien. Hy verklaar in die inleiding van sy boek dat hy die werk onderneem het sodat die nageslagte die dag op 'n waardige en vrugbare wyse kan vier, soos deur die manne van Bloedrivier bedoel is[78].

3. H.J. Hofstede (1837-1881)

Helperus Johannes Hofstede was 'n vrederegter in die *Oranje-Vrijstaat*, en het geroepe gevoel om die geskiedenis daarvan aan te teken. In 1876 publiseer Hofstede sy boek getiteld: '*Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat'*. Die doel van die werk was om aan die Oranje Vrystaatse Volksraad, en ander "medeburgers" 'n oorsig te gee van die geskiedenis wat gelei het tot die totstandkoming van die Oranje Vrystaat[79].

4. S. A. Cilliers (1801-1871)

Sarel Arnoldus Cilliers[80] het in 1836 die Grootrivier met sy gesin oorgesteek, en was van die eerste Trekkers. P.S. De Jongh meld in sy biografie oor Cilliers dat veldkornet Gideon Joubert op 25 Februarie 1836 in 'n skrywe aan siviele kommissaris W.C. van Ryneveld berig dat Sarel Cilliers, Christiaan Liebenberg en Stephanus Liebenberg reeds oorkant die Oranjerivier was met die gedagte om nie weer na die Kolonie terug te keer nie[81]. Benewens sy rol in Natal, onderskei hy hom ook as dapper vegter by Vegkop, asook tydens die strafekspedisie teen Silkaats. Dit is welbekend dat hy gereeld, waar hy betrokke was, voorgegaan het met godsdiensoefeninge.

[77] Van der Watt, G., *G B A Gerdener - Koersaanwyser in die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Sending en Ekumene*, UOVS, Julie 1990, pp. 5-9

[78] Gerdener, G.B.A., Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag (3de Uitgaaf), p. 13.

[79] Hofstede, H.J., Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat, pp.VII-.VIII.

[80] De Jongh, P.S., Sarel Cilliers, Perskor, 1987, p.13.

[81] De Jongh, P.S., Sarel Cilliers, Perskor, 1987, p.70.

Van sy medereisgenote het getuig dat hy die nie-amptelike leraar van die Potgieter-trek was[82]. Op Pretorius se versoek gaan hy voor tydens die aflegging van die Gelofte[83], wat hulle dan ook daagliks herhaal tot en met die 16 Desember 1838[84].

Na die slag van Bloedrivier vestig hy hom op sy plaas *Welgevonden,* Pietermaritzburg[85]. In Februarie 1847, ongeveer vier jaar na die Britse anneksasie, verlaat Cilliers vir goed Natal[86] en vestig hom op die plaas Doornkloof in die distrik Kroonstad[87]. Op 4 Oktober 1871 is Cilliers op sy plaas Doornkloof oorlede[88].

5. A.W.J. Pretorius (1798-1853)

Andries Wilhelmus Jacobus Pretorius het hom reeds voor die Groot Trek onderskei as 'n besondere leiersfiguur tydens die Sesde Grensoorlog van 1834-1835 waartydens hy 800 burgers uit Graaff-Reinet aangevoer het[89]. Na die wrede moorde van Dingaan op die Trekkers haas hy hom vanuit die Kolonie om aan te sluit by die strafkommando wat ten doel sou hê om uit te trek teen die Zoeloes in Natal[90]. Kort na sy aankoms in Natal word hy d.m.v. die lot as leier aangewys[91], en aangestel as die Hoofkommandant van die strafekspedisie teen Dingaan[92]. Weens sy uitsonderlike leierskap word die strafekspedisie in 'n hegte eenheid saamgesnoer en op 16 Desember 1838 voer Andries Pretorius die gesag by die Slag van Bloedrivier. In sy hoedanigheid as

[82] Bailey, A., *Die Gelofte van 16 Desember 1838: Die Herdenking en Betekenis Daarvan, 1838 TOT 1910*, U.P., Oktober 2002, p.26; De Jongh, P.S., *Sarel Cilliers*, Perskor, 1987, pp.79, 87 en 106.

[83] Van Jaarsveld, F.A., *Die Afrikaners se Groot trek na die Stede en ander opstelle, p.302.*

[84] Gerdener, G.B.A., *Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag*(3de Uitgaaf), p. 68.

[85] De Jongh, P.S., Sarel Cilliers, Perskor, 1987, p.186.

[86] De Jongh, P.S., Sarel Cilliers, Perskor, 1987, p.217.

[87] De Jongh, P.S., Sarel Cilliers, Perskor, 1987, p.218.

[88] De Jongh, P.S., Sarel Cilliers, Perskor, 1987, p.270.

[89] Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, p.12.

[90] Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, p.14.

[91] De Zuid-Afrikaan 14 Juny 1839: *"De aanstelling van gem. Heer Pretorius, tot Hoofd-Officier of Kommandant, over de op handen zynde kommando werd toen aan den Raad des volks opgedragen, dewelke zulks blymoedig instemde. Doch er werd eerst en vooraf geloot, onder de andere Kommandanten, toen het lot juist op hem viel. Hy werd dan, met de gelukwensching van een ieder die tegenwoordig was, onder wettige instructie, door vemelde Raad geformeerd, aangesteld; -toen hy, de Heer Pretorius, nu Hoofd-Kommandant, met gepastheid, synen dank betuigde, sprak: dat, hoe ongaarns ook, echter daar het lot op hem gevallen was, ..."*

[92] *De Zuid-Afrikaan*, 14 Juny [sic] 1839 (Byvoegsel Bantjes Joernaal); Jacobsz, S.W., *Verbond by Bloedrivier (Afrikaanse vertaling van Bantjes se Joernaal)*, p.70; Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, p.20.

Hoofkommandant doen hy verslag aan die Volksraad op 22 Desember 1838. Hierdie verslag, met Pretorius se weergawe van die Gelofte, verskyn in *'De Zuid-Afrikaan - 15 Februari* [sic] *1839*'[93].

Na die stormagtige dae van Bloedrivier vestig hy hom in Natal waar hy homself besig gehou het met sy boerdery en met regeringsake van die Republiek van Natal, waarin hy 'n belangrike rol gespeel het[94]. Met die Britse anneksasie probeer hy eers hom verset daarteen, maar moes later noodgedwonge dit laat vaar[95]. In 1848 verlaat hy Natal en vestig hom op 'n plaas aan die Magaliesberge, Transvaal[96]. Hy speel 'n belangrike rol met die totstandkoming van die *Sandrivier Konvensie* op 17 Januarie 1852, waardeur Brittanje vir die eerste maal amptelik die onafhanklikheid van Transvaal erken het[97]. Hy sterf op 23 Julie 1853 op Grootplaats wes van Pretoria[98].

6. J.G. Bantjes (1817-1887)

Jan Gerritze Bantjes was die klerk van die Volksraad en die amptelike sekretaris van die ekspedisie onder aanvoering van Pretorius gedurende November/Desember 1838[99]. Dit was sy taak om 'n joernaal van die strafekspedisie by te hou[100]. Hy is dus die outeur van die joernaal wat in '*De Zuid-Afrikaan 14 Juny* [sic] *1839*' verskyn het. In opdrag van Pretorius is die oorspronklike joernaal, of ten minste een van die vroegste afskrifte daarvan, aan kaptein Botha, die gesagvoerder van die *Eleonora*, oorhandig om aan die redakteur van *De Zuid-Afrikaan* te gee. Die *Eleonora* verlaat Port Natal op 22 Mei 1839 en kom in Kaapstad aan op 3 Junie 1839. Kaptein Botha verskaf toe die dokument aan C.J. Brand, die redakteur van *De Zuid-Afrikaan*, wat dit op sy beurt op 14 Junie 1839 in *De Zuid*-Afrikaan publiseer[101].

[93] Die oorspronklike verslag het egter verlore geraak, maar dit is in die *De Zuid-Afrikaan, 15 Februari* [sic] *1839* opgeneem, en is die vroegste bron daarvan waaroor ons vandag beskik.

[94] Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, p.296.

[95] Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, p.296.

[96] Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, p.296.; Muller, C.F., *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*,p.179.

[97] Muller, C.F., *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*,p.181 en p.260.

[98] Duvenhage, G.D.J., *Die Groot Trek - Die Eerste Drie Jaar - Deel 3: 1838 Die Gelofte*, p.131.

[99] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit? Historia 3(2), Junie 1958*, p.99.

[100] Thom, H.B., *Die Geloftekerk en Ander Studies oor die Groot Trek*, p109.

[101] Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, pp.46-47.

Bantjes vestig hom enkele jare later weer in die Kolonie, te Humansdorp, waar hy o.a. as onderwyser optree. In 1865 vertrek hy na Transvaal en vestig hom op Potchefstroom, waar hy onderwys gee tot kort voor sy dood op 10 Maart 1887. [102]

7. Gevolgtrekking

Bantjes en Pretorius was die enigste van die outeurs wat in hulle amptelike hoedanighede hul aantekeninge gemaak het. Cilliers het sy aantekeninge moontlik op die versoek van 'n mede volksgenoot gemaak. Hofstede het ten doel gehad om die geskiedenis van die Oranje Vrystaat op te teken, en het die gedeelte oor die geskiedenis van Natal as agtergrond gestel. Vir Gerdener, wat 'n predikant en sendeling was en nie 'n geskiedkundige nie, het dit daaroor gegaan dat Geloftedag eerbiedig sou word. Louw het 'n grammatikale belang by die opstel van sy weergawe gehad.

In die uitvoer van hul amptelike pligte, was Bantjes verantwoordbaar aan Pretorius, en Pretorius aan die Volksraad. Hul amptelike status verleen die grootste mate van outentiekheid aan hul aantekeninge.

[102] Uys, C.J., *Die Penvoerder van die Groot trek,* Die Kerkbode, 1957-12-25, p.1157.

VI. Vraag 4: Uit watter vooraf bestaande materiaal is dit te voorskyn gebring?

1. W.E.G. Louw

In 'n notule van die FAK gedateer 7 Februarie 1962 verskyn Louw se verwerking[103]. In die notule verskyn ook die "*aanvaarde Nederlandse weergawe*"[104] wat as bron vir sy verwerking gedien het. Met die "*aanvaarde Nederlandse weergawe*" van 1962 word bedoel die weergawe wat volgens tradisie algemeen in gebruik was. Dit wil voorkom asof die "*aanvaarde Nederlandse weergawe*" waarskynlik uit Gerdener se rekonstruksie ontstaan het. Gerdener se rekonstruksie is egter nie gunstig deur geskiedkundiges ontvang nie, en hy is in werklikheid deur verskeie persone daarvoor verkwalik[105]. Dit wil egter voorkom asof hy ook toegang tot Bantjes en of Pretorius se weergawes gehad het. Die rede waarom ons dit sê is omdat hy Gerdener se "*tempel*" met die begrip "*huis*" vervang.

2. G.B.A. Gerdener

In Gerdener se boek: *Sarel Cilliers Die Vader van Dingaansdag,* verklaar hy dat hy op ds. W.S. Van Rijneveld se verbatim kopie van Cilliers se sogenaamde joernaal steun, asook ander ongespesifiseerde bronne. Hierdie sogenaamde joernaal verkry hy vanuit Hofstede se boek: '*Die Geschiedenis van den Oranje Vrijstaat*'[106]. In die boek verskyn ook Hofstede se *mutatis mutandis*[107] weergawe van Bantjes se joernaal.

Hy verklaar sy werkswyse in die volgende voetnota in sy boek[108]:

> *"Die teks van hierdie gelofte kan niemand vandag presies weergee nie. Die woorde wat Cilliers self op sy sterfbed neergeskrywe het, vind die leser in sy Joernaal (Aanhangsel I). Hierbowe het ons daardie woorde nagenoeg oorgeneem, met 'n paar wysigings wat ons nodig beskou het, veral met toevoeging van die sin*

[103] INEG, Bloemfontein: PV 202 lêer 1/2/3/2/5: Notule van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK, 1962-02-07, p.9 (Verwys die Afrikaanse verwerking).

[104] INEG, Bloemfontein: PV 202 lêer 1/2/3/2/5: Notule van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK, 1962-02-07, p.9 (Verwys die Aanvaarde Nederlandse vorm); Aanhangsel 1.

[105] Bailey, A., *Die Gelofte van 16 Desember 1838: Die Herdenking en Betekenis Daarvan, 1838 TOT 1910*, U.P., Oktober 2002, p.25.; De Jongh, P.S., Sarel Cilliers, Perskor, 1987, p.164.

[106] Hofstede, H.J., Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat, pp. 50-66.

[107] Uys, C.J., Danskraal of Waschbankspruit? Historia 3(2), Junie 1958, p.100.

[108] Gerdener, G.B.A., Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag (3de Uitgaaf), p. 68, voetnota.

omtrent die oprigting van 'n Tempel, wat later op Maritzburg geskied is. Dit was ongetwyfeld deel van die Gelofte, maar is deur Cilliers in sy sterfbed-verklaring uitgelaat. Bowestaande teks is, sover ons kan oordeel, so na aan die oorspronklike as molik."

Dit kom daarop neer dat sy weergawe 'n rekonstruksie is.[109]

3. H.J. Hofstede

Alhoewel hy Cilliers se weergawe tot sy beskikking gehad het, maak hy dit duidelik dat hy nie veel waarde daaraan heg nie[110]. Hy meld dat hy van Bantjes se joernaal gebruik gemaak het, asook van ander beswore ooggetuies[111]. Hy publiseer wel Cilliers se weergawe in sy boek, maar by sy eie verwoording van die Gelofte volg hy skynbaar eerder Bantjes en die ander beswore ooggetuies[112].

4. S. A. Cilliers

Cilliers se weergawe is gegrond op sy herinneringe soos hy vermeld in sy joernaal: "...*dat ik mij herinneren kan onder deze bewoording: 'Mijne Broeders en medelandgenoten....*"[113]. Alhoewel hy ook teenwoordig was by die slag, moet ons nie uit die oog uit verloor dat sy weergawe eers meer as 30 jaar later opgeteken was, en dus nie 'n tydgenootlike weergawe is nie. Weens die verloop van tyd kan die invloed van eksterne faktore op sy geheue nie uitgesluit word nie, nieteenstaande die feit dat hy 'n ooggetuie was nie[114].

5. A.W.J. Pretorius

Na aanleiding van die gebeure tussen 9 en 16 Desember 1838 het Pretorius sy verslag aan die Volksraad saamgestel. Alhoewel Bantjes se joernaal tot sy beskikking moes gewees het, was dit nie noodwendig nodig vir Pretorius om die joernaal te raadpleeg nie. Hy was immers die inisieerder daarvan[115], en weens die kort verloop

[109] Van Jaarsveld, F.A., Die Afrikaners se Groot trek na die Stede en ander opstelle, p302.

[110] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit? Historia 3(2), Junie 1958*, p.100 en p.111.

[111] Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, p.43.

[112] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit? Historia 3(2), Junie 1958*, p.100.

[113] Gerdener, G.B.A., Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag (3de Uitgaaf), p. 67.

[114] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit? Historia 3(2), Junie 1958*, p.102.

[115] Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, p.27.; De Jongh, P.S., Sarel Cilliers, Perskor, 1987, p.157.

van tyd was alles nog vars in sy geheue. Sy weergawe is dus eerstehands en tydgenootlik, daarom kan ons sy weergawe ook as 'n geloofwaardige bron beskou[116].

6. J.G. Bantjes

Bantjes het die Gelofte eerstehands neergeskryf soos wat dit geformuleer was in die tent van die Hoofkommandant, waarna dit aan die gemeentes voorgehou is[117]. Omdat Bantjes teenwoordig was ten tye van die gebeure, en weens sy amp as sekretaris, moet sy weergawe daarvan as die oorspronklike verwoording daarvan beskou word, en dus die bron van die bewoording van die Gelofte[118]. Uys meld dat as dit nie vir Bantjes was nie, ons miskien nie vandag sou geweet het hoe, waar en wanneer ons grootste volksfeesdag ingestel was nie, en wie eintlik as die "vader" van Dingaansdag bekend moet staan[119].

7. Gevolgtrekking

Bantjes, Cilliers en Pretorius was die enigste van die outeurs wat deelnemers, en daarom ooggetuies was van die gebeure. Dit maak hulle dokumentasie eerstehands, terwyl die ander outeurs moes staatmaak op oorvertellings, beswore verklarings en ander beskikbare dokumentasie.

Van die ooggetuies se verslae moet Bantjes en Pretorius se tydgenootlike aantekeninge voorrang geniet. Hul weergawes is in alle opsigte eerstehands en daarom outentiek.

[116] Van Jaarsveld, F.A., Die Afrikaners se Groot trek na die Stede en ander opstelle, p301.

[117] Van Jaarsveld, F.A., Die Afrikaners se Groot trek na die Stede en ander opstelle, p300.

[118] Jansen, E.G., *Die Voortrekkers in Natal, Opstelle deur E.G. Jansen., Is die Gelofte op Danskraal afgelê?* (Pretoria, 1938).; Uys, C.J., Danskraal of Waschbankspruit? Historia 3(2), Junie 1958, p.99 en p.111.

[119] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit? Historia 3(2), Junie 1958*, p.110.

VII. Vraag 5: In watter oorspronklike vorm is dit te voorskyn gebring?

1. W.E.G. Louw

In 'n notule van die FAK gedateer 7 Februarie 1962 verskyn Louw se verwerking. Hierdie verwerking is ook opgeneem op 'n muurpaneel van die Voortrekker-Gedenkkerk in Pietermaritzburg wat op 6 April 1962 ingewy is[120]. Die FAK het hierdie verwerking in 1966 as 'n muurkaart uitgegee en reg deur die land versprei[121].

2. G.B.A. Gerdener

In 1919 publiseer Gerdener sy boek: *Sarel Cilliers Die Vader van Dingaansdag.* Die boek word wyd verprei, en meer as een druk verskyn daarvan. Sy weergawe van die Gelofte verskyn in hierdie publikasie van hom, *waardeur dit deurslaggewend geword het vir die viering van die Gelofte in die 20ste eeu*[122].

3. H.J. Hofstede

In 1876 verskyn Hofstede se boek: *Die Geschiedenis van den Oranje Vrijstaat*. Gedurende die laaste deel van die negentiende eeu word hierdie werk wyd versprei. Sy weergawe van die Gelofte verskyn in hierdie publikasie van hom.

Uys vertel die interessante verhaal van hoe een van die "oude vaders' wat aan die slag deelgeneem het, by name Lucas van der Merwe, op die "Jubel Feest" te Bloedrivier in 1888 ieder en elk vermaak het met sy mededelinge oor die slag. Uys gaan voort en vertel hoe oom Lucas sy geheue effens moes verfris het uit 'n sekere boek. Hierdie boek blyk toe al die tyd Hofstede se boek te gewees het. Interessant is die feit dat daar ook 6 ander "oude vaders" daardie dag teenwoordig was. Uys kom dan tot die slotsom dat dit kan verduidelik hoekom die ou Natallers (waarvan sommiges van hulle eers in laaste jare hul herinneringe laat opteken het) min of meer dieselfde storie oor die slag te vertel het.[123]

---

[120] Le Roux, P.R. (argitek), *Simboliek van die Voortrekker-Gedenkkerk*, Die Kerkbode, 1965-12-15, p.1605.; Ferreira, O.J.O., *Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee*, U.P., Desember 1970, p.303.

[121] Bailey, A., *Die Gelofte van 16 Desember 1838: Die Herdenking en Betekenis Daarvan, 1838 TOT 1910*, U.P., Oktober 2002, p.26; INEG, Bloemfontein: PV 202 lêer 1/2/3/2/6: *Notule van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK*, 1966-02-11, p.6, par.18.

[122] Van Jaarsveld, F.A., *Die Afrikaners se Groot trek na die Stede en ander opstelle*, p305.

[123] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?*, Historia 3(2), Junie 1958, pp.106-107.

4. S. A. Cilliers

Cilliers se oorspronklike 'joernaal' het skynbaar verlore geraak, maar in Hofstede se boek vind ons 'n *verbatim* kopie daarvan deur ds. W.S. Van Rijneveld[124]. Aangesien ons nie oor Cilliers se oorspronklike aantekeninge beskik nie, moet ons op Van Rijneveld se verklaring vertrou dat dit 'n egte kopie is. Sy weergawe van die Gelofte verskyn in hierdie aantekeninge van hom.

In 1891 is Cilliers se weergawe, soos opgeneem in Hofstede se boek, op die program van die staat se Paardekraalfees afgedruk, waardeur dit deurslaggewend geword het vir die skepping van die tradisie om Dingaansdag as 'n Sondag of in die gees of karakter van 'n Sondag te vier. Cilliers se foutiewelike herinnering van die Gelofte was die basis vir Gerdener se rekonstruksie van die Gelofte. [125]

5. A.W.J. Pretorius

Pretorius se weergawe van die Gelofte het aanvanklik in sy Verslag aan die Volksraad verskyn [gedateer 22 Desember 1838], waarna dit tydgenootlik in '*De Zuid-Afrikaan, 15 Februari [sic] 1839*' gepubliseer is[126]. Die oorspronklike brief het egter verlore gegaan, daarom maak die verslag van die koerantberig gebruik, wat tans op mikrofilm in verskeie Staatsbiblioteke gehou word.

6. J.G. Bantjes

Die oorspronklike weergawe van Bantjes se joernaal, waarin sy weergawe van die Gelofte voorkom, is skynbaar verlore, maar is tydgenootlik gepubliseer in '*De Zuid-Afrikaan, 14 Juny [sic] 1839*'[127]. 'n Mikrofilm beeld van hierdie koerant word tans in verskeie Staatsbiblioteke gehou.

7. Gevolgtrekking

Omdat die gebeure huidiglik meer as 170 jaar gelede plaasgevind het, kan mens kwalik verwag dat die brondokumente vandag nog moet bestaan. Bantjes en Pretorius se dokumente was weens die amptelike aard

[124] Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, p.66.

[125] Van Jaarsveld, F.A., *Die Afrikaners se Groot trek na die Stede en ander opstelle*, p305.

[126] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?*, Historia 3(2), Junie 1958, p99. Uys meld in die artikel dat daar verwarring oor die datum van Pretorius se verslag bestaan (22 Desember 1838 teenoor 23 Desember 1838), en wys daarop dat dit waarskynlik te wyte is aan ’n fout van die setter van *De Zuid-Afrikaan*.

[127] *De Zuid-Afrikaan*, 14 Juny [sic] 1839 (Byvoegsel Bantjes Joernaal).

daarvan nuuswaardig, en het derhalwe ook in 'n nasionale koerant van hul tyd verskyn. Aangesien ons nie oor Cilliers se oorspronklike aantekeninge beskik nie moet ons op Van Rijneveld se verklaring vertrou dat dit 'n egte afdruk is en binne Hofstede en Gerdener se boeke deeglik gedokumenteer en wyd versprei is.

Van Hofstede se boeke is nog redelik volop te kry in biblioteke, so ook Gerdener se boeke. Ons moet egter nie uit die oog verloor dat Hofstede en Gerdener in hul werke verklaar dat hulle ook aangewese was op die bogenoemde afskrifte.

Louw se weergawe het op muurplakkate van die FAK verskyn, asook op 'n muurpaneel in die Voortrekker-Gedenkkerk in Pietermaritzburg. Van die muurplakkate moet daar seker nog talle van bestaan.

Al die werke is goed gedokumenteer en wyd gepubliseer. Op grond hiervan kan daar nie 'n keuse uitgeoefen word m.b.t. outentiekheid nie. Van al die werke is slegs Bantjes en Pretorius s'n in 'n amptelike formaat opgeneem, wat binne die konteks van in welke 'vorm' dit in verskyn het, 'n verdere dimensie open. Bantjes s'n in die vorm van 'n amptelike joernaal en Pretorius s'n in die vorm van 'n amptelike verslag. Derhalwe verdien hul weergawes van die Gelofte meer geloofwaardigheid en die keuse van die mees outentieke weergawe word ewekansig aan hul weergawes toegeken.

VIII. Vraag 6: Watter bewyswaarde het die inhoud?

1. W.E.G. Louw

Louw se werk was grammatikaal van aard en het ten doel gehad om in plek van die Nederlandse weergawe van die Gelofte, ‘n weergawe daar te stel in moderne Afrikaans. Hy maak hoofsaaklik van die "*aanvaarde Nederlandse weergawe*" gebruik[128]. Hy grond dus sy weergawe op die bron wat algemeen in gebruik was, en in der waarheid as die tradisionele bron beskou kan word. Dit was egter nie noodwendig geskiedkundig korrek nie.

Die "*aanvaarde Nederlandse weergawe*" het op sy beurt in alle waarskynlikheid sy oorsprong te danke aan Gerdener se rekonstruksie soos dit in sy biografie oor Cilliers verskyn[129]. Enige foute wat Gerdener dus moontlik sou kon gemaak het sou dan deur Louw voortgesit word. Dus is Louw se weergawe se bewyswaarde onderhewig aan Gerdener se weergawe se bewyswaarde.

2. G.B.A. Gerdener

Gerdener maak in 'n voetnota in sy boek op bladsy 68 die volgende verklaring soos reeds vroeër aangehaal:

> "Die teks van hierdie gelofte kan niemand vandag presies weergee nie. Die woorde wat Cilliers self op sy sterfbed neergeskrywe het, vind die leser in sy Joernaal (Aanhangsel I). Hierbowe het ons daardie woorde nagenoeg oorgeneem, met 'n paar wysigings wat ons nodig beskou het, veral met toevoeging van die sin omtrent die oprigting van 'n Tempel, wat later op Maritzburg geskied is. Dit was ongetwyfeld deel van die gelofte, maar is deur Cilliers in sy sterfbed-verklaring uitgelaat. Bowestaande teks is, sover ons kan oordeel, so na aan die oorspronklike molik."[130]

Hy erken hiermee dat sy weergawe 'n rekonstruksie is van Cilliers se weergawe en ander onvermelde bronne.

Gerdener se interpretasie van sy bronne kom onder verdenking wanneer hy in sy boek daarop aanspraak[131] maak dat die gedagte omtrent die aflegging van 'n Gelofte by Cilliers ontstaan het. Ter stawing van hierdie aanspraak verwys hy na Aanhangsel I van sy boek, waarin die teendeel egter waar is. Cilliers skryf die volgende:

---

[128] INEG, Bloemfontein: PV 202 lêer 1/2/3/2/5: *Notule van ‘n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK*, 1962-02-07, p.9.

[129] Van Jaarsveld, F.A., *Die Afrikaners se Groot trek na die Stede en ander opstelle*, p302.

[130] Gerdener, G.B.A., *Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag* (3de Uitgaaf), p. 68.

[131] Gerdener, G.B.A., *Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag* (3de Uitgaaf), p. 66.

"Die heer Andries Pretorius was onze gekozene Generaal, op deze Commando hij sprak met mij ook Ik met hem, over de belofte die de Bijbil heilige heb gedaan, dat ook wy de Heere een belofte moeten doen, als de Heere ons de Overwinning, tegen onze Vijand zoude geven, dat wij dan die dag als een "Sabbath elk Jaar zoude heiligen. Maar ik stelde het voor wat Daved zegt, doet belofte maar betaald zijde Heer, het is beter dat wij niet beloof, als wij dat beloofd en niet betaal het was dan zijne begeerte dat wij tezamen hem een belofte zouden doen,..." [132]

Hierdie aanhaling van Cilliers se sogenaamde joernaal word ondersteun in Cilliers se brief aan ds. Van Broekhuizen, waarin hy bevestig dat die inisiatief van Pretorius se kant af gekom het, na Cilliers tydens die oggend godsdiensoefening van Sondag 2 Desember 1838 uit Josua gepreek het[133]. In die brief vermeld Cilliers die insident soos volg:

"*..., en na deze Goddienst sprak onze Generaal met mij erover, dat het in zijn hart was om ook aan de Heer onze God plegtig een belofte te doen..."*[134].

In die *Gedenk Uitgawe van die Huisgenoot, Desember 1938*, onder die artikel "*Die Gelofte"* bevestig professor S.P. Engelbrecht dat Cilliers op versoek van Pretorius gehandel het[135].

Gerdener se weergawe van bogenoemde gesprek tussen Cilliers en Pretorius verloop soos volg:

'Dit was juis toe hulle in 'n gesprek was oor die moeilikhede en die gevare van die onderneming, en die verskriklike oormag van die vyand, dat Sarel Cilliers vir Generaal Pretorius sê: "Ou broer, ek dink ons moet die Heer 'n gelofte maak, dat as Hy ons die oorwinning gee, ons die dag van die oorwinning altyd as 'n Sondag sal vier en aan ons nageslag vertel hoe die Heer ons uitgered het; verder moet ons Hom ook beloof dat ons Hom 'n Huis sal bou op die eerste geskikte plek, waar ons na die oorwinning vir ons vestig." Die antwoord van Pretorius was dat dit 'n ingewing van bowe was en dat hy hoop dat almal die gelofte sou aanneem."[136]

Gerdener se objektiwiteit is ten dele onder verdenking, soos in onderstaande aantekening na vore kom:

- Op Sondagmiddag 14 Januarie 1838 wou Sarel Cilliers godsdiens hou in die laer. Erasmus Smit het hiervan te hore gekom en op grond van 'n reglement van die eerste Kaapse Sinode in 1824 beswaar aangeteken. Die reglement het bepaal dat niemand in 'n gemeente voor kan gaan in 'n godsdiensoefening alvorens hy nie voor die kerkraad ondersoek en geskik bevind is nie. Die uiteinde

[132] Gerdener, G.B.A., *Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag* (3de Uitgaaf), pp. 120-121.

[133] Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, p. 27.

[134] Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, p. 27.; De Jongh, P.S., Sarel Cilliers, Perskor, 1987, p. 157.

[135] Engelbrecht, S.P., *Die Gelofte (Die Groot Trek - Gedenkuitgawe van die Huisgenoot, Desember 1938)*, p. 133.

[136] Gerdener, G.B.A., *Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag* (3de Uitgaaf), p. 66.

van die saak was dat Cilliers sy voorneme laat vaar het[137]. Die wrywing wat tussen Cilliers en Smit hier ontstaan het, het nooit gewyk nie.

Gerdener meld dat hy eerder die sluier van vergetelheid oor die gebeure sou trek, as dit nie was dat Erasmus Smit hierdie gebeure breedvoerig in sy dagboek aangeteken het nie[138]. Dit getuig nie van 'n objektiewe geskiedskrywer nie.

- Gerdener, wat 'n predikant en sendeling van die N.G. Kerk was, gaan ook nie objektief te werk wanneer hy skryf oor die konflik tussen die Trekkers en die Kaapse Kerk nie. Hy tree verskonend op vir die Kerk jeens hulle afkeurende houding teenoor die Trekkers, en voer aan dat die rede vir die kerklike afsydigheid eerder die gevolg van onmag, as onwil was[139]. Dit is algemene kennis dat die Kaapse Kerk nie ingenome was met die Trekkers nie. Die kerk se houding kom die beste na vore in die geval van ds. Taylor se aansoek om die Trekkers te besoek en geestelik te bedien, waarop die goewerneur van die Kaap hom toestemming verleen het om die Trekkers te besoek en die sakramente te bedien[140]. Die Kaapse Ring besluit egter na vele besware dat hy mag gaan maar onder die voorwaarde dat hy nie die sakramente bedien, of enige aannemings waarneem nie[141]. Die besluit staan in skrille kontras met die Kaapse Kerk se welbekende evangelisasie beleid van weleer. Gerdener, as 'n predikant en sendeling, verdedig die kerk en maak verskonings vir hulle gedrag wat nie met die feite strook nie.

- Volgens Gerdener was die werkkringe ook te uitgestrek en die predikante te min. Professor S.P. Engelbrecht maak die stelling dat hierdie bewering histories onjuis is, en gaan dan voort om te bewys dat daar 'n ooraanbod van predikante was, wat dikwels lank moes wag voordat 'n werkkring aan hulle toegeken is[142].

Sy beroep maak dat hy waarskynlik bevooroordeeld is en nie objektief te werk gaan nie, hy verdedig die Kerk se optrede en maak verskonings vir hulle gedrag, wat uiteraard nie met die feite van die saak strook nie.

---

[137] Gerdener, G.B.A., *Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag* (3de Uitgaaf), pp. 48 - 49.

[138] Gerdener, G.B.A., *Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag* (3de Uitgaaf), p. 48.

[139] Gerdener, G.B.A., *Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag* (3de Uitgaaf), p. 25.

[140] Dreyer, A., *Die Kaapse Kerk en Die Groot Trek, '5. Brief van Toestemming van Goewerneur aan Ds. Taylor'*, p. 31.

[141] Dreyer, A., *Die Kaapse Kerk en Die Groot Trek, '6. Toestemming van die Ring daartoe.'*, pp. 31 - 32.

[142] Engelbrecht, S.P. Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, p. 42.

In sy biografie oor Sarel Cilliers skryf professor P.S. De Jongh op bladsy 64 die volgende oor Gerdener se poging om die Gelofte te rekonstrueer:

> *"Gerdener het Cilliers se weergawe as basis geneem en toe willekeurige byvoegings en weglatings gemaak met die doel om al die elemente van die verskillende dokumente daarin te vervat. Dit is histories nie geregverdig nie.*[143]"

Indien Cilliers se weergawe van die Gelofte foute sou bevat, sou dit in alle waarskynlikheid in Gerdener se rekonstruksie weerspieël word. Die bewyswaarde van Gerdener se weergawe van die Gelofte is dus direk aan díe van Cilliers verbonde. Wat egter verder teen Gerdener tel is die wyse waarop hy te werk gegaan het, wat volgens De Jongh, histories nie geregverdig kan word nie.

Verder doen die tipe objektiwiteit wat Gerdener aan die dag lê, afbreek aan die doel wat hy stel met die uitgee van sy werk, nl. *"soos die manne van Bloedrivier dit bedoel het", "sodat ons die dag op waardige en vrugbare wyse mag vier"*.[144] Sý voorstelling van sekere gedeeltes van die geskiedenis doen afbreek aan die bewyswaarde van sy werk en aan hom as outeur. Dit beïnvloed die bewyswaarde van Louw se werk ook nadelig.

3. H.J. Hofstede

Hofstede stel sy weergawe saam uit Bantjes se joernaal wat hy aangepas het d.m.v. ander beswore ooggetuies, soos hieronder aangehaal uit sy boek:

> *"Na die kiezing (28 November 1838) vinden wij omtrent het volgende opgeteekend door den heer J. G. Bantjes, hier en daar gewijzigd door de bezworene verklaringen van andere ooggetuigen.*"[145]

As vrederegter verstaan Hofstede die waarde van beswore verklarings, waarvan hy dan ook gebruik maak[146]. Hierdie werkswyse versterk die bewyswaarde van die inhoud van sy werk.

In sy boek meld Hofstede dat hy in vele opsigte van Cilliers se herinneringe verskil[147], en wel ook met betrekking tot sy weergawe van die Gelofte aangesien hy sy eie weergawe daarvan op bladsy 45 van sy boek

[143] De Jongh, P.S., Sarel Cilliers, Perskor, 1987, p.164

[144] Gerdener, G.B.A., *Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag* (3de Uitgaaf), p. 13.

[145] Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, p. 43.

[146] Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, Titelblad.

[147] Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, p. 50.

aanbring[148]. Hy behou sy onpartydigheid en publiseer sy *'mutatis mutandis'* weergawe van Bantjes se joernaal, asook Cilliers se herinneringe[149].

4. S. A. Cilliers

Sy sogenaamde joernaal is meer as dertig jaar later opgeteken, en kwalifiseer dus nie as 'n joernaal[150] nie, en moet eerder as sy herinneringe beskou word.

Cilliers se geheue het hom in die latere jare van sy lewe dikwels in die steek gelaat:

- In 'n brief van hom gedateer '*Kroonstad 30 Desember 1870*', tien maande voor sy sterfbed, verklaar hy self dat sy verstand met tye "*bewolkt*" raak:

  > "... *in 't klimmen mijner jaren, (ik) groot in mijn memorie door zware zinkings veroorzaakt, ben gekrenk, dat het my vele malen gebeurd dat mijn verstand als bewolkt wordt, en ik mij bezwaard er onder gevoel".*[151]

- In 'n brief aan ds. Van Broekhuizen, gedateer '*Doornkloof 4 Februarie 1866*', maak hy melding van die gesprek tussen hom en Pretorius oor die wenslikheid van 'n Gelofte al dan nie. Hy dui dan die datum waarop die gesprek gevoer was verkeerdelik aan as 13 Desember 1838[152], terwyl die 13de die dag is waarop hulle die Gelofte al vir die 5de keer afgelê het.

- In sy herinneringe meld hy dat bogenoemde gesprek op die 7de Desember 1838 plaasgevind het[153]. Sy hoë ouderdom in ag geneem, is dit te verstane dat hierdie tipe van teenspraak kan voorkom.

---

[148] Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, p. 45.

[149] Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, p. 50.

[150] Perskor, *HAT*, Tweede hersiene uitgawe, eerste druk 1979: "*joernaal. 1.* ***Dagboek*** *vir aantekeninge , bv. van belangrike gebeurtenisse*".

[151] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?*, Historia 3(2), Junie 1958, p. 101.

[152] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?*, Historia 3(2), Junie 1958, p. 100.; Vrystaatse Argief, Aanwins 121.42 Brief van Cilliers - ds. Van Broekhuizen, 14 Februarie 1866.

[153] Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, p. 57.

Die weergawe van die Gelofte, soos opgeneem in sy brief aan ds. Van Broekhuizen, verskil van sy herinneringe wat in sy laaste dae aangeteken is[154]. Hierdie toedrag van sake belemmer die bewyswaarde van Cilliers se aantekeninge m.b.t. outentiekheid.

In sy Artikel "*Danskraal of Waschbankspruit"* verklaar Uys *"dat dit 'n kern-fout van meeste historici, en al die leke-skrywers was, en is nog, om hierdie twyfelagtige bron as gesaghebbend te aanvaar i.p.v. dit te verwerp of bloot as bevestigende getuienis aan te wend. Om die historiografie nog verder te vertroebel, het hulle naarstige pogings aangewend om Cilliers se relaas met aanvaarde historiese feite te versoen."* [155] In die artikel[156] wys hy, aan die hand van ander getuies, op 'n hele aantal foute in Cilliers se joernaal, waaronder van Cilliers se eie briewe wat hy deur die loop van sy lewe geskryf het. Uys kom tot die slotsom dat Cilliers nie die opsteller van sy joernaal was nie, en dat dit derhalwe as bron verwerp moet word, buiten as bevestigende getuies.[157]

Liebenberg is dit eens met Uys dat Cilliers se herinneringe nie naastenby dieselfde gewig kan dra as Bantjes se kontemporêre aantekeninge nie.[158]

Jansen bevraagteken ook Cilliers se aantekeninge, en wys daarop dat dit eers in die laaste maande van sy lewe opgeskryf is. Voorts wys hy daarop dat Cilliers nie melding gemaak het van die belofte om 'n "Godshuis" te bou nie[159], dit, ten spyte daarvan dat hy dit tog in sy brief aan ds. Van Broekhuizen gemeld het.[160]

In sy biografie oor Cilliers maak professor De Jongh die stelling dat Bantjes se joernaal minder onjuisthede as Cilliers s'n bevat.[161]

Erkende geskiedskrywers is dus dit eens dat Cilliers se sg. joernaal nie as gesaghebbend beskou kan word nie, en volgens Uys (wat bewyswaarde aanbetref) net as bevestigende getuies aangewend behoort te word.

5. A.W.J. Pretorius

[154] Vrystaatse Argief, Aanwins 121.42 Brief van Cilliers - ds. Van Broekhuizen, 14 Februarie 1866.; Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, pp. 57-58.

[155] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?*, Historia 3(2), Junie 1958, p. 100.

[156] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?*, Historia 3(2), Junie 1958, pp. 97 tot 111.

[157] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?*, Historia 3(2), Junie 1958, p. 111.

[158] Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, p. 29.

[159] Jansen, E.G., *Die Voortrekkers in Natal, Opstelle deur E.G. Jansen., Is die Gelofte op Danskraal afgelê?* (Pretoria, 1938).

[160] Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, p.27, (Liebenberg se a*angehaalde gedeelte uit die brief aan ds. Broekhuizen).*

[161] De Jongh, P.S., Sarel Cilliers, Perskor, 1987, p. 158.

Pretorius, as Hoofkommandant en die inisieerder[162] van die Gelofte, se weergawe is opgeneem in sy verslag aan die Volksraad in Natal, wat dit amptelik maak. Ongeveer 6 weke daarna is dit in 'n nasionale koerant gepubliseer. Pretorius se weergawe kom inhoudelik ooreen met díe van Bantjes. Pretorius en Bantjes se weergawes het binne maande van mekaar in *'De Zuid-Afrikaan'* verskyn en bevestig mekaar ooglopend. Dit versterk beide se bewyswaarde.

6. J.G. Bantjes

Bantjes as amptelike sekretaris van die strafekspedisie se weergawe is, in die hoedanigheid van sy amp, die amptelike weergawe van die Gelofte. Hierdie tydgenootlike weergawe is enkele maande daarna in 'n nasionale koerant gepubliseer.

Bantjes se verslag kan tot op die aand van 7 Desember gekontroleer word met Erasmus Smit se daaglikse aantekeninge. Professor C.J. Uys meld in sy artikel "*Danskraal of Waschbankspruit*" dat dit verbasend is hoe hul besonderhede ooreenstem[163]. Volgens Uys kan Cilliers se "sterfbed joernaal" nooit opweeg teen Bantjes se aantekeninge nie, wat aangeteken is terwyl die gebeure plaasgevind het[164]. Na hy die verskillende getuies rondom die gebeure by die aflegging van die Gelofte ondersoek het kom hy tot die volgende gevolgtrekking:

> '***Dat Jan Bantjes se "Joernaal" die gesaghebbendste relaas is wat ons besit omtrent die aflegging van die Gelofte.'***[165]

Beide dr. E.G. Jansen en professor H.B. Thom meld, na deeglike ondersoek, dat Bantjes se getuienis die betroubaarste is[166]. Jansen skryf voorts dat ons moet onthou:

> ***'dat die meeste gegewens wat ons aangaande die Wenkommando besit, behalwe die joernaal van Bantjes, op herinneringe berus wat neergeskryf is baie jare nadat die gebeurtenisse plaasgevind het. Dit is dus vanselfsprekend dat die betroubaarste getuienis wat ons het, die joernaal van Bantjes is.'***[167]

Liebenberg kom tot die gevolgtrekking dat:

---

[162] Engelbrecht, S.P., *Die Gelofte (Die Groot Trek - Gedenkuitgawe van die Huisgenoot, Desember 1938)*, p. 133; Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, p.27; Vrystaatse Argief, Aanwins 121.42 Brief van Cilliers - ds. Van Broekhuizen, 14 Februarie 1866.

[163] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?*, Historia 3(2), Junie 1958, p. 102.

[164] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?*, Historia 3(2), Junie 1958, p. 102.

[165] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?*, Historia 3(2), Junie 1958, p. 111.

[166] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?*, Historia 3(2), Junie 1958, p. 104.

[167] Jansen, E.G., *Die Voortrekkers in Natal, Opstelle deur E.G. Jansen., Is die Gelofte op Danskraal afgelê?* (Pretoria, 1938).

"***Die kontemporêre aard van Jan Bantjes se getuienis verleen daaraan soveel gewig dat herinneringe wat meer as 'n halwe eeu later aangeteken is, eenvoudig nie daarteen kan opweeg nie***"[168].

Verskeie getuies bevestig Bantjes se joernaal as akkuraat, byvoorbeeld Erasmus Smit m.b.t. die drosters en die patrollie van kommandant De Lange (Hans Dons) teen Jobe[169]. Ook bevestig Phillippus Jeremias Coetser Bantjes se weergawe m.b.t. waar die Gelofte die eerste keer afgelê is[170].

Erkende geskiedskrywers is dus dit eens dat Bantjes se joernaal as gesaghebbend en as baie akkuraat beskou kan word. Dit is ook so dat Pretorius se brief aan die Volksraad en Bantjes se joernaal feitlik ooreenstem.

Die bewyswaarde van Bantjes se joernaal is voor-die-hand-liggend.

7. Gevolgtrekking

Ter verantwoording van: Watter bewyswaarde die inhoud van die tersaaklike dokumentasie besit, die volgende:

Die inhoudelike van Bantjes en Pretorius se weergawes van die Gelofte, soos opgeneem in hul brondokumente, bevestig mekaar. Daarbenewens is hul dokumente amptelik van aard en kwalifiseer derhalwe as eerstehandse bewysstukke binne die oogmerk van hierdie verslag.

Hofstede, as vrederegter, maak op sy beurt onder andere van ooggetuies gebruik, wat hy laat beëdig. Verder maak hy ook van Bantjes se joernaal gebruik ten einde sy weergawe saam te stel wat volgens hom aan die verskillende gemeentes voorgestel is. Die inhoudelike daarvan stem in ‘n groot mate saam met Bantjes se weergawe. Dit maak dat, ten spyte van die tydsverloop, Hofstede se werk wel betekenisvolle bewyswaarde besit.

Cilliers se aantekeninge bring meer as een weergawe van die Gelofte na vore. Dit is waarskynlik weens die feit dat hy, volgens sy eie erkentenis, aan geheueverlies in sy latere lewe gelei het. Sodoende het die verloop van tyd en moontlike eksterne invloede sy tol geëis. Verder wyk sy weergawe ook in vele opsigte af van die amptelike weergawes. Weens sy persoonlike deelname aan die verrigtinge van 1838, besit sy weergawe wel bewyswaarde, maar van ‘n laer gradering as díe van Pretorius en Bantjes. Volgens Uys is dit ‘n twyfelagtige bron en behoort dit hoogstens as bevestigende getuienis aangewend te word.

Gerdener erken self dat sy weergawe van die Gelofte ‘n rekonstruksie van Cilliers s’n, asook van onvermelde bron/ne is. Verder is sy werk nie deurgaans objektief nie, waardeur hy ooglopende foute maak. Hierdie foute

[168] Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, p. 29.

[169] Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?*, Historia 3(2), Junie 1958, p. 102.

[170] Duvenhage, G.D.J., *Die Groot Trek - Die Eerste Drie Jaar - Deel 3: 1838 Die Gelofte*, p. 144.; Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, p. 29.

word ook deur ander geskiedskrywers uitgewys. Weens sy ooglopende foute, asook die bewyswaarde van sy brondokument, nl. Cilliers s'n, besit sy weergawe weinig, indien enige bewyswaarde binne die oogmerk van hierdie verslag.

Omdat Louw se werk op die tradisionele gegrond was, en nie op die geskiedkundige nie, besit dit ook weinig geskiedkundige bewyswaarde.

Die sterkste geskiedkundige bewyswaarde van die dokumentasie vind ons binne die amptelike aard van díe van Bantjes en Pretorius.

IX. Samevattend.

Om uiteindelik by 'n antwoord uit te kom m.b.t. die outentiekheid van die Gelofte, is die samevatting tweeledig gedoen, nl. die samevatting van die vrae-, en die invloed van elk van die outeurs.

1. Samevatting van die vrae.

In hierdie afdeling word die invloed wat die dokumente uitgeoefen het op die outentieke aard van die Gelofte, ontleed.

1.1. Vraag 1. Wanneer is die dokument te voorskyn gebring?

Oor die vraag wanneer die dokument te voorskyn gekom het, kom ons tot die gevolgtrekking dat Bantjes, en daarna Pretorius se weergawe betekenisvolle outentieke waarde het. Die rede daarvoor is omdat Louw se weergawe eers 124 jaar later te voorskyn kom; Gerdener s'n 81 jaar later; Hofstede s'n 38 jaar later; Cilliers s'n 32/3 jaar later; Pretorius s'n minder as 2 weke, en Bantjes s'n neergeskrywe is op die 9de Desember, waarna dit aan die 3 gemeentes voorgelê is ter goedkeuring en vir sewe agtereenvolgende dae opgedra is aan hul Hemelse Vader.

Hiervolgens kwalifiseer Bantjes se weergawe as die mees outentieke weergawe van die Gelofte van Bloedrivier (1838).

1.2. Vraag 2. Waar is die dokument te voorskyn gebring?

Oor die vraag waar die dokument te voorskyn gekom het, wys ons daarop dat beide Bantjes en Pretorius se weergawes ten tye van die strafekspedisie teen Dingaan in Natal aangeteken is. Hulle dokument ontstaan dus geografies na aan die slagveld waar die Gelofte gesluit is. Cilliers se dokument ontstaan kort voor sy dood op sy plaas Doornkloof in die Republiek van die Oranje Vrystaat. Alhoewel Cilliers se dokumentering in die Oranje Vrystaat plaasvind, is hy die enigste van die oorblywende outeurs wat ook in die geografiese gebied teenwoordig was tydens die afloop van die gebeure. Hofstede dra sy boek, wat in Nederland gedruk is, op aan die Volksraad van die Oranje Vrystaat. Hy meld dat hy Natal besoek het tydens sy navorsing, maar dit het egter eers dekades na die slag plaasgevind. Toe Gerdener se boek gepubliseer is, was hy werksaam in Stellenbosch. Op sy beurt was Louw werksaam in Kaapstad.

Geografies gesproke ontstaan Bantjes en Pretorius se dokumente binne die direkte geografiese gebied waar die gebeure hul afspeel. Omdat die geografiese gebied 'n deurslaggewende rol speel binne geskiedkundige verband, verklaar ons dat Bantjes en Pretorius se weergawes die meeste gewig dra m.b.t. die outentiekheid van die Gelofte.

1.3. Vraag 3. Deur wie is dit te voorskyn gebring?

Hierdie vraag speel 'n belangrike rol in die bepaling van welke weergawe van die Gelofte as die mees outentieke beskou moet word. Bantjes en Pretorius is die enigste van die outeurs wat in hulle amptelike hoedanighede hul aantekeninge gemaak het. Naas hulle was Cilliers ook amptelik deel van die gebeure, maar is sy aantekeninge nie amptelik van aard nie.

Ons kom tot die volgende oortuiging: In die uitvoer van hul amptelike pligte, was beide Bantjes en Pretorius verantwoordbaar aan die Volksraad. Hul status as amptenare in diens van die Volksraad, verleen die grootste mate van outentiekheid aan hul aantekeninge.

1.4. Vraag 4. Uit watter vooraf bestaande materiaal is dit te voorskyn gebring?

Hierdie vraag dwing die navorser om tot op die been die oorsprong van die tersaaklike inligting na te vors. Bantjes, Cilliers en Pretorius was die enigste van die outeurs wat fisies deelgeneem het aan die gebeure. Dit maak hulle dokumentasie eerstehands, terwyl dieselfde nie van die ander outeurs gesê kan word nie.

As ooggetuies en amptelike dokumenteerders van die gebeure, geniet die gedokumenteerde materiaal van Bantjes en Pretorius voorrang m.b.t. outentiekheid en is dit in alle opsigte eerstehands.

1.5. Vraag 5. In watter oorspronklike vorm is dit te voorskyn gebring?

Al die weergawes van die Gelofte wat sedert 1838 opgeteken is, asook díe wat mettertyd ontstaan het, weerspieël hoofsaaklik dit wat in Bantjes, Pretorius en Cilliers se aantekeninge opgeteken staan. Dit is goed gedokumenteer- en gepubliseer en wyd versprei. Om by ‘n outentieke weergawe uit te kom moet verdere onderskeid getref word, nl. wat as eerstehands en wat as tweedehands bestempel moet word. Weereens kwalifiseer Bantjes, Pretorius en Cilliers se dokumentasie as outentiek, aangesien hul weens hul deelname aan die ekspedisie, ooggetuies was.

Van die outeurs is net Bantjes en Pretorius se dokumente tydgenootlik en verskyn slegs hulle s’n in ‘n amptelik formaat, wat daaraan voorrang verleen bo díe van die ander outeurs m.b.t. outentiekheid.

1.6. Vraag 6. Watter bewyswaarde het die inhoud?

Benewens die feit dat die datum waarop die dokumente ontstaan het, ‘n deurslaggewende rol speel in die bepaling van die bewyswaarde daarvan, het Louw se werk slegs ten doel gehad om ‘n weergawe daar te stel in moderne Afrikaans, wat beteken dat dit buite rekening gelaat moet word m.b.t. geskiedkundige bewyswaarde.

Benewens die feit dat Gerdener se weergawe ‘n rekonstruksie is, is die wyse waarop hy te werk gegaan het nie geskiedkundig regverdigbaar nie, en verkwalik ander historici hom daarvoor. Verder maak hy van Cilliers se weergawe gebruik, wat ‘n laer bewyswaarde het as díe van Bantjes en Pretorius. Dit beteken dat Gerdener se weergawe van die Gelofte as derdehands beskou kan word en geskiedkundig weinig bewyswaarde besit.

Tydens Cilliers se optekening van sy herinneringe ly hy aan selferkende geheueverlies. Sy dokumente lewer meer as een weergawe van die Gelofte op, wat die bewyswaarde van sy weergawe van die Gelofte binne die oogmerke van hierdie verslag, aan bande lê.

Pretorius, as inisieerder van die Gelofte en bevelvoerder van die ekspedisie se weergawe word opgeneem in sy amptelike verslag aan die Volksraad en tydgenootlik in die vernaamste koerant gepubliseer. Dit verleen voldoende bewyswaarde aan sy weergawe. Dieselfde geld vir Bantjes se joernaal, wat vier maande later in dieselfde koerant verskyn.

Aangesien bewyswaarde hier ter sprake is, moet dit wat as redelike in ‘n hof sou geld, hier van toepassing gemaak word. Ooggetuie verslae word hoër geag as hoor-sê getuies. In die lig hiervan het Bantjes, Cilliers en Pretorius se dokumente voldoende bewyswaarde, maar weens tydsverloop kan Cilliers se herinneringe nie opweeg teen Bantjes en Pretorius se amptelike en tydgenootlike dokumente nie.

Die sterkste geskiedkundige bewyswaarde van al die tersaaklike dokumentasie vind ons binne die amptelike aard van díe van Bantjes en Pretorius, wat aan hul dokumente die meeste outentiekheid besorg.

1.7. Samevattende gevolgtrekking m.b.t. die vrae:

Bantjes en Pretorius se weergawes van die Gelofte is: Tydgenootlik aangeteken; geografies verantwoordbaar; in ‘n amptelik formaat; eerstehands van aard; goed gedokumenteer; wyd gepubliseer, en bevestig mekaar.

Dit alles in ag genome staan Bantjes en Pretorius se weergawes van die Gelofte uit soos ‘n paal bo water wat outentiekheid aanbetref.

2. Invloed van die outeurs.

In hierdie afdeling word die invloed van die outeurs ontleed.

2.1. W.E.G. Louw

Binne die konteks van die beantwoording van die vraag rondom welke die mees geloofwaardige, en daarom die mees outentieke weergawe van die Gelofte is, voldoen Louw se verwerking die minste aan die vraag. Dit was ook nie Louw se bedoeling om daaraan te voldoen nie. Sonder om Louw, of sy verwerking te diskrediteer, kan Louw se verwerking vir alle praktiese doeleindes buite rekening gelaat word m.b.t. outentieke waarde. As outeur speel hy egter ‘n deurslaggewende rol binne die huidige tydsgewrig, waarin sy verwerking stewig gevestig is binne die geheue van elkeen wat hom of haar met die Gelofte vereenselwig, en word ons as Volk jaarliks opnuut aan sy bewoording gebind.

Die ironie van die saak is dat die outeur wie se weergawe die minste outentieke waarde besit, die meeste in gebruik is.

2.2. G.B.A. Gerdener

Wat Gerdener se weergawe aanbetref, moet ons daarop wys dat dit eers 81 jaar na die Slag van Bloedrivier gepubliseer is. Sy weergawe speel ‘n deurslaggewende rol in die ontstaansgeskiedenis van die Louw-weergawe, wat teen 1962 reeds ‘n gevestigde tradisie binne Geloftedagvierings was.

Dit is ‘n feit dat Gerdener toegang tot Hofstede se boek gehad het, aangesien hy op bl. 112 van sy boek daarna verwys. Hy was derhalwe bewus van die voorstel van die Gelofte aan die drie gemeentes, waarin die verwysing na die oprigting van ‘n tempel vermeld word. Hy gebruik dan ook waarskynlik hierdie gedeelte om Cilliers se weergawe mee aan te pas, soos in ’n voetnota op bl.68 van sy boek verskyn.

Dit is egter betreurenswaardig dat hy in dieselfde voetnota verklaar dat daar nie ’n presiese weergawe bestaan van hoe die Gelofte daaruit gesien het nie. Hy het ’n mutatis mutandis weergawe in sy besit, maar verklaar nogtans dat sy rekonstruksie die naaste aan die oorspronklike is en kwalifiseer dit as 'molik'. Wat ietwat verbaas, is dat hy hiermee die Cilliers weergawe as die mees outentieke geskiedkundige weergawe verklaar, aangesien hy bitter min daaraan verander. Hy eien hom die reg toe om die heelwat ouer mutatis mutandis weergawe van Hofstede [Bantjes] tot ’n derderangse vlak te degradeer, in die proses die verbatim kopie van Cilliers tot ’n tweederangse vlak te verlaag en sy rekonstruksie as eerstehands die wêreld in te stuur.

Vandag word Gerdener se rekonstruksie algemeen gebruik binne Louw se hoofsaaklike verwerkte vertaling daarvan, en is die afleggers van die Gelofte jaarliks salig onbewus van die wyse waarop hy die geskiedenis geskaad het.

Wat outentiekheid aanbetref, kan daar nie veel waarde aan Gerdener se rekonstruksie verleen word nie. Wat egter in sy guns tel is dat hy die Cilliers weergawe weliswaar verbeter het met die toevoeging van die gedagte rondom die oprigting van die 'Tempel'.

As outeur speel Gerdener ’n deurslaggewende rol in die vaslegging van die Gelofte in die verstand van die nageslag, terwyl sy weergawe weinig outentieke waarde besit.

2.3. H.J. Hofstede

Hofstede se boek is in die laat negentiende eeu, en vroeg twintigste eeu wyd gelees, in hierdie verband is dit dan net vanselfsprekend dat hy 'n invloed sou uitoefen m.b.t. hoe die Gelofte onthou sou word. In sy boek publiseer hy beide die verbatim kopie van Van Rijneveld, asook sy eie mutatis mutandis weergawe van Bantjes se joernaal, en laat dit oor aan die leser om self die keuse te maak oor watter weergawe van die Gelofte die mees geloofwaardige is.

> ***Die grootste moontlike invloed wat Hofstede op die bewoording van die Gelofte kon gehad het vind ons waar hy die "Huis" van Bantjes en Pretorius in 'n "Tempel" verander. Ons weet egter nie wat hom laat besluit het om die verandering aan te bring nie, en kan net spekuleer dat hy deur of die beswore getuies, of die eietydse invloede beïnvloed is.***

2.4. S. A. Cilliers

Cilliers se weergawe wat 32/33 jaar na die gebeure sy beslag kry, oefen uiteindelik die grootste invloed uit op hoe die Gelofte onthou word. Hy was 'n man wat nougeset die dag gevier het en sy volksgenote aangemaan het om dit te onderhou. Hy stel dus 'n noemenswaardige voorbeeld, waarvoor hy verseker onthou moet word, en altyd in herinnering gebring moet word.

> ***As die man wat voorgegaan het tydens die aflegging, word sy aangepaste weergawe [Gerdener/Louw] nie maklik in twyfel getrek nie, vanwaar die belangrike plek wat dit tot vandag toe inneem. Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is dat sy aangepaste weergawe nie die toets van outentiekheid geslaag het nie, en derhalwe nie as gesaghebbend verklaar kan word nie. Ten spyte daarvan speel sy bewoording van die Gelofte tot vandag toe nog die vernaamste rol in die jaarlikse herdenking daarvan.***

2.5. A.W.J. Pretorius

Pretorius, as die inisieerder van die gelofte staan kop en skouers bo al die outeurs uit m.b.t. die invloed wat hul uitoefen op die onderhouding van die Gelofte deur die nageslag. Sy betrokkenheid is van onskatbare waarde en maak dat ons as volk bevoorreg is om d.m.v. 'n gelofte aan die Almagtige, die God van hemel en aarde, gekoppel te mag wees. Dit is die grootste voorreg wat 'n volk te beurt kan val. Weens die feit dat sy weergawe van die Gelofte nie groot aftrek by invloedryke geskiedskrywers gekry het nie, en nie algemeen bekend is nie, word sy Geestelik geïnspireerde gedagtes vandag moontlik net ten dele eerbiedig. Dit beteken dat die gelofte wat gesluit is, moontlik nie ten volle nagekom word nie. Elkeen van ons weet dat daar nie eensydig aan die inhoud van 'n kontrak verander mag word nie, des te minder van die Gelofte. Indien wel kan dit op kontrakbreuk neerkom. In sy verslag aan die Volksraad bevestig hy die voorafgaande gebeure m.b.t. die aflegging van die Gelofte. Pretorius se weergawe van die Gelofte soos opgeneem in sy

Verslag aan die Volksraad is amptelik, dit korrespondeer met Bantjes se joernaal, en slaag in alle opsigte die toets van outentiekheid.

> **As outeur van die Gelofte speel sy bewoording daarvan vandag ’n minderwaardige rol binne Geloftedagvierings. Alhoewel sy weergawes** *[Bantjes se joernaal verwoord net Pretorius se gedagtes]* **die algemene raamwerk daarstel, word die kern daarvan tot vandag toe nog verswyg.**

2.6. J.G. Bantjes

Bantjes, as Pretorius se sekretaris, het hom goed van sy taak gekwyt in die daarstelling van 'n joernaal. Sy joernaal oefen groot invloed uit op die nageslag se begrip m.b.t. die daaglikse gebeure van die ekspedisie. Daarsonder sou ons as nageslag nie 'n deeglike beeld gehad het waardeur hulle gegaan het en watter wonderwerke met hulle plaasgevind het nie. In sy joernaal haal hy Pretorius woordeliks aan. Hierdie aanhaling word aan die drie gemeentes voorgelê en aanvaar, waarna Cilliers voorgegaan het in die tent van Pretorius en die Gelofte afgelê het.

Bantjes [Pretorius] se weergawe van die Gelofte soos opgeneem in sy joernaal, as die sekretaris van die strafekspedisie, is amptelik, korrespondeer met Pretorius se verslag, en slaag in alle opsigte die toets van outentiekheid.

> ***As outeur van die joernaal speel hy dus díe deurslaggewende rol binne die daarstelling van ’n outentieke weergawe van die Gelofte aangesien hy die eerste weergawe daarvan op skrif stel. Soos in die geval van die Pretorius weergawe, word dit nie huidiglik erken en gebruik nie.***

2.7. Samevatting en gevolgtrekking m.b.t. die invloed van die outeurs:

Die invloed van Louw se werk is binne die huidige tydsgewrig oorheersend. Sy weergawe is algemeen in gebruik en ontstaan hoofsaaklik uit Gerdener en Cilliers se dokumentasie en beïnvloeding. As outeurs speel hulle vandag ’n deurslaggewende rol gedurende Geloftedagvierings, maar hul werke besit die minste outentieke waarde. Hofstede se werk is ’n goeie geskiedkundige verslag m.b.t. dit wat in sy tyd bekend was m.b.t. die verskillende weergawes van die Gelofte. Sy invloed op vandag se viering van die Gelofte is egter gering. Pretorius en Bantjes se weergawes is outentiek, maar vorm slegs die raamwerk van die hedendaagse bewoording van die Gelofte. Dit word nie in die hedendaagse Geloftedagvierings erken en gebruik nie en het uit die gesig verdwyn.

Die ironie van die saak is dat die outeurs wie se werk die minste outentieke waarde besit, die meeste erkenning geniet, en die outeurs wie se werk die meeste outentieke waarde besit, die minste erkenning geniet in die hedendaagse herdenking en herbevestiging van die Gelofte.

X. Gevolgtrekking en verdere aanbevelings.

1. Finale Gevolgtrekking

Ten einde die mees outentieke weergawe van die Gelofte te bepaal het ons wetenskaplik te werk gegaan. Die verskillende verwante bronne en weergawes van die Gelofte is deeglik ondersoek en aan die hand van aanvaarde geskiedkundige evaluasiemetodiek onderwerp. Met die verloop van etlike dekades het verskeie belanghebbende skrywers die verloop van sake drasties beïnvloed. Weens die vermoedelike onbeskikbaarheid en gevolglike onbekendheid van Bantjes en Pretorius se outentieke dokumente, het latere oorvertellings en herinneringe outentieke status bekom. Op grond van die latere invloede het nuwe weergawes van die Gelofte ontstaan, waaraan ons as Volk tans gebonde is. Tydens die ondersoek na die mees outentieke weergawe van die Gelofte het ons kennis geneem van ander ondersoeke in die verlede, waarin uitsprake in die verband gemaak is.

Dit alles in ag genome kom ons tot die volgende gevolgtrekking:

> ***Bantjes en Pretorius se weergawes van die Gelofte, in teenstelling met díe van die ander outeurs, voldoen in alle opsigte aan die vereistes van outentiekheid.***
>
> ***Dit is egter baie jammer dat die outeurs wie se werk die meeste geskiedkundige geloofwaardigheid besit, die minste erkenning in die hedendaagse herdenking en herbevestiging van die Gelofte geniet.***
>
> ***Anders gestel:***
>
> ***Dit is baie jammer dat die outeurs wie se werk die minste geskiedkundige geloofwaardigheid besit, die meeste erkenning in die hedendaagse herdenking en herbevestiging van die Gelofte geniet.***

2. Aanbeveling m.b.t. Outentiekheid.

> ***Hiermee beveel ons aan dat Bantjes se weergawe van die Bloedrivier Gelofte (1838) as die mees geloofwaardige en die mees oorspronklike weergawe verklaar moet word, en daarom binne die opdrag van hierdie verslag die mees outentieke is. Pretorius se weergawe staan weinig terug en is derhalwe ook in alle opsigte outentiek en moet as sulks beskou word.***

3. Aanbeveling m.b.t. regstelling.

In die lig van hierdie verslag, waarin dit duidelik na vore kom dat die weergawe van die Bloedrivier Gelofte (1838) wat algemeen in gebruik is, nl. díe van W.E.G. Louw, geen outentieke waarde besit nie, beveel ons derhalwe aan dat Bantjes se weergawe van die Gelofte in die vervolg as Gelofte sal dien en dat die inleiding tot die Gelofte soos deur Cilliers aangeteken die aflegging daarvan vooraf sal gaan. Daardeur sal die mees outentieke weergawes van die Gelofte hul regmatige plek inneem, en sal dit D.V. die weg baan waardeur die oorspronklike bedoeling van die afleggers daarvan eerbiedig sal word.

Hiermee ons voorstel van hoe die Gelofte eerbiedig moet word:

Dit is saamgestel uit die inleiding daartoe soos deur Sarel Cilliers aangeteken en dit wat volgens Bantjes se joernaal aan hom oorhandig is op die 9de Desember 1838. Let op dat Cilliers se inleiding grammatikaal gesinkroniseer is met Bantjes se joernaalinskrywing soos gepubliseer in die betrokke *De Zuid-Afrikaan*. [Vergelyk Hoofstuk **II Die verskillende weergawes van die Bloedrivier Gelofte]:**

Die Gelofte van Bloedrivier, 9-16 Desember 1838

"Mijne Broeders en mede-landgenoten, hier staan wij thans, op eene Ogenblik voor een Heilige God, van Hemel en aarde, om een belofte aan Hem te beloven, dat**, **"zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen"— en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden."

Opmerking:

Daar was 'n makliker manier gewees om die werklike bewoording van die Gelofte bo alle twyfel vas te stel, maar die geskiedkundige pad wat die Gelofte geloop het sou nie na vore gekom het nie, en die invloede van persone sou nie aan die lig gekom het nie. Hierdeur het ons heelwat geskiedkundige werke blootgestel, werke wat 'n beduidende invloed op ons as Volk gehad het.

Die maklike manier is om bloot dit wat Bantjes hieroor opgeteken het, aan te haal:

Joernaal der Expeditie van de uitgewekene Boeren, … [De Zuid-Afrikaan, 14 Juny 1839], kolom 2, laaste paragraaf:

"De Heeren Cilliers, Landman en Joubert, waren opgeruimd in het gemoed, om zulks te hooren; zy onderhielden hunne gemeentens hierover en verkregen hunse algemeene toestemming. Toen hierna de Godsdienst onderscheidelyk begon, nam de Heer Cilliers dezelve in de tent van den Hoofd Kommandant waar; hy begon met het zingen uit Psalm 38 vers 12 - 16, deed vervolgens het voorgebed, en sprak over de 24 eerste verzen van het 6 Kapittel uit Judicum of de Rigteren; besloot

vervolgens met het Gebed, ***waarin de belofte voormeld aan God werd gedaan****, en eene krachtige smeking, om Gods hulp en bystand, in het volbrengen derzelve, …"* [eie beklemtoning]

In dieselfde koerant lui die Engelse weergawe as volg:

> *"… and thereafter delivered the prayer in which* ***the beforementioned vow to God was made****, …"*

Dit dien beklemtoon te word dat die *"**belofte voormeld**"* aan God aangebied is. Dit beteken dat die Gelofte wat Bantjes neergeskrywe het, en aan die leiers van die drie gemeentes oorhandig is vir instemming van al die gemeentelede, **die gelofte is wat afgelê is**.

Daar kan hiermee geen agterdog meer bestaan nie oor die bewoording van die 1838 Gelofte van Bloedrivier. Al wat mens nog oor kan wonder is wat die inleidende woorde is wat Cilliers gebruik het tot die aflegging daarvan. Hiervoor kan mens slegs gebruik maak van wat Cilliers self daaroor laat opteken het. Dit is ook nie te sê dat al die ander manskappe in die laer daarvan bewus was nie, aangesien net hulle wat in Pretorius se tent teenwoordig was, Cilliers aangehoor het. Die ander twee gemeentes het volgens die joernaal afsonderlik vergader en die aflegging waargeneem.

4. Aanbevelings m.b.t. implementering

- Ons beveel aan dat hierdie verslag aan die Geloftevolk opgedra moet word.

- Dat 'n direkte Afrikaanse vertaling van die Gelofte berei word.

- Dat hierdie verslag aan elke Feeskomitee in die land beskikbaar gestel sal word.

- Dat ’n muurkaart van hierdie Gelofte gedruk en versprei word.

XI. Aanhangsels.

Aanhangsel 1: Aanvaarde Nederlandse vorm van die Gelofte[171].

Hier staan wij
voor een heilige God van Hemel en aarde
om een gelofte aan Hem te beloven
als Hij met Zijne bescherming met ons sal wesen
en onze vijand in onze hand sal geven
dat wij die dag en datum elk jaar als een dankdag
zooals een Zabbat sal doorbrengen
en dat wij een tempel tot Zijn eer sal stichten
waar het Hem sou behagen
en dat wij het ook aan onze kinderen sal seggen
dat zij met ons erin moeten delen
tot gedachtenis ook voor het opkomende geslachten
want de eer van Zijn Naam sal daardoor verheelikt worden
dat de roem en de eer van overwinning
aan Hem zal worden gegeven. (sic)

[171] INEG, Bloemfontein: PV 202 lêer 1/2/3/2/5: *Notule van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK*, 1962-02-07, p.9 (Verwys die Aanvaarde Nederlandse vorm).

XII. Bronne.

Bailey, A., *Die Gelofte van 16 Desember 1838: Die Herdenking en Betekenis Daarvan, 1838 TOT 1910*, U.P., 2002.

Bird, J., *Annals of Natal*., 1888.

De Jongh, P.S., *Sarel Cilliers*, Perskor, 1987.

De Zuid-Afrikaan, 15 Februari [sic] 1839.

De Zuid-Afrikaan, (Byvoegsel Bantjes Joernaal), 14 Juny [sic] 1839.

Die Burger, *Redaksioneel*, 25 April 1980.

Dreyer, A., *Die Kaapse Kerk en Die Groot Trek*, 1929.

Duvenhage, G.*D.J., Die Groot Trek - Die Eerste Drie Jaar - Deel 3: 1838 Die Gelofte*, 1988.

Engelbrecht, S.P., *Die Gelofte*, Die Groot Trek - Gedenkuitgawe van die Huisgenoot, Desember 1938

Engelbrecht, S.P., Geskiedenis *van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*(Derde Hersiene en Vermeerderde Uitgawe), 1953.

Ferreira, O.J.O., *Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee*, U.P., Desember 1970.

Gerdener, G.B.A., *Sarel Cilliers. Die Vader van Dingaansdag* (3de Uitgaaf), 1925.

Greyling, P., *Welkom dierbaar woord van God*, Overkruin Maandblad van die NG Gemeente Overkruin, Augustus 2008.

Hofstede, H.J., *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, 1876

Hoofstad, *Aanranding op Prof: Polisie tree op*, 29 Maart 1979.

Instituut vir Eietydse Geskiedenis [INEG], Bloemfontein.

PV 202 Privaatversameling: Federasie van Afrikaanse Kultuurverenings.
Lêer 1/2/3/2/5 *Hoofbestuur: Notuleboek*, 1955-1962.
Lêer 1/2/3/2/6 *Hoofbestuur: Notuleboek*, 1962-1970.

Jacobsz, S.W., *Verbond by Bloedrivier*, 1996.

Jansen, E.G., Die *Voortrekkers in Natal, Opstelle deur E.G. Jansen*, 1938.

Kritzinger, M.S.B, e.a., *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* [VAWB], J.L. VAN SCHAIK, 1972.

Le Roux, P.R. (argitek), *Simboliek van die Voortrekker-Gedenkkerk*, Die Kerkbode, 15 Desember 1965.

Liebenberg, B.J., *Andries Pretorius in Natal*, 1977.

Muller, C.F., *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Derde Hersiene Uitgawe , Eerste Druk 1980), 1980.

Nienaber, P.J., *Afrikaanse Verhalende Verse* (Elfde Druk), 1958.

Odendaal, F.F., e.a., *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* [HAT] (Tweede hersiene uitgawe, eerste druk), 1979.

Raath, A.W.G, Erlank, E., *Die teologiese agtergronde van die Voortrekkergelofte* (1838), HTS 57(3&4), 2001.

Terblanche, E., *W.E.G. Louw (1913-1980)*, Litnet., datum onbekend.

The Natal Witness, *Tar and Feathers, 30 Maart* 1979.

Thom, H.B., *Die Geloftekerk en Ander Studies oor die Groot Trek*, 1949.

Uys, C.J., *Danskraal of Waschbankspruit?*, Historia 3(2), Junie 1958.

Uys, C.J., *Die Penvoerder van die Groot trek*, Die Kerkbode, 25 Desember 1957.

Van der Watt, G., *G B A Gerdener - Koers-aanwyser in die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Sending en Ekumene*, UOVS, Julie 1990.

Van Jaarsveld, F.A., *Die Afrikaners se Groot trek na die Stede en ander opstelle*, 1982.

Vrystaatse Argief*,* Aanwins 121.42*, Brief van Cilliers - ds. Van Broekhuizen,* 14 Februarie 1866*.*

Bylae 2.

16 DESEMBER 2009

- Paul Kruger

Deur die nag van 15 Desember 1838 stroom die barbaarse Groot Wit Olifant se regimente een vir een aan, van regoor Natal, na 'n enkele punt: Na die plek waar 'n diep sloot by die Ngome-rivier aansluit en 64 kakebeenwaens in die vorm van 'n halfmaan aan mekaar vasgeketting staan. In die stikdonkerte kan hulle glad nie gesien word deur die klein klompie burgers wat deur hulle omsingel is nie. Maar hulle kan gehoor word teenaan die laer. Hoe klink 'n oorlogdans deur die mistige duisternis heen - as 15 000 assegaaie met een slag die skildvelle slaan en 15 000 voete die grond met een slag tref? Hoe klink die oorlogskreet uit 15 000 bloeddorstige kele deur die duisternis heen, as jy met 'n wapen sit wat 3 skote per minuut kan vuur maar op daardie oomblik heel moontlik sal weier, omdat die kruit nat geword het weens die mis wat alles omsluit?

En die belangrikste vraag van alles: Hoekom trotseer 'n mens dit? Hoekom is jy op daardie oomblik vrywillig daar – omring deur soveel angs en onheil? Hoekom het jy, toe die angs en die onheil op die Oosgrens-plaas te veel geword het om te verduur, nie eerder 'n klerk of 'n ambagsman geword en in 'n huis in Uitenhage of in Swellendam gaan woon nie? Hoekom het jy nie eerder 'n voorman op 'n wynplaas in die Boland gaan word nie? Hoekom het jy nie eerder na Europa of Amerika of Australië toe geëmigreer nie? Hoekom weerstand en verset, in stede van om rustig saam met die stroom te vloei? Wat maak 'n mens, as daardie stroom op pad is na die rioolplaas van Satan? Vele burgers in die laer daardie nag se voorgeslagte moes daardie vraag bykans 2 000 jaar al beantwoord

Want in die Alpe-gebiede van Suid-Europa, het die mense gou reeds ná die Hemelvaart van Christus die blye boodskap aanvaar dat die Messías se Bloed op Gólgota gevloei het sodat ons met die Vader versoen kan raak - en hulle het ook van die begin af gewaak dat die Geloof suiwer gehou word. Reeds in 441 n.C. het hulle in *Orange*, 'n stad in Suid-Frankryk, 'n Sinode gehou waarop weerstand gebied is teen dwalinge wat tóé al die Rooms-Katolieke Kerk binnegesypel het. Teen 600 n.C. het die Pous die sogenaamde "ketters" se geskrifte laat verbrand en die Roomse Kerk het hulle wreed begin vervolg. En eerder as om hulle suiwer Christelike geloof te verloën, het duisende mense die afgeleë bergspitse en valleie van die Alpe ingevlug; en mettertyd bekend geraak as die "Waldense" - die "Mense van die Valleie". Meer as 10 eeue lank is die Waldense deur die Katolieke lewendig verbrand, verwurg, lewendig begrawe. In die Luberon-gebergte is vroue nakend met hulle kindertjies van kranse afgegooi; ledemate is op pynbanke vermink; oë is met warm ysters uit hulle kaste gebrand… maar niks kon die Waldense beweeg om hulle suiwer geloof te verraai nie.

Teen die tyd dat Maarten Luther die Kerkhervorming in 1517 begin het, was die Waldense se stryd teen die Katolieke reeds 'n duisend jaar aan die gang en hierdie weergalose bewakers van die Geloof was toe opgeneem onder die Franse Protestante - die "Hugenote". Terselfdertyd word die prinsdom *Orange* geërf deur "Willem die Swyger" – wat vorstedomme ook in Nederland besit. Willem se titel "Willem van Oranje" verwys na niks in Nederland nie – dit verwys na sy Suid-Franse prinsdom *Orange*, en so ook stam die oranje baan bo-aan Willem se vlag uit *Orange*. En onder daardie Oranje-Blanje-Blou, seil 3 Nederlandse skepe Tafelbaai in 1652 binne. Drie eeue later kom Daniël Francois Malan, 'n afstammeling van die Waldense, in 1948 in Suid-Afrika aan bewind onder die Oranje-Blanje-Blou.

Dieselfde D.F. Malan wat vandag presies 60 jaar gelede die Voortrekkermonument in Pretoria op 16 Desember 1949 geopen met een van sy opsienbarendste toesprake ooit: Afrikaner – *quo vadis*? Waar gaan jy heen? As Malan daardie vraag 60 jaar gelede kon vra toe ons op die vooraand was van die

grootste magsopbou wat ons ooit geken het – wat moet ons vandag sê? Noudat ons saam met Jeremia kan weeklaag dat ons erfdeel na vreemdes oorgegaan het, ons water drink ons vir geld, ons hout kom teen betaling in, ons is afgemat sonder dat daar aan ons rus gegun word, niemand ruk ons weg uit die hand van die knegte wat oor ons heers nie, met lewensgevaar bring ons ons brood in, ons vroue word onteer?

'n Paar dae gelede in Pretoria is daar weer 'n vrou in die fleur van haar lewe verkrag deur 'n barbaar wat daarop aangedring het dat sy hom "meneer" moet noem tydens die walglike tragedie. Dan is daar sogenaamde Christen-geestelikes wat, net soos in Jeremia se dae, die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier genees deur te sê "vrede, vrede!" terwyl daar geen vrede is nie! Terwyl dit selfs vir die dwaasste mens duidelik moet wees dat daar geen versoening is nie, al noem hulle 16 Desember die sogenaamde versoeningsdag! Hulle kan daaroor lieg soveel hulle wil - al word 'n leuen miljoen kere herhaal bly dit steeds 'n leuen.

Malan het gevra: Waar gaan jy heen? Ek wil u vandag uitnooi: Kom huis-toe. Kom, Boere-Afrikaner volk, huis-toe. Watter huis? Waar is daardie huis, sal u vra? Ja, inderdaad. Waar is "huis" vir ons? Ons het nie 'n huis nie, want van die "huis" wat ons sewe maal tussen die 9de en die 15de Desember 1838 aan God belowe het, is daar weinig tekens. Tussen die 9de en die 15de Desember 1838 het ons volk 'n aanbod van kontrak aan die Almagtige God van Hemel en Aarde gemaak. Ons het nie bloot 'n Gelofte afgelê nie – ons het met God gekontrakteer: Ons wou van God 'n sekere prestasie gehad het en in ruil daarvoor, sou ons iets anders presteer. Wat wou ons van Hom hê? Eenvoudig – Hy moes ons teen alle redelike verwagting in die uitredding en oorwinning skenk. Dit is ook presies wat Hy gedoen het.

Wat presies het ons in ruil daarvoor aan Hom getender? Dis hier waar die kleitrappery begin. Kom ons kyk na die bewoording van die Gelofte-weergawes want daar's nie een nie maar drie weergawes: Die bekende bewoording wat steun op die weergawe van **Charl Celliers** wat destyds voorgegaan het met die aflegging van die Gelofte. Dan is daar die weergawe van **Andries Pretorius** wat die grootste inspirasie agter die oorspronklike idee skyn te wees. En dan is daar die weergawe van **Jan Gerritze Bantjes** wat as Pretorius se Sekretaris die Bloedrivier-ekspedisie meegemaak het en die amptelike relaas daarvan opgestel het wat ook later deur die Volksraad van Natalia goedgekeur is.

(Soos aangehaal in "Lewe van Andries Pretorius" - Dr. Gustav S. Preller, 1937, bl. 36-37)
Celliers: " ,, als Hij met zijne beskerming met ons zal wezen, en onze vijand in onze handen zal geven, dat wij hem overwinnen, wij die dag en datum elk jaar als 'n verjaardag en 'n dankdag, zoals 'n Sabbat in Zijne eer zullen doorbrengen; en dat wij het ook aan onze kinderen zullen zeggen, dat zij met ons erin moeten delen, tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten."

Jan Gerritze Bantjes: " - om zo de Heere ons de overwinning geven mag, 'n Huis tot Zijn grote naams gedachtenis te stichten, alwaar het hem zal behagen; en dat zij ook moesten afsmeken de hulp en bijstand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen; en dat wij de dag der overwinning in 'n boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken aan onze laaste nageslachten, opdat 't ter ere van God gevierd mag worden."

Andries Pretorius: "......Verder wens ik Ued. ook ter kennisse te brengen, dat wij alhier onder elkanderen besloten hebben om de dag onzer overwinning, zijnde Zondag, de 16e dezer maand December, onder ons ganse geslacht te doen bekend worden, en dat wij het aan de Heer willen toewijden en vieren met dankzeggingen, zoals wij voordat wij tegen de vijand streden, in 't openbaar gebed beloofd hebben; zo ook dat, zo wij de overwinning verkrijgen mogen, wij den Heere tot Zijns naams gedachtenis 'n huis stichten zullen, alwaar Hij ons zulks aanwijzen zal; welke geloften wij nu ook hopen te betalen met de hulp des Heeren; nu Hij ons gezegend en onze gebeden verhoord heeft."

Uit hierdie weergawes kan ons die volgende twee punte saamvat:

Eerstens - Ons het belowe dat ons die dag en datum van die oorwinning aan die Here sal toewy en daardie dag deur die volgende geslagte ter ere van God gevier sal word;
Tweedens - Dat ons vir God 'n huis sal stig tot gedagtenis aan Sy groot Naam – nie op enige plek na ons goeddunke nie; maar waar Hy ons sal aanwys om dit te doen.

Die algemene interpretasie is nou dat ons 16 Desember soos 'n sabbat moet vier en dat die tweede deel van ons onderneming nagekom is toe die Geloftekerkie in Pietermaritzburg gebou is.

Die vraag waarby ons vandag stilstaan is die volgende: Het ons ons deel van die kontrak met God nagekom deur die bou van die "Geloftekerk" in Pietermaritzburg – of waar (of eerder dalk: wat) is die Huis wat ons aan God belowe het?

(Aanhaling uit: " 'n Volk se hulde" - gepubliseerde Meestersgraad-verhandeling deur O.J.O. Ferreira, Perskor-uitgewery, 1975, bl. 226-229)
"..'n Argivale ondersoek van ds. C.W.I. Pistorius het hom tot die gevolgtrekking laat kom dat die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg nooit as die werklike Geloftekerk bedoel en beskou is nie. Hy het dus gehoop dat 'n nuwe Geloftekerk wat sy gemeente van voorneme was om te bou, as kleiner Voortrekkermonument beskou sou word.

Op 'n vergadering van die S.V.K. (Sentrale Volksmonumente Komitee – skrywer) in Kaapstad op 20 Januarie 1947 is melding gemaak van die opspraakwekkende bevindinge in verband met die geskiedenis van die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg. Mnr. C.M. Booysen het naamlik verwys na die argivale ondersoek deur ds. C.W.I. Pistorius wat aan die lig gebring het dat die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg nooit as die werklike Geloftekerk bedoel en beskou is nie.

Die S.V.K. het gevoel dat hier 'n uiters belangrike saak aangeroer word wat met groot versigtigheid en kalme raad behandel moes word, en daarom het die S.V.K. dit raadsaam geag om eers nader ondersoek te laat instel. Die S.V.K. het dus besluit om dit aan proff. H.B. Thom en S.P. Engelbrecht op te dra om op koste van die S.V.K. ondersoek te gaan instel na die geskiedkundige juistheid van ds. Pistorius se bevindinge en hulle te versoek om 'n verslag van hulle ondersoek binne die verloop van 'n jaar by die S.V.K. in te dien. *[Gesk. Vd sentrale volksmonumentekomitee Hf.5 bl.299* ***my byvoeging]***

Die standpunt van ds. Pistorius, dr. A.J. Du Plessis en die Kerkraad van die Voortrekkergemeente in Pietermaritzburg was dat die Voortrekkerkerkie (of -museum) deur die Voortrekkers destyds nie as hulle eintlike Geloftekerk gebou is nie, maar dat hulle dit as tydelike geboutjie bedoel het wat later, wanneer die nodige fondse beskikbaar sou wees om die werklike Geloftekerk op te rig, in 'n pastorie

omskep moes word. Vanweë die Engelse anneksasie en die gevolglike vertrek van die meerderheid van die Voortrekkers uit Natal, het hierdie plan egter nooit werklikheid geword nie en is die eintlike Geloftekerk ook nooit gebou nie. Die Kerkraad het gepoog om 'n sekere stuk grond in Pietermaritzburg, Langmarkstraat 33, wat die Volksraad oorspronklik vir die ware Geloftekerk opsy gesit het, terug te kry ten einde die gebou dan daarop te bou. Hierdie standpunt het ds. Pistorius en dr. Du Plessis met aanvoering van historiese getuienisse gesteun.

Hierdie mening is egter deur verskeie persone bestry wat verklaar het dat die Gelofte reeds na behore nagekom is; dat die huidige Voortrekkermuseum in werklikheid geen tydelike kerkgebou was nie; dat die Voortrekkers dit wel as hulle Geloftekerk beskou het en dat dit ook vandag nog so beskou moet word.

Prof. Thom het tot die volgende gevolgtrekking gekom: "Alles in aanmerking geneem, moet ons dus tot die gevolgtrekking kom dat die ou kerkie, die huidige Voortrekkermuseum, die ware Geloftekerk van die Voortrekkers was; dat hulle dit so beskou het en dat ons dit vandag ook nog in die lig moet sien."

Prof. Engelbrecht het sy verslag met hierdie woorde afgesluit: "My vaste oortuiging is dat die Voortrekkers die Gelofte uitgevoer het en die Geloftekerk gebou het, sodat daar dus geen blaam of klad op hul nagedagtenis rus nie."

Erf nommer 33 is deur die Voortrekker-Volksraad vir die Kerkraad opsy gesit om later daar 'n kerkgebou op te rig. Deur ongelukkige versuim is dit egter nooit op naam van die Kerkraad getransporteer nie, en toe dit by die Briste besetting van 1842, volgens vereiste, nie 'n voorafgaande jaar bewoon was nie, is dit verbeurd verklaar.

Ek vra u vandag, liewe Volksgenoot: as die Huis van die Gelofte wel die Geloftekerkie in Pietermaritzburg is, hoe verklaar ons die volgende notules van die Volksraad van Natal? (soos gepubliseer in "Voortrekker Wetgewing": Notule van die Natalse Volksraad 1839-1845, J.L. Van Schaik Bpk., Pretoria, 1924)

29 September 1840: " - Door de Commissaarissen gevraagd aan den Raad om van het kerke fonds onder hunne toeversigt in leen te hebben om de begonne pastorie er mede te voltooijen, dat voor het eerst tot een Godsdienstig gestig zal gebruikt worden het welk door den Raad is toegestaan; de Commissarissen die gevraagd hebben zyn de heeren A.W.J Pretorius, J.J. Burger, H.P.N. Pretorius en Sarel A. de Cilliers."....

7 Januarie 1842: "Besloten dat het huis alwaar tans de publieke godsdienst ingehouden word met het erf No. 34, Lange Mark Straat, alhier in eigendom is afgestaan aan de Kerk en is verder besloten dat intekenings gelde dat reeds is ingekomen tot opbouwing van een nieuwe kerk, zal in handen gesteld worden van den Kerkeraad oor de commissarissen als by vorige gelegendheid daar toe door den Raad aangesteld tot verdere voltooiing van dat gebouw alsmede de lysten van intekeningen om verder uitstaande gelden te kunnen invorderen, tot gebruik aan dat gebouw, waar onder het gebouw en erf zal verbonden blijven wanneer dat geld in vervolg mag worden opgeischt."

8 Januarie 1842: "Gelezen een rekwest, gedateer 23 Decembr. 1.1. ondertekend door W.J. Pretorius en nog 71 andere burgers, versoekende om de daar in aangehaalde reden, dat geen publiek grond

aan dit dorp toebehorende, zo verre als de dorpslynen weivelden etc. zich uitstrekken, meer zal worden vergund aan eenig persoon, nog verkogt verhuurd of op enige andere wijze over gedisponeerd, maar zal worden geschonken en afgestaan in een erfgrondbrief, als het wettig eigendom van de landeigenaren binnen gemelde grond woonagtig of land bezittende, en zulks voor hun gezamentlyk gebruik en voor algemeen en publieke einde.
Is besloten het gem. Versoek toetestaan, met uitzondering van de Gouvernements erven No.17 en in Pieter Mauritzstraat, benevens alle de andere in de reeds geformeerde plan van dit dorp afgemerkte erven, straten, waarover het Gouvernement exclusievelyk zal mogen disponeren eksept die erven tans het plein uitmakende, zynde van No.26 tot 35 Lange Markstraat, die mede zullen begrepen zyn in de gemelde erfgrondbrief; en verder onder voorwaarde, dat wanneer eenig gedeelte van dat vergund grond tot publieke einde zal benodigd zyn, of wanneer het gemeen belang zal vorderen dat eenig gedeelte daar van zal worden verkogt verhuurd vergund of op eenig andere wijze gedisponeerd zulks zal moeten geschieden met toestemming van twee derde deel der landeigenaren als voormeld in eene publieke byeenkomst door hun te worden gehouden.

Gevolgtrekking:

Eerstens: Die geboutjie wat later as die "Geloftekerk" bekend geraak het, was deur die Natalse Volksraad self 'n "begonne pastorie" genoem en 'n plek wat "vireers tot 'n Godsdienstige gestig" gebruik sou word.

(Dat daar hoegenaamd so 'n plek sou moes wees - Gelofte of nie - is duidelik: die mense sou iewers tog kerk-byeenkomste moes bywoon).

Tweedens: Nêrens verwys die Natalse Volksraad na daardie gebou of enige ander beplande een as die Huis van die Gelofte nie.

Derdens: Terwyl sommige navorsers, soos aangehaal hierbo, wel toegee dat die "Geloftekerk" nie die beloofde Huis is nie maar dat laasgenoemde kwansuis later op Erf 33, Lange Markstraat opgerig sou word, is dit duidelik dat Erf 33 (as deel van Erf 26-35) nooit deur die Volksraad van Natal beplan was as die plek waar 'n uiteindelike Geloftekerk tot stand sou kom nie want op 8 Januarie 1842, 4 jaar na die Gelofte, verklaar die Volksraad dit tot deel van grond wat bloot vir algemene publieke doeleindes opsy gesit word.

Daarbenewens: Andries Pretorius is 16 jaar na Bloedrivier eers oorlede en Celliers nog later; en nêrens verwys enigeen van hulle na die "Geloftekerkie" in Pietermaritzburg as die Huis van die Gelofte nie.

Ek vra weer: Waar is die Huis wat ons as tweede verpligting - naas die hou van 'n feesdag - per kontrak aan die God van Hemel en Aarde getender het? Was die deelnemers aan die Slag werklik so skokkend troueloos deur uiteindelik nooit daarby uit te gekom het om 'n fisiese "huis" te bou nie – of was die bedoeling dalk nooit om 'n fisiese gebou te bou nie maar dat ons 'n volkshuishouding vir God sou wees? Handelinge 7: "Maar die Allerhoogste woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie, soos die profeet sê: Die Hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Watter soort huis sal julle vir my bou, sê die Here, of hoedanig die plek van my rus?"

Die bakstene van die Huis van die Verbond van Bloedrivier moet in ons harte wees, en die vertrekke van daardie Huis moet ons gesinne wees - sodat ons volk die gebou kan wees. Sodat nie net onsself nie maar ook ons volk gebou is op die fondament van die apostels en profete, terwyl ons Messias self die Hoeksteen van ons volkswese is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie ons saam opgebou word tot 'n woning van God in die Heilige Gees. In só 'n

Huis, sal Hy by ons woning maak. Sement, steen en sand wat uit die grond uit kom is stom en dit kan ons tweede Verbondsverpligting teenoor die God van Bloedrivier nooit in der ewigheid nakom nie.

Daarom: laat ons Verbondshuis gebou word uit vertrekke wat deur ons gesinne gevorm word in die huise waarna ons vandag gaan terugkeer as ons hiervandaan weggaan. Die huise waarin u die vaders en moeders of kinders is.

Hoe is dit in DAARDIE huise gesteld? Pa – is jy nog die leraar, priester en koning in jou huis, en poog jy elke dag om daardie ampte en verantwoordelikhede waardig te wees – of gaan dit in die eerste plek vir jou eerder oor die welvaart en genietinge en die gemaksug (of die kwellinge) van die wêreld? Ma – is jy in alles nog jou man se trots en sieraad maar ook die hulp wat pas by die hoof van jou huis, soos jy veronderstel is om geskape te wees – of is jy te vas gewikkel in 'n magspel met jou man om te kyk hoe ver jy hom kan manipuleer deur te doen en te laat staan wat jou pas? Kinders – is julle ouers se woord nog wet in die huis – of kyk julle hoe ver julle die grenslyne kan skuif om te kan doen wat ander kinders doen sodat julle saam met hulle kan wegsink in die afval van die wêreld? As dit so is – weet dat julle onder andere, ook nooit die Verbond van Bloedrivier kan nakom nie, die Huis van die Verbond nie bou nie – en as volk kontrakbreuk pleeg teenoor die Almagtige. Sal Hy ons in so 'n toestand herstel uit die klaagliedere wat ons sing?

Laat die wat nog nie begin het nie, vandag nog begin om ons huise in orde te kry. En dan mag ons die vrymoedigheid hê om by die God van Bloedrivier uitkoms te soek vir die feit dat ons vryheid daarmee heen is. Nie in die eerste plek oor misdaad of die landadministrasie wat aan flarde is nie – ja dit ook. Nie in die eerste plek oor sportkwota's nie. Nie in die eerste plek oor ons geldelike armoede of werkgeleentheidberowing nie. MAAR VERAL OMDAT ONS IN 'N LAND MOET WOON WAARIN ONS GOD SE NAAM GELASTER WORD EN SY GEBOD SO GRUWELIK VERBREEK WORD.

Of wie is die "Nkosi" in Nkosi sikelel' Afrika? Gaan vra die ANC of dit die God van Bloedrivier is. Die ANC met sy wette wat moord op ongebore babas toelaat en dobbelary en Sabbatsonheiliging en hoerery en 'n duisternis ander Goddeloosheid. Die god van die sogenaamde "demokratiese Suid-Afrika" is alles behalwe die God van Bloedrivier. Hulle (af)god is die "nuwe" wêreldorde, en daardie "orde" staan vir alles wat wanordelik is – gemeet aan die Wette van die enigste God. In daardie "Orde" van die huidige Suid-Afrika en die res van die wêreld, word dit wat God saamgevoeg het geskei - en alles wat Hy geskei het word vermeng.

Is ons as Verbondsvolk nie veronderstel om onsself aan daardie "orde" van die nuwe (af)god te probeer ontworstel, om ons God te kan dien in 'n land waarin Sy Wette weer die oppergesag is nie? Hoe lank sal ons, verlore seuns, tevrede bly met die varkpeule van die huidige Suid-Afrika sonder om na die Huis van ons Vader terug te keer – sodat ons weer 'n huis tot eer van Sy Naam kan wees? Mag ons aanhoudend op ons louere sit met die flou en gerieflike verskonings dat alles so sal bly omdat ons nie kan saamstaan nie en "die volk" nie verootmoedig het nie? Bestaan "die volk" nie uit u en ek nie? En moet u en ek ons nie daagliks verootmoedig vir alles waarin ons aanhoudend van God se maatstaf afwyk weens ons gevalle sondige natuur nie?

Laat ons die volgende doen om terug te keer na die Huis van ons Vader, om vir Hom die huis te wees wat ons op 16 Desember 1838 beloof het:

1.Laat ons elkeen op ons eie seker maak dat daar geen beletsels in ons indiwiduele lewens oorbly wat ons vrymoedigheid om Hom vir ons volk se uitkoms te vra, belemmer nie.

2.Laat ons onthou om Hom altyd meer gehoorsaam te wees as enige ander gesag.
3.Laat ons die lewenskrag wat Hy ons geskenk het volgens die gesonde verstand en die gewete GEBRUIK OM TE WERK tot herstel van ons vryheid in 'n eie staat waarin Sy Woord weer Wet is en ons Hom in vrede en voorspoed kan dien. Bloedrivier het nie uit die lug geval nie – Bloedrivier was die uiteinde van 'n reeks Volksraadsbesluite. Van oudsher af was die sentrale meganisme van ons besluitneming oor ons eie toekoms 'n Volksraad gewees wat demokraties en sonder politieke partye deur die volk verkies is. So 'n liggaam bestaan meer as 'n eeu reeds nie meer nie – en solank dit die geval is, sal ons noodwendig rondmaal soos 'n klomp skape sonder om te weet waarheen en onder die illusie dat ons nie kan saamwerk nie. Laat ons daarom die inisiatief wat reeds geloods is om so 'n Volksraad gekies te kry, so spoedig moontlik deurvoer. En laat ons eindelik die huis oprig wat ons belowe het. Ons mag nie verder versuim nie.

Ek dank u.